

'N VERGELYKING VAN DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE
INLIGTING OOR WERKNEMERS IN FINANSIËLE JAARVERSLAE MET DIE
WINSGEWENDHEID EN GROOTTE VAN MAATSKAPPYE

deur

SUSANNA MARIA DU PLOOY

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER COMMERCII

in die vak

REKENINGKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF J J SWANEVELDER

MEDESTUDIELEIER: PROF R HOWELL

NOVEMBER 2006

DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering aan almal wat 'n bydrae tot die afhandeling van hierdie studie gelewer het. In besonder die volgende:

- Aan my Skepper. Alle dank en eer.
- My studieleier, professor JJ Swanevelder vir sy leiding, ondersteuning en raad oor die afgelope jare.
- My medestudieleier, professor R Howell vir raad en leiding.
- Me H Muller van UNISA vir haar onbaatsugtige hulp met die statistiese verwerking van die data.
- Me I de Beer vir die taalversorging van die verhandeling.
- Professor D van der Schyff, Me G van Blommestein en personeel verbonde aan die Universiteit van Pretoria vir die hulp en ondersteuning met die ontleding van die finansiële jaarverslae van maatskappye.
- My ouers, Johann, Stephan en Marcéle vir hul ondersteuning, aanmoediging en geduld oor al die jare.
- My familie, vriende en kollegas vir hul ondersteuning, aanmoediging, raad en geduld oor die afgelope tyd.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
DANKBETUIGINGS	i
SAMEVATTING	xiii
SYNOPSIS	xiv
HOOFSTUK 1	
AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	
1.1 AGTERGROND	1
1.2 DOEL VAN DIE STUDIE	3
1.3 HIPOTESE	6
1.4 AFBAKENING VAN DIE STUDIE	6
1.5 NAVORSINGSONTWERP	7
HOOFSTUK 2	
HISTORIESE OORSIG VAN REKENINGKUNDE EN DIE TEORIE EN KONSEPTUELE RAAMWERK VAN REKENINGKUNDE MET BE- SONDERE VERWYSING NA DIE BEHOEFTE AAN INLIGTING OOR WERKNEMERS	
2.1 INLEIDING	9
2.2 HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN REKE- NINGKUNDE EN DIE ONDERLIGGENDE KONSEPTUELE RAAM- WERK	10
2.3 DIE INLIGTINGSBEHOEFTE VAN DIE GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE VERSLAE TEN OPSIGTE VAN DIE WERKNEMERS VAN 'N ONDERNEMING	19
2.3.1 Inleiding	19

	Bladsy
2.3.2	Die oningeligte gebruikers 20
2.3.3	Die noodsaaklikheid van die verskaffing van inligting oor die werknemers van 'n onderneming 21
2.3.4	Die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële jaar-verslae in die algemeen 22
2.3.5	Die doel van finansiële verslagdoening oor werknemers 27
2.3.5.1	Waardering vir die werknemer 27
2.3.5.2	Indiensnemingsbeleid 28
2.3.5.3	Gesondheid en veiligheid 32
2.3.5.4	Afleggings 32
2.3.5.5	Opleiding 33
2.3.5.6	Werknemertevredenheid 34
2.3.5.7	Aantal werknemers 34
2.3.5.8	Werknemer koste 35
2.3.5.9	Toegevoegde waarde 36
2.3.5.10	Behuising 37
2.3.5.11	Gemeenskapsinvestering 37
2.3.5.12	Die doel van finansiële verslagdoening oor werknemers – 'n samevatting 38
2.4	SAMEVATTING 38

HOOFTUK 3

DIE ONTWIKKELING VAN VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS

3.1	INLEIDING 40
3.2	DIE ONTWIKKELING VAN VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN ANDER LANDE 42
3.2.1	Verenigde State van Amerika (VSA) 43

	Bladsy
3.2.2	Verenigde Koninkryk (VK) 47
3.2.3	Europese lande 53
3.2.3.1	Duitsland 56
3.2.3.2	Frankryk 61
3.2.3.3	Swede 65
3.2.3.4	België 65
3.2.4	Ander lande 66
3.2.4.1	Australië 66
3.2.4.2	Nieu-Seeland 69
3.2.5	Opsomming 73
3.3	DIE ONTWIKKELING VAN VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN SUID-AFRIKA (SA) 73
3.3.1	Toegevoegde waardestaat 77
3.3.2	Missie en beleid 77
3.3.3	Bedrywighele 78
3.4	VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN FINANSIËLE JAARVERSLAE 79
3.5	SAMEVATTING 80

HOOFSTUK 4

DIE ONTWIKKELING VAN 'N INSTRUMENT VIR DIE METING VAN DIE KWANTITEIT EN KWALITEIT VAN DIE VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN FINANSIËLE JAARVERSLAE

4.1	INLEIDING 82
4.2	DIE ONTWIKKELING VAN 'N MEETINSTRUMENT DEUR VERSKEIE NAVORSERS 84
4.3	DIE METING VAN DIE KWANTITEIT VAN VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS 86

	Bladsy
4.3.1	Inleiding 86
4.3.1.1	Die keuse van die bronne van verslagdoening 86
4.3.1.2	Die gebruik van die vraelys 87
4.3.2	Die formaat en inhoud van die vraelys 88
4.3.3	Die kwantiteit van die inligting per vraag soos vervat in die vraelys 98
4.4	DIE METING VAN DIE KWALITEIT VAN DIE VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS 98
4.4.1	Inleiding 98
4.4.2	Die beoordelingskaal vir die meting van die kwaliteit van verslagdoening oor werknemers 99
4.4.2.1	Bewyse 100
4.4.2.2	Volledigheid 102
4.4.2.3	Nuuswaardigheid 102
4.4.2.4	Vergelykbaarheid 103
4.4.3	Beoordeling van die vrae in die vraelys volgens vlakke en afdelings 106
4.4.4	Beperkinge op die toekenning van gewigte 125
4.5	SAMEVATTING 126

HOOFSTUK 5

'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE KWANTITEIT EN KWALITEIT VAN DIE VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN FINANSIËLE JAARVERSLAE

5.1	INLEIDING 129
5.2	DIE VERANDERLIKES WAT IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK IS 131
5.3	FAKTORE WAT IN DIE ONDERSOEK OORWEEG IS 134
5.4	DIE AANWENDING VAN DIE VRAELYS AS BEKENDMAKINGS- INSTRUMENT OP DIE TOP 100 MAATSKAPPYE 136

	Bladsy
5.5 STATISTIESE TERMINOLOGIE	140
5.5.1 Rekeningkundige gemiddeld	141
5.5.2 Variansie en standaardafwyking	142
5.5.3 Die verbandmaatstawwe van korrelasie en meervoudige regressie, asook die begrip van betekenisvolheid wat hieraan gekoppel word	143
5.5.4 Verspreidingsdiagramme	143
5.5.5 Die metode van kleinste kwadrate	147
5.5.6 F-toetsstatistieke	147
5.5.7 Geskatte regressiekoëffisiente (t-toetsstatistieke)	148
5.5.8 Betekenisvolheid of beduidendheid	149
5.5.9 Die bepaaldheidskoëffisient (R^2)	149
5.6 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK OOR DIE JARE 2000 TOT 2003	150
5.6.1 Verspreidingsdiagramme	150
5.6.2 Korrelasies	156
5.6.3 Meervoudige liniêre regressie (“multiple linear regression”)	160
5.6.3.1 Meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as afhanklike veranderlike	160
5.6.3.2 Meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike	162
5.6.3.3 Verfyning van die meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike	166
5.7 OPSOMMING	170

HOOFSTUK 6

Bladsy

DIE ONTWIKKELING VAN DIE MEES TOEPASLIKE MEERVOUDIGE LINIÛRE REGRESSIEMODEL

6.1	INLEIDING	173
6.2	VERSLAGDOENING, DIE GROOTTE VAN MAATSKAPPYE EN WINSGEWENDHEID OOR JARE EN TOEPASLIKE GEMIDDELDES	174
6.3	DIE ONTWIKKELING VAN 'N MEERVOUDIGE LINIÛRE REGRESSIEMODEL	182
6.3.1	Verspreidingsdiagramme	182
6.3.2	Korrelasies	184
6.3.3	Meervoudige liniÛre regressie	186
6.3.3.1	Meervoudige liniÛre regressiemodel met verslagdoening as afhanklike veranderlike	186
6.3.3.2	Meervoudige liniÛre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike	188
6.3.3.3	Meervoudige liniÛre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike met 'n regressie deur die oorsprong en interaksie in berekening gebring	190
6.3.3.4	Meervoudige liniÛre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike met regressie deur die oorsprong en geen interaksie term in berekening gebring nie	192
6.4	OPSOMMING	195

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	INLEIDING	198
7.2	SAMEVATTING	200
7.3	GEVOLGTREKKINGS	204
7.4	AANBEVELINGS	207

	BRONNELYS	208
	BYLAES	217

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

TABELLE

2.1	Die behoefte aan inligting van die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae	22
3.1	Gemeenskapsgerigte verslagdoening in finansiële jaarverslae	50
3.2	Die bekendmaking van inligting in finansiële jaarverslae en werknemersverslae	52
3.3	Inligting oor werknemers in finansiële jaarverslae van Duitse ondernemings	57
3.4	Inligting oor werknemers in finansiële jaarverslae van Franse maatskappye	62
3.5	Onderwerpe gedek in verslagdoening oor werknemers deur Franse maatskappye	63
3.6	Die soort inligting wat bekend gemaak is	67
3.7	Die plek waar inligting bekend gemaak is	68
3.8	Die aantal bladsye wat aan gemeenskapsgerigte verslagdoening en verslagdoening oor werknemers geskenk is	68
3.9	Die bekendmaking van inligting oor verskillende onderwerpe rakende die werknemers van maatskappye in Nieu-Seeland	70
3.10	Bekendmaking van inligting oor werknemers in Europese lande	72

	Bladsy
3.11 Die kwantitatiewe inligting wat openbaar gemaak word	79
4.1 Die inhoud van die vraelys	89
4.2 Vlakke en afdelings	103
4.3 Beoordelingskaal vir die meting van die kwaliteit van verslagdoening oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye	104
4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings	107
5.1 Die bekendmaking van verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was	136
5.2 Die betekenis van afkortings gebruik	156
5.3 Opsommende statistiek en korrelasiematriks (Pearson korrelasies)	158
5.3.1 Die veranderlikes	158
5.3.2 Opsommende statistiese maatstawwe	158
5.3.3 Pearson Korrelasiekoëffisiente	159
5.4 Meervoudige liniêre regressie – afhanklike veranderlike: verslagdoening	161
5.4.1 Opsomming	161
5.4.2 R-kwadraat (R^2)	161
5.4.3 Tipe 111 Somme van kwadrate	161
5.4.4 Parameterskatting van die regressievergelyking	162
5.5 Meervoudige liniêre regressie – afhanklike veranderlike: winsgewendheid	164
5.5.1 Opsomming	164
5.5.2 R-kwadraat (R^2)	164
5.5.3 Tipe 111 Somme van kwadrate	165
5.5.4 Parameterskatting van die regressievergelyking	165
5.6 Meervoudige liniêre regressie – verklarende veranderlike: winsgewendheid	167
5.6.1 Opsomming	167
5.6.2 R-kwadraat (R^2)	167

	Bladsy	
5.6.3	Tipe 111 Somme van kwadrate	167
5.6.4	Parameterskatting van die regressievergelyking	167
5.7	Meervoudige liniêre regressie – verklarende veranderlike: wingsgewendheid	169
5.7.1	Opsomming	169
5.7.2	R-kwadraat (R^2)	169
5.7.3	Tipe 111 Somme van kwadrate	169
5.7.4	Parameterskatting van die regressievergelyking	169
6.1	Die betekenis van afkortings gebruik	175
6.2	Gemiddeldes en roudata vir wins en grootte van maatskappye vir die jare 2000 tot 2003	176
6.3	Gemiddeldes en roudata vir verslagdoeningsindeks vir die jare 2000 tot 2003	179
6.4	Opsommende statistieke en korrelasiematriks (Pearson korrelasies)	184
6.4.1	Die veranderlikes	184
6.4.2	Opsommende statistiese maatstawwe	185
6.4.3	Pearson Korrelasiekoëffisiente	185
6.5	Meervoudige liniêre regressie – afhanklike veranderlike: verslag- doening	187
6.5.1	Opsomming	187
6.5.2	R-kwadraat (R^2)	187
6.5.3	Tipe 111 Somme van kwadrate	187
6.5.4	Parameterskatting van die regressievergelyking	187
6.6	Meervoudige liniêre regressie – afhanklike veranderlike: winsgemid- delde	189
6.6.1	Opsomming	189
6.6.2	R-kwadraat (R^2)	189
6.6.3	Tipe 111 Somme van kwadrate	189
6.6.4	Parameterskatting van die regressievergelyking	189

	Bladsy	
6.7	Meervoudige liniêre regressie – verklarende veranderlike: winsgemiddelde	191
6.7.1	Opsomming	191
6.7.2	R-kwadraat (R^2)	191
6.7.3	Tipe 111 Somme van kwadrate	191
6.7.4	Parameterskatting van die regressievergelyking	191
6.8	Meervoudige liniêre regressie – verklarende veranderlike: winsgemiddelde	193
6.8.1	Opsomming	193
6.8.2	R-kwadraat (R^2)	193
6.8.3	Tipe 111 Somme van kwadrate	193
6.8.4	Parameterskatting van die regressievergelyking	194
6.9	Normaliteit van residue – twee uitskieters	195

FIGURE

5.1	Tweeveranderlike (tweedimensionele) diagram	144
5.2	Drieveranderlike (driedimensionele) diagram	145
5.3	Positiewe, negatiewe of geen verbande	146
5.4	Diagramme vir die jare 2000 tot 2003	152
5.4.1	Diagramme vir die jaar 2000	152
5.4.2	Diagramme vir die jaar 2001	153
5.4.3	Diagramme vir die jaar 2002	154
5.4.4	Diagramme vir die jaar 2003	155
6.1	Verspreidingsdiagramme van gemiddelde wins, - grootte van maatskappy en - verslagdoeningsindeks	183

BYLAES

A	'n Vergelyking van die grootte van die maatskappye en winsgewendheid vir die jare 2000 tot 2003	217
B	Normaliteit van residue – hoofstuk 5	223
C	Normaliteit van residue – hoofstuk 6	233

SAMEVATTING

'N VERGELYKING VAN DIE KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE INLIGTING OOR WERKNEMERS IN FINANSIËLE JAARVERSLAE MET DIE WINSGEWENDHEID EN GROOTTE VAN MAATSKAPPYE

deur

Susanna Maria du Plooy

Studieleier: Prof J J Swanevelder
Medestudieleier: Prof R Howell
Departement: Rekeningkunde
Graad: M Com

Die doel van die studie is om die kwantiteit en kwaliteit van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye met die winsgewendheid en grootte van die top 100 maatskappye oor vier jaar te vergelyk. Die navorsing word tot die verskaffing van kwalitatiewe inligting oor werknemers in finansiële jaarverslae van maatskappye beperk.

'n Literatuurstudie word gevolg deur 'n empiriese ondersoek waarin die verslagdoening oor werknemers met die winsgewendheid en die grootte van die maatskappye vergelyk word. Die resultate dui op die volgende:

- die kwantiteit en kwaliteit van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye toon nie noodwendig 'n toename nie;
- daar bestaan 'n beduidende verband tussen die grootte en winsgewendheid van maatskappye;
- die rol van verslagdoening oor werknemers van maatskappye is beduidend ten opsigte van die winsgewendheid van maatskappye; en
- sommige maatskappye is uniek met betrekking tot die kwantiteit en kwaliteit van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye.

Sleutelwoorde: werknemerverslagdoening; gemeenskapsgerigte verantwoordelike rekeningkunde; menslike hulpbron rekeningkunde; kwantiteit van rekeningkundige inligting; kwaliteit van rekeningkundige inligting; korrelasies; meervoudige liniêre regressie; winsgewendheid; JSE Sekuriteitebeurs (SA).

SYNOPSIS

A COMPARISON OF THE QUANTITATIVE AND QUALITATIVE INFORMATION ON EMPLOYEES IN THE ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS WITH THE PROFITABILITY AND SIZE OF COMPANIES

by

Susanna Maria du Plooy

Study leader: Prof J J Swanevelder
Joint study leader: Prof R Howell
Departement: Accounting
Degree: M Com

The purpose of the research is to compare the quantity and quality of reporting on the employees of companies with the profitability and size of the top 100 companies over a four year period. The research is limited to the availability of quality information on employees in the financial statements of companies.

A literature study is followed by an empirical inquiry into a comparison of the reporting on employees with the profitability and size of companies. The results reflect the following:

- the quantity and quality of reporting on the employees of companies does not inevitably show an increase;
- a significant relationship exist between the size and profitability of companies;
- the role of reporting on the employees of companies is significant with regards to profit determination; and
- some of the companies performed uniquely with regards to the quantity and quality of reporting on the employees of companies.

Key words: employee reporting; community driven reporting; community responsibility accounting; human resource accounting; quantity of accounting information; quality of accounting information; correlations; multiple linear regression; profitability; JSE Securities Exchange (SA).

HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

1.1 AGTERGROND

Finansiële verslagdoening en die gemeenskapsgerigte verantwoording oor die werknemers van 'n maatskappy geniet al hoe meer aandag. Dit word deur die volgende standpunt van Cahan en Malone (1995:23) beklemtoon:

Today the corporation is viewed not only as a profit-generating organism that answers solely to its shareholders but is increasingly seen as a member of the larger society with non-financial and non-traditional responsibilities to that society. For example, the corporations employment, philanthropic, environmental and political activities are some of the areas which are now receiving public attention. Responses can include hiring more women or minorities, giving to charities and providing child care.

Die gemeenskap vereis meer van die maatskappy as winsmaksimering en daar word groter klem op die gemeenskapsgerigte verantwoording van die maatskappy gelê. In Erasmus (1998:3) wys Guindon daarop dat die gemeenskap met behulp van drukgroepe, boikotte en ander werkbare metodes hul eie belange beskerm en daardeur 'n direkte en indirekte invloed op die bedrywighede van die maatskappy uitoefen. Die gemeenskap poog veral om die bestuur van 'n maatskappy te beïnvloed om op 'n gemeenskapsgerigte verantwoordelike wyse op te tree. Geen maatskappy kan dus onverskillig teenoor die werknemers daarvan staan nie en die uitbuiting van werknemers kan uiteindelik tot die ondergang van 'n maatskappy lei. Volgens Cahan en Malone (1995:23-25) het die etiese waardes van die bestuur van 'n maatskappy 'n invloed op die bekendmaking, al dan nie, van finansiële en ander inligting oor die werknemers van die maatskappy. Omrede die houding van die gemeenskap teenoor

maatskappye en die verwagtinge van maatskappye met verloop van tyd verander het, word maatskappye gedwing om gemeenskapsgerig verantwoordelik op te tree en oor hul bedrywighede verslag te doen.

Die bestuur van gemeenskapsgerigte verantwoordelike maatskappye het oor die afgelope aantal dekades tot die besef gekom dat die bekendmaking van slegs finansiële inligting nie voldoende is nie, maar dat die gemeenskapsgerigte gevolge van besluite wat geneem en deurgevoer is, ook in ag geneem moet word (Erasmus 1998:18). Volgens Roberts (1990:11) word daar toenemend van maatskappye verwag om hul gemeenskapsgerigte verpligtinge teenoor alle belangegroepes na te kom en nie net om die belange van hul aandeelhouders te beskerm en te bevorder nie. Roberts (1990:11) meen verder dat die politieke en ekonomiese klimaat in 'n land van so aard kan wees dat die gemeenskap groter bekendmaking met betrekking tot die bedrywighede van die maatskappy in finansiële terme sowel as die gemeenskapsgerigte bedrywighede wat deur die maatskappy bedryf word, vereis. Hierdie inligting wat die maatskappy bekendmaak, kan wissel van suiwer kwantitatiewe tot suiwer kwalitatiewe inligting. Kwalitatiewe inligting kan onder andere die koste verbonde aan werknemers en werknemerverwante bedrywighede soos opleiding, gesondheid, veiligheidsmaatreëls en werknemersbeleid insluit.

Inligting rakende die onderskeie bedrywighede van 'n maatskappy kan op verskeie wyses in onder andere finansiële jaarverslae, persverslae, werknemersverslae en interne dokumente bekend gemaak word. Vir doeleindes van hierdie studie word klem op die bekendmaking van inligting in die finansiële jaarverslae van maatskappye gelê. Volgens Estes (1996:4-6) word finansiële jaarverslae gewoonlik opgestel om in die inligtingsbehoefte van die aandeelhouders te voorsien, terwyl die inligtingsbehoefte van ander belangegroepes dikwels verontagsaam word. Ander belangegroepes in die maatskappy, onder andere die werknemers, langtermynskuldeisers, krediteure, kliënte, owerheid en die gemeenskap, ondervind 'n behoefte aan bepaalde inligting ten einde hul belang in die maatskappy te beoordeel. Volgens Cooper en Essex (1977:202) moet die verskaffing van finansiële inligting tot doeltreffende besluitneming deur al die

belangegroep in die maatskappy lei. Dit kan die besluitnemers in staat stel om in hul omgewing te oorleef en vooruit te gaan. Cooper en Essex (1977:202) meen verder dat die inligting wat aan die gebruikers van finansiële jaarverslae beskikbaar gestel word, toepaslik vir besluitneming moet wees en sodoende die bedrywighede en handeling van hierdie gebruikers positief beïnvloed. Onverstaanbare, ontoepaslike of verouderde inligting is onbruikbaar vir besluitneming en dit is daarom belangrik dat die behoefte aan finansiële en ander inligting oor die maatskappy vir die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae in aanmerking geneem word.

Vir doeleindes van hierdie studie word die behoefte aan finansiële inligting oor die werknemers van die maatskappy in oënskou geneem. Die behoefte aan finansiële inligting oor die werknemers van die maatskappy word nie net tot bekendmaking aan die werknemers beperk nie, maar dek die wye verskeidenheid van gebruikers van finansiële jaarverslae van maatskappye. In die bespreking in hoofstuk 2 word die inligtingsbehoefte van die verskillende gebruikersgroepe oor die werknemers van die maatskappy volledig toegelig.

1.2 DOEL VAN DIE STUDIE

Navorsing wat tot dusver in Suid-Afrika gedoen is oor verslagdoening oor die werknemers van maatskappye kan in twee dele verdeel word. Die een deel van navorsing deur onder andere navorsers soos Stainbank (2000), Terhoven (1986) en Beukes (1989) handel hoofsaaklik oor verslagdoening deur maatskappye *aan die werknemers* van maatskappye. Die tweede deel van die navorsing deur onder andere Booysen (1993), Konar (1989), Bogiages *et al* (1993), Van Staden (1998) en Erasmus (1998) handel oor verslagdoening *oor die werknemers* van maatskappye aan al die gebruikers van finansiële jaarverslae.

In die doktorale proefskrif van Erasmus (1998) wat handel oor “Werknemer-en omgewingsverantwoording deur Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappye”, word op bladsy 269 aanbeveel dat 'n studie van die vergelyking van die kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor die werknemers van maatskappye in finansiële jaarverslae met die winsgewendheid en grootte van maatskappye onderneem word. Dit het tot hierdie studie aanleiding gegee.

Die doel van die studie is om:

- 1.2.1 die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, te ondersoek. Die doel is om met behulp van 'n vraelys die inhoud van die finansiële jaarverslae ten opsigte van verslagdoening van die top 100 maatskappye vir elk van die vier jaar te ontleed. Hierdie ontleding word dan aan die hand van 'n beoordelingskaal wat deur Erasmus (1998) ontwikkel is, beoordeel; en
- 1.2.2 te bepaal of daar 'n verband tussen verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, die grootte van maatskappye en die winsgewendheid van die betrokke maatskappye bestaan. Die doel is om vas te stel of daardie maatskappye waarvan die kwantiteit en kwaliteit van die inligting oor die werknemers die beste is, terselfdertyd die mees winsgewende maatskappye is.

Die doelstelling soos in paragraaf 1.2.1 uiteengesit, behels die beoordeling van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die finansiële jaarverslae van maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was. Hierdie doelstelling word in die volgende doelwitte onderverdeel:

- die bepaling van die kwantiteit van verslagdoening met betrekking tot die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was ten einde vas te stel of daar 'n toename in die kwantiteit van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye is. Dit word gedoen aan die hand van die inligting wat uit navorsing wat jaarliks deur die departement Finansiële Rekeningkunde aan die Universiteit van Pretoria oor die kwantiteit van verslagdoening oor werknemers in finansiële jaarverslae van genoteerde maatskappye verkry word; en
- die bepaling van die kwaliteit van verslagdoening met betrekking tot die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was ten einde vas te stel of daar 'n verbetering in die kwaliteit van verslagdoening oor werknemers is. Die model wat in die doktrale proefskrif van Erasmus (1998) ontwerp is, word hiervoor gebruik.

Die doelstelling soos in paragraaf 1.2.2 uiteengesit, behels 'n ondersoek na die verband tussen verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, die grootte van maatskappye en die winsgewendheid van maatskappye en word in die volgende doelwitte onderverdeel:

- om die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die grootte van die maatskappye gemeet aan die batewaarde daarvan vir die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, met die winsgewendheid van hierdie maatskappye te vergelyk;

- om die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die grootte van die maatskappye gemeet aan die batewaarde daarvan vir die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, met die uitsluiting van die jaareffek, met die winsgewendheid van hierdie maatskappye te vergelyk; en
- om daardie maatskappye wat uniek gereageer het met betrekking tot die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, uit te ken. Dit word gedoen ten einde vas te stel of daar 'n verband tussen die winsgewendheid van die bepaalde maatskappy, die grootte van maatskappye en die bekendmaking van inligting oor die werknemers van dieselfde maatskappy bestaan.

1.3 HIPOTESE

Daar bestaan 'n verband tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor werknemers in die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer is en die winsgewendheid en grootte van daardie maatskappye.

1.4 AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Vir doeleindes van hierdie studie word daar hoofsaaklik op die verskaffing van kwantitatiewe en kwalitatiewe finansiële inligting rakende die werknemers van maatskappye gelet.

Die empiriese ondersoek word tot die inligting vervat in die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was, beperk.

1.5 NAVORSINGSONTWERP

'n Literatuurstudie word opgevolg met empiriese werk deur die vraelys wat deur die Universiteit van Pretoria ontwerp is, op die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, toe te pas. Hierdie resultate word gebruik om die model wat deur Erasmus in 1998 ontwerp is, op die roodata toe te pas ten einde 'n totale verslagdoeningsindeks te verkry wat met die winsgewendheid van die top 100 maatskappye vergelyk kan word.

Die volgende stappe word gevolg:

Stap 1: hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie oor die historiese ontwikkeling van rekeningkunde en die teorie en konseptuele raamwerk van rekeningkundige inligting. Dit behels eerstens 'n historiese oorsig van die ontwikkeling van rekeningkunde en die onderliggende konseptuele raamwerk. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die noodsaaklikheid en doel van die verskaffing van inligting oor werknemers, waarna die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële jaarverslae in oënskou geneem word. Die doel van finansiële verslagdoening oor die werknemers van maatskappye word daarna onder die soeklig geplaas;

Stap 2: hoofstuk 3 is 'n literatuurstudie oor die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers in die buiteland en in Suid-Afrika. Dit behels 'n bespreking van die ontwikkeling van verslagdoening in die buiteland en in Suid-Afrika. Die hoofstuk word afgesluit met 'n kort bespreking van verslagdoening oor werknemers in finansiële jaarverslae;

Stap 3: hoofstuk 4 is 'n literatuurstudie oor die ontwikkeling van 'n meetinstrument van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor werknemers in finansiële jaarverslae. Daar word eerstens aandag gegee aan die ontwikkeling van 'n meetinstrument, waarna 'n kort bespreking van die meting van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor werknemers volg;

Stap 4: hoofstuk 5 is 'n empiriese ondersoek van die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor werknemers in die finansiële jaarverslae. In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die veranderlikes wat gebruik is en die faktore wat in die ondersoek oorweeg is, die toepassing van die meetinstrument ten einde 'n verslagdoeningsindeks te bepaal en statistiese terminologie. Die empiriese ondersoek oor die jare 2000 tot 2003 word in besonderhede in die hoofstuk bespreek;

Stap 5: in hoofstuk 6 word die mees toepaslike model van meervoudige liniêre regressie rakende die verband tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die winsgewendheid en grootte van die top100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was, ontwikkel; en

Stap 6: 'n samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings word in hoofstuk 7 weergegee.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG VAN REKENINGKUNDE EN DIE TEORIE EN KONSEPTUELE RAAMWERK VAN REKENINGKUNDE MET BESONDERE VERWYSING NA DIE BEHOEFTE AAN INLIGTING OOR WERKNEMERS

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n kort oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van rekeningkunde gegee. Eerstens word die historiese agtergrond van die ontstaan en ontwikkeling van rekeningkunde in die algemeen gegee, gevolg deur 'n bespreking van die ontwikkeling van 'n rekeningkundige teorie en die konseptuele raamwerk onderliggend aan rekeningkunde. Alhoewel hierdie slegs 'n kort oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van rekeningkunde is, is dit belangrik om te let op die gebruike wat oor die afgelope eeue gevolg is om inligting van kwaliteit in die finansiële jaarverslae van ondernemings bekend te maak. Hierdie kwalitatiewe vereistes wat aan die bekendmaking van inligting in die finansiële jaarverslae gestel word, word met verwysing na die onderliggende raamwerk in besonder, bespreek.

Tweedens word daar in hierdie bespreking veral klem gelê op die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae en hul behoefte aan inligting in die algemeen. Vervolgens word hul behoefte aan inligting oor die werknemers van die onderneming uitgelig. Die doel van finansiële verslagdoening is om inligting aan die gebruikers bekend te maak wat hulle in staat stel om sinvolle besluite te kan neem. Hierdie navorsing handel oor die bekendmaking van kwalitatiewe inligting, in die besonder inligting oor die werknemers van die onderneming, in die finansiële jaarverslae daarvan. Die doel van finansiële verslagdoening oor die werknemers van 'n onderneming word in groter besonderhede bespreek met verwysing na, onder andere, waardering vir die werknemer, indiensnemingsbeleid, gesondheid en veiligheid, afliggings, opleiding, werknemertevredenheid, aantal werknemers, werknemerkoste, toegevoegde waarde, behuising en gemeenskapsinvestering.

Roberts (1990:1-3) het in 'n studie oor die internasionale neigings van verslagdoening oor die gemeenskapsgerigte aangeleentheid en werknemers van 'n onderneming daarop gewys dat baie ondernemings meer as slegs finansiële inligting in hul finansiële jaarverslae openbaar. Hierdie bykomende inligting sluit, onder andere, die werknemers van die onderneming in en veral inligting rakende opleiding, gesondheid, veiligheid en vakbondverhoudinge geniet aandag.

In hierdie hoofstuk word daar aandag geskenk aan die behoefte aan inligting oor die werknemers van die onderneming wat in hoofstuk 3 gaan lei tot 'n bespreking oor hoe hierdie behoefte aan inligting oor werknemers bevredig kan word.

2.2 HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN REKENINGKUNDE EN DIE ONDERLIGGENDE KONSEPTUELE RAAMWERK

In hierdie afdeling word die ontwikkeling van rekeningkunde vanaf die antieke tye tot vandag, asook die daarstelling van 'n rekeningkundige teorie en die konseptuele raamwerk onderliggend aan rekeningkunde kortliks bespreek. Hierdie bespreking van die ontwikkeling van rekeningkunde oor die jare dra by tot 'n beter begrip van die behoefte aan, en noodsaaklikheid van, verslagdoening oor die werknemers van ondernemings in die finansiële jaarverslae van ondernemings.

Die bestaan van die verskillende vorme van boekhouding gedurende die Middeleeue is deur die ontwikkeling van die geskrewe woord, die ontwikkeling van Arabiese syfers, die desimale stelsel en 'n kennis van algebra, die bestaan van bekostigbare skryfmateriaal en die daarstelling van 'n standardeenheid van ruil moontlik gemaak. Rekeningkunde het veral gedurende die twaalfde en dertiende eeue evolusionêr in die handelsentra van Noord-Italië ontstaan. Dit was as gevolg van die behoefte aan die byhou van rekords van transaksies wat tussen partye gesluit is (Belkaoui, 1992:2; Most, 1993:14; Hendriksen & Van Breda, 1992:33).

Die bewys van ontvangste wat deur die Babiloniërs gebruik is, het onder meer inligting bevat oor die bedrag en vorm van geld of goedere wat ontvang is, die naam van die persoon wat die betaling gemaak het, die naam van die ontvanger van die geld en die datum waarop die transaksie plaasgevind het. Argeoloë het bevind dat daar in die vallei van Mesopotamië, die woning van 'n aantal vooruitstrewende gemeenskappe tussen 4500 v.C. en 500 v.C., bewyse gevind is van kleitekens vir die byhou van rekeningkundige rekords wat veral deur handelaars en grondeienaars vir verslagdoening gebruik is (Mathews & Perera, 1991:10; Hendriksen & Van Breda, 1992:38; Most, 1993:14).

Die ontwikkeling van rekeningkunde het op verskeie vlakke plaasgevind deur onder andere die regering, besighede en die Middeleeuse landgoed. Bo en behalwe die bankwese het sakebedrywighede hoofsaaklik om die kleinhandelaars en ambagsmanne gesentreer wat rekeningkundige rekords opsommenderwys bygehou het om in hulle beperkte behoeftes aan inligting te voorsien. Grootskaalse sakebedrywighede is deur die banke en kerke beoefen wat meer gevorderde rekeningkundige rekordhouding, gegrond op die beginsels wat later deel gevorm het van die dubbelinskrywingstelsel, gebruik het (Most, 1993:17).

Luca Pacioli het die eerste boek oor rekeningkunde: bekend as die *Summa de Arithmetica, Geometrica, Proportioni et Proportionalita* in 1494 gepubliseer en 'n hoofstuk in hierdie boek het dan ook bepaald oor die dubbelinskrywingstelsel bekend as *Particularis de Computis et Scripturis* gehandel. Luca Pacioli het nie die dubbelinskrywingmetode van boekhouding ontwerp nie, maar slegs 'n beskrywing van gebeure soos dit gedurende daardie tydperk in die praktyk plaasgevind het, gegee. Die hoofdoel van rekeningkunde, soos deur Luca Pacioli beskryf, was om alle moontlike inligting rakende die bates en laste van die onderneming aan die handelaar te voorsien. Alle inskrywings van die transaksies wat in die rekeningkundige rekords gemaak is, is deur middel van dubbelinskrywings wat selfverduidelikend van aard was, gemaak. Nie slegs is die naam van die koper of verkoper geboekstaaf nie, maar is daar ook 'n beskrywing van die goedere, die gewig en grootte daarvan, die prys daarvan en die voorwaardes van betaling gegee. Indien kontant ontvang is, is daar 'n aantekening van die soort geld-

eenheid wat gebruik is en die inruilbare waarde daarvan gemaak (Belkaoui, 1992:3).

Die dubbelinskrywingsmetode van boekhouding het na ander lande, onder andere, Duitsland, België, Holland, Engeland, Skotland, Portugal en Spanje versprei. Gedurende hierdie tyd was die doel van rekeningkunde dan ook om as hulpmiddel vir besluitneming deur die bestuur van die onderneming, eerder as 'n bron van inligting vir eksterne gebruikers, te dien (Most, 1993:22).

Die ontstaan van 'n groter vraag na goedere het tot meer ingewikkelde vervaardigingsprosesse gelei wat op hul beurt tot 'n groter vraag na fabriek en toerusting gelei het. Hierdie behoefte het meegebring dat meer beleggers, direk of indirek deur banke en ander finansiële instellings, beleggings in ondernemings gemaak het. Die toename in beleggings het 'n skeiding tussen die eienaarskap en die beheer van die onderneming teweeg gebring. Die behoefte aan korttermyninligting rakende die finansiële toestand en prestasie van die onderneming het noodsaaklik geword, veral vir besluitneming oor moontlike beleggings in die onderneming. Hierdie behoefte aan die daarstelling van finansiële state op 'n gereelde grondslag, ten einde die winsgewendheid en likiditeit van die onderneming te bepaal, het 'n diepgaande uitwerking op die ontwikkeling van rekeningkunde gehad. Die aandag het vanaf die balansstaat na die inkomstestaat verskuif en gelei tot die ontwikkeling van reëls vir die voorbereiding van die inkomstestaat, veral vir die berekening van waardevermindering, voorraadwaardasie, erkenning van inkomste en voorsiening vir toekomstige uitgawes. Ingewikkelde vervaardigingsprosesse en grootskaalse ondernemings het ook vereis dat 'n meer omvattende en stelselmatige ontleding van vervaardigingskoste nodig was, wat tot die skeiding tussen koste- en finansiële rekeningkunde bygedra het (Hendriksen & Van Breda, 1992:47; Mathews & Perera, 1991:15-17; Most, 1993:6).

Die hoofdoel vir die stigting van die Financial Accounting Standards Board (FASB) was die daarstelling en verbetering van beginsels en reëls in finansiële rekeningkunde wat as riglyn vir finansiële verslagdoening sou dien. Die daarstelling van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk in die Verenigde State van Amerika (VSA) was dan ook die gevolg van die volgehoue werk van die FASB in die ontwikkeling en verbetering van beginsels en reëls in rekeningkunde. Die einddoel was om verskille in die bekendmaking, meting en metode van aanbieding van inligting in finansiële jaarverslae uit te skakel of te beperk (Hendriksen & Van Breda, 1992:48-55).

Volgens Vorster, Koen, Koornhof, Oberholster en Koppeschaar (2003:1) bestaan daar 'n behoefte aan die daarstelling van een stel omvattende en inherent konsekwente reëls, gerugsteun deur 'n rekeningkundige teorie, na aanleiding waarvan die resultate van alle transaksies aan die belangegroepe bekend gemaak kan word en wat sover moontlik voorsiening vir nuwe ontwikkelinge in rekeningkunde maak.

Hendriksen (1991:1) het die belangrikheid van die bestaan van 'n rekeningkundige teorie beklemtoon en omskryf 'n rekeningkundige teorie as:

... logical reasoning in the form of a set of broad principles that (1) provide a general frame of reference by which accounting practice can be evaluated and (2) guide the development of new practices and procedures.

Rekeningkundige teorie is dus die instrument wat rekenmeesters gebruik om behoorlike reëls en werkswyses af te lei wat toegepas word om resultate te verkry van gebeure in die verlede, of om as grondslag vir die voorspelling van toekomstige gebeure te dien.

Kam (1990:45) is dan ook van mening dat die FASB erken dat 'n algemene rekeningkundige teorie kan lei tot konsekwente standarde wat die aard, funksie en beperkinge van finansiële rekeningkunde en finansiële jaarverslae voorskryf.

Mathews en Perera (1991:56) ondersteun hierdie standpunt van Kam wat die noodsaaklikheid van 'n rekeningkundige teorie omskryf as die grondslag ingevolge waarvan die rekenmeestersberoep sy optrede in bepaalde omstandighede rugsteun.

Met die daarstelling van 'n rekeningkundige teorie is daar verskeie benaderings gevolg. Hendriksen en Van Breda (1992:65) is van mening dat die formulering van 'n rekeningkundige teorie 'n eklektiese benadering, dit wil sê, 'n samestelling van benaderings eerder as een besondere benadering tot gevolg het. Die eklektiese benadering is hoofsaaklik die resultaat van verskeie pogings deur individue, professionele instellings en regeringsorganisasies om begrippe en beginsels in rekeningkunde daar te stel.

Vorster *et al* (2003:1) is van mening dat daar die afgelope dekades gepoog is om 'n enkele teoretiese raamwerk vir rekeningkunde te ontwikkel, maar om verskeie redes was nie een van hierdie metodes vir die rekenmeestersberoepslui aanvaarbaar nie. Hierdie gebrek aan 'n teoretiese raamwerk het volgens Vorster *et al* (2003:3-4) daartoe gelei dat die rekenmeestersberoepslui voortgegaan het om 'n stel reëls, waarvolgens rekeningkundige verantwoordings van bepaalde gevalle moet geskied, neer te lê. Hierdie reëls was bloot 'n beskrywing van die metodes wat algemeen in die rekeningkundige hantering van die betrokke omstandighede gebruik is en het nie 'n teoretiese raamwerk gevorm nie.

Vorster *et al* (2003:3-4) meen verder dat die standpunte, wat die grondslag van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk vorm, nie onderling konsekwent is nie maar slegs voorskrifte vir die rekeningkundige hantering van bepaalde gevalle of omstandighede daarstel. Rekeningkunde het hoofsaaklik pragmaties ontwikkel. Beroepslui moet standpunte oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk aanvaar en daarvolgens werk. Die formulering van standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk behels die ordening van reëls binne 'n bepaalde raamwerk wat as die konseptuele raamwerk bekend staan.

Die FASB omskryf in Mathews en Perera (1991:75) 'n konseptuele raamwerk as:

.. a coherent system of inter-related objectives and fundamentals that can lead to consistent standards and that prescribes the nature, function, and limits of financial accounting and financial statements.

Die konseptuele raamwerk dien dus as riglyn vir die daarstelling van standpunte, die oplossing van rekeningkundige probleme, die daarstelling van grense vir eie besluitneming en oordele en verbeter die begrip van, en vertrou in, finansiële verslagdoening. Die konseptuele raamwerk sit die begrippe wat onderliggend is aan die opstel en aanbieding van finansiële jaarverslae vir eksterne gebruikers uiteen en dra daartoe by dat die doel van rekeningkunde, naamlik kommunikasie tussen die onderneming en sy belanghebbendes bereik word (Mathews & Perera, 1991:94).

Vorster *et al* (2003:1,13) ondersteun hierdie standpunt van Mathews en Perera en meen dat daar na rekeningkunde verwys word as die taal van die besigheidswêreld en dat rekeningkunde eintlik 'n kommunikasieproses is. Die grammatika van rekeningkunde as taal, staan as Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk bekend wat die raamwerk vorm waarbinne inligting deur middel van finansiële jaarverslae aan die belanghebbende gebruikers verskaf word. Vorster *et al* (2003:9,13) meen verder dat die doel van finansiële verslagdoening is om inligting oor die finansiële stand, prestasie en die verandering in die finansiële stand van 'n onderneming weer te gee ten einde bruikbare inligting aan die gebruikers van finansiële jaarverslae vir doelmatige besluitneming beskikbaar te stel.

Lee (1982:123-137) en Wallman (1996:140) het dan ook reeds vroeër die mening uitgespreek dat finansiële verslagdoening waarin daar verslag oor die finansiële vooruitgang en finansiële stand van 'n onderneming gelewer word, hoofsaaklik op die beleggers en ander moontlike gebruikers van finansiële jaarverslae gerig is. Om hierdie rede sal slegs toepaslike en wesenlike inligting, soos vervat in die finansiële jaarverslae

van 'n onderneming, vir besluitneming deur die gebruikers van hierdie verslae bruikbaar wees. Dit is daarom belangrik dat die gebruikers van finansiële jaarverslae die werklikheid so foutloos moontlik ontvang en dat misleidende of verkeerde inligting rakende die onderneming nie aan hierdie gebruikers deurgegee word nie.

Die opstellers van finansiële jaarverslae moet aanvaar dat die gemeenskap beter verslagdoening in finansiële jaarverslae vereis. Dit plaas weer druk op die gebruikers van hierdie verslae om die inligting verstandig te gebruik. Die gebruikers van die finansiële jaarverslae van ondernemings sluit, volgens Vorster *et al* (2003:14) en Glautier en Underdown (1997:12–15), onder andere, die volgende in:

- beleggers, die verskaffers van risikokapitaal, wat inligting oor die risiko en opbrengs op hul belegging verlang;
- werknemers, wat inligting oor die stabiliteit en winsgewendheid van hul werkgever en toekomstige werksekerheid verlang;
- langtermynskuldeisers, wat inligting oor die onderneming se vermoë om die kapitaal en rente terug te betaal, verlang;
- krediteure, wat inligting om te oordeel of hul eise vergoed sal word, verlang;
- kliënte, wat inligting oor die voortbestaan van die onderneming verlang;
- die owerheid, wat inligting vir belastingdoeleindes verlang; en
- die gemeenskap, wat inligting oor verskeie aangeleenthede, onder andere die skepping van werksgeleenthede, verlang.

Die verskaffing van finansiële inligting aan die gebruikers van finansiële jaarverslae kan slegs geheel of gedeeltelik in die inligtingsbehoefte van hierdie gebruikers voorsien indien die bepaalde kwalitatiewe eienskappe van finansiële verslagdoening nagekom word (Hendriksen & Van Breda, 1992:131-145).

Die raamwerk vir die opstel en aanbieding van finansiële jaarverslae (Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeester (SAIGR), 2006:Raamwerk vir die Voorbereiding en Aanbieding van Finansiële State, par 24-42) stel dit dat die kwalitatiewe eienskappe daardie kenmerke is wat die inligting in finansiële jaarverslae vir die gebruikers bruikbaar maak. Die vier belangrikste eienskappe is verstaanbaarheid, toepaslikheid, betroubaarheid en vergelykbaarheid.

- *Verstaanbaarheid*: die inligting wat in die finansiële jaarverslae van ondernemings vervat is, is bruikbaar vir die gebruikers indien die inligting verstaanbaar is en dit die gebruikers in staat stel om sinvolle besluite te kan neem. Daar word aanvaar dat die gebruikers oor 'n redelike kennis van sowel sake- en ekonomiese bedrywighede as rekeningkunde beskik of gewillig is om dit te bestudeer ten einde die inligting in die finansiële jaarverslae te verstaan (SAIGR, 2006: Raamwerk, par 25).
- *Toepaslikheid*: volgens SAIGR (2006:Raamwerk, par 26-28) word die inligting as toepaslik beskou indien dit die ekonomiese besluite van die gebruikers beïnvloed deurdat dit hulle help om gebeure in die verlede, hede of toekoms te beoordeel, of om hul vorige beoordelings aan te pas of te bevestig. Die toepaslikheid van die inligting word deur die aard en wesenlikheid daarvan beïnvloed. Inligting word geag wesenlik te wees indien die weglating of verkeerde aanbieding daarvan die ekonomiese besluite van die gebruikers van finansiële jaarverslae kan beïnvloed.
- *Betroubaarheid*: inligting is betroubaar indien dit vry van wesenlike foute of onewewigtighede is en die gebruikers daarop kan staatmaak dat dit 'n getroue weergawe is van wat dit veronderstel is om weer te gee, of redelikerwys verwag word om weer te gee. Die betroubaarheid van die inligting hang onder andere van die getrouheid van die weergawe, wese bo vorm, onpartydigheid, omsigtigheid en volledigheid af (SAIGR, 2006:Raamwerk, par 31-38).

- *Vergelykbaarheid*: die gebruikers moet in staat wees om die finansiële jaarverslae van 'n onderneming met verloop van tyd met mekaar te kan vergelyk, asook met die finansiële jaarverslae van verskillende ondernemings, ten einde bepaalde neigings in die finansiële toestand en prestasie te kan vasstel (SAIGR, 2006:Raamwerk, par 39-42).

Alhoewel dit belangrik is dat die inligting vervat in finansiële jaarverslae aan die kwalitatiewe eienskappe soos hierbo beskryf moet voldoen, bestaan daar sekere beperkings op die toepaslikheid en betroubaarheid van finansiële inligting. By die voorbereiding van finansiële jaarverslae moet die gebruikers daarvan se behoeftes in ag geneem word. Die verskaffing van inligting aan die gebruikers van finansiële jaarverslae is aan sekere beperkings, naamlik tydigheid en ewewig tussen voordeel en koste onderworpe (Hendriksen & Van Breda, 1992:131-145).

Volgens Hendriksen en Van Breda (1992:131-145) kan besluitneming as gevolg van die daarstelling van meer inligting verbeter. Daar kan egter 'n punt bereik word waar die inligting te veel vir die gebruiker word om te ontleed. By hierdie punt van oormatige inligting begin besluitneming afneem omdat die inligting te veel is om te verwerk. Hulle huldig dan ook die mening dat individue verkies om beperkte inligting tot hul beskikking te hê wanneer besluite geneem moet word. Die beskikbaarstelling van te veel inligting aan die gebruikers noop die gebruikers om sommige van die inligting, onder voorwendsel dat dit ontoepaslik of onnodig is, in die besluitnemingsproses weg te laat.

Die beskikbaarstelling van tydige, kostevoordelige en genoegsame inligting is daarom vir doeltreffende besluitneming deur die gebruikers van finansiële jaarverslae belangrik. Uit bogaande is dit duidelik dat die gebruikers 'n behoefte aan meer as net finansiële inligting in die finansiële jaarverslae van ondernemings vereis.

Hierdie bykomende inligting wat die finansiële jaarverslae van ondernemings verstaanbaar, toepaslik, betroubaar en vergelykbaar maak, het oor die jare ontwikkel en word deur 'n onderliggende konseptuele raamwerk gerugsteun. Die vraag ontstaan egter wat die behoefte van die gebruikers van finansiële jaarverslae aan inligting oor die onderneming in die algemeen en oor die werknemers van die onderneming in die besonder, is.

2.3 DIE INLIGTINGSBEHOEFTE VAN DIE GEBRUIKERS VAN FINANSIËLE VERSLAE TEN OPSIGTE VAN DIE WERKNEMERS VAN 'N ONDERNEMING

2.3.1 Inleiding

Verslagdoening oor die werknemers van die onderneming aan die gebruikers van finansiële verslae, is noodsaaklik. Die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële jaarverslae in die algemeen en oor die werknemers van die onderneming in besonder, is eweneens belangrik. Hierdie behoefte aan inligting deur die gebruikers van finansiële jaarverslae het 'n direkte verband met die bekendmaking van inligting oor die werknemers van ondernemings en word in hierdie afdeling bespreek.

Mayston (1992:318) meen dat alle persone 'n behoefte aan inligting het en stel dit dat alhoewel 'n individu nie in inligting wat hy self moet verwerk, belangstel nie, hy steeds 'n belang het by en behoefte openbaar aan die inligting wat verskaf word. Beukes (1989:29) het reeds in 1989 opgemerk dat volledige inligting tot beter besluitneming bydra en dat dit alles op die toegang tot foutlose, tydige en voldoende inligting neerkom.

Die vraag ontstaan egter of alle gebruikers van finansiële jaarverslae die nodige kennis en begrip van rekeningkunde het om sinvolle finansiële besluite te kan neem.

2.3.2 Die oningeligte gebruikers

Die oningeligte gebruikers van finansiële jaarverslae is daardie persone wat geen formele finansiële opleiding ondergaan het nie en wat probleme ondervind om die ingewikkelde inhoud van finansiële jaarverslae te verstaan en te ontleed.

Die feit dat daar finansiëel onkundige gebruikers van finansiële inligting is, kan nie verontagsaam word nie. Hierdie gebruikers kan in die toekoms 'n groter invloed op die finansiële sukses van die onderneming uitoefen as die uitgelese gebruikers vir wie die finansiële verslae tans voorberei word. Volgens Joubert (1993:5) het finansiële verslagdoening tot 'n tegniese voorlegging van finansiële inligting aan aandeelhouders, krediteure en finansiële ontleders ontwikkel. Daarteenoor vereis die oningeligte gebruikers van finansiële verslae inligting oor die onderneming as geheel en verag hulle minder inligting as die ingeligte gebruikers van finansiële jaarverslae.

As gevolg van 'n gebrek aan finansiële insig by die oningeligte gebruikers maak hierdie gebruikers eerder gebruik van inligting wat via 'n riemtelegram, gerug, asook ander minder bekende metodes ontvang is, as van inligting wat in die formele finansiële jaarverslae van die onderneming vervat is. Hierdie gebrek aan finansiële insig veroorsaak, volgens Joubert (1993:5), dat besluitneming by die groep oningeligte gebruikers meer emosioneel en minder wetenskaplik van aard is.

Die groep oningeligte gebruikers bestaan, volgens Joubert (1993:5), hoofsaaklik uit die meeste privaataandeelhouders, werknemers en die gemeenskap in geheel. Joubert meen verder dat die druk wat hierdie groepe deur middel van stakings en verbruikersboikotte op die onderneming uitoefen, die ondergang van die onderneming tot gevolg kan hê. Dit is daarom belangrik dat die onderneming alles in sy vermoë sal doen om belangrike inligting aan alle gebruikers deur te gee ten einde 'n beter begrip van die onderneming by al die gebruikers van finansiële jaarverslae te bewerkstellig (Joubert, 1993:5).

2.3.3 Die noodsaaklikheid van die verskaffing van inligting oor die werknemers van 'n onderneming

Ondernemings word vandag nie net as organisasies met winsoogmerke wat hoofsaaklik aan die aandeelhouders verslag doen, gesien nie, maar word toenemend as 'n lid van die groter gemeenskap met nie-finansiële en nie-tradisionele verpligtinge teenoor hierdie gemeenskap gereken. Voorbeelde van hierdie verpligtinge sluit volgens Cahan en Malone (1995:23) die werknemer, filantropiese, omgewings- en politiese bedrywighede van die onderneming in.

Larson (1994:52) meen dat:

[t]he objective of financial reporting stem primarily from the need of external users who lack the authority to prescribe the information that they want and must rely on the information management communicates to them.

Volgens Larson (1994:52-54) het die tyd dan nou aangebreek om toepaslike bruikbare inligting aan die gebruikers van finansiële jaarverslae beskikbaar te stel ten einde die vertroue van die gebruikers in die inligting, soos vervat in die finansiële jaarverslae van ondernemings, te herstel. Dit is vir die onderneming nodig om toepaslike inligting oor die arbeidsmag en indiensnemingsbeleid aan die werknemers van die onderneming, sowel as die aandeelhouders en ander persone of instansies betrokke by die onderneming, vir die suksesvolle voortbestaan van die onderneming, beskikbaar te stel.

Visser (1995:1-3) stel dit dat die gemeenskap groter bekendmaking van ondernemings rakende nie-finansiële aangeleenthede, soos inligting oor hul werknemers en omgewingsaangeleenthede, vereis en dat finansiële jaarverslae sodanig opgestel en die inligting deurgegee moet word. Vir doeleindes van hierdie studie word daar hoofsaaklik gekonsentreer op die verskaffing van finansiële inligting oor werknemers aan die gebruikers van finansiële jaarverslae, ten einde die behoefte aan inligting van hierdie

gebruikers te probeer bevredig.

2.3.4 Die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële jaarverslae in die algemeen

Die gebruikers van finansiële jaarverslae word as die beleggers, werknemers, langtermynskuldeisers, krediteure, kliënte, owerheid en gemeenskap omskryf (Vorster *et al*, 2003:14; Blumberg, 1996:5). Hierdie gebruikers openbaar verskillende behoeftes aan inligting rakende die onderneming en die versameling, beoordeling en ineenskakeling van die inligtingsbehoefte van die gebruikers kan daarom moeilik wees. Een van die probleme is die uitkenning van die teikengroepe en die vlak van bewustheid in hierdie groepe oor hul eie inligtingsbehoefte. Die belange van hierdie groepe verskil nie net grootliks van mekaar nie, maar kan ook teenstrydig met mekaar wees.

Die unieke behoeftes aan inligting oor die onderneming vir elk van hierdie gebruikers van finansiële jaarverslae word kortliks in tabel 2.1 saamgevat (Estes, 1996:251–257; Booyesen, 1993:23–25; Epstein & Freedman, 1994:107).

Tabel 2.1 Die behoefte aan inligting van die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae
(Estes, 1996:251–257; Booyesen, 1993:23–25; Epstein & Freedman, 1994:107 aangepas)

Gebruikers	Inligtingsbehoefte
Beleggers	<ul style="list-style-type: none">- Die risiko onderliggend aan en opbrengs verkry deur die onderneming- Die vermoë van die onderneming om dividende te betaal- Prys per aandeel- Dividendinkomste- Likiditeit, kontantvloei en winsgewendheid van die onderneming

Tabel 2.1 Die behoefte aan inligting van die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae
 (Estes, 1996:251–257; Booysen, 1993:23–25; Epstein & Freedman, 1994:107 aangepas)
 (vervolg)

Gebruikers	Inligtingsbehoefte
Beleggers (vervolg)	<ul style="list-style-type: none"> - Beleggingsplanne van die bestuur - Verwagte oornames en samesmeltings - Die omvang van motiveringsfaktore - Koste van verkope of bruto wins - Die werklike deel van die toegevoegde waarde wat deur die staat geneem word - Lenings aan/van ander ondernemings of filiale en rente betaal - Koste van werknemers, insluitende die vlakke van salarisse en lone - Die aantal werknemers in diens van die onderneming aan die einde van die jaar sowel as die gemiddelde aantal werknemers vir die jaar - Die erkenning van vakbonde in die onderneming, hul werksaamhede en belange - Produktiwiteitsyfers - Geraas- en besoedelingsvlakke
Werknemers	<ul style="list-style-type: none"> - Die hoofbedrywighede van die onderneming - Inligting oor die stabiliteit van die onderneming - Bedryfswins, omset en winsgrense van die onderneming - Finansiering van die onderneming - Huidige en toekomstige kontantvloei van die onderneming - Begrote en toekomstige bestellings wat geplaas is - Dividende en opbrengs aan aandeelhouders betaal - Die toegevoegde waarde van al die belangegroepes in die onderneming

Tabel 2.1 Die behoefte aan inligting van die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae
 Estes, 1996:251–257; Booysen, 1993:23–25; Epstein & Freedman, 1994:107 aangepas)
 (vervolg)

Gebruikers	Inligtingsbehoefte
Werknemers (vervolg)	<ul style="list-style-type: none"> - Die totale direkteursvergoeding, pensioen en ander vergoedings wat aan direkteure betaal word - Die huidige omstandighede van die werknemer sowel as die toekomsverwagtinge - Werksekerheid en werksomstandighede - Die aantal, geslag, ouderdom en samestelling van die werkerskorps volgens besigheidsbedrywighede, geografiese gebied, departement en gradering of funksie - Indiensneming van minderheidsgroepe of gestremde persone - Diensvoorwaardes, indiensnemingsbeleid, aflegging, opleiding, verlofvoordele, beoordeling, gelyke regte en ander beleide wat die werknemer raak - Loonvlakke, aansporingslone, spesiale betaling vir gevaarlike werk, werknermertoelae, kleretoelae, oortydbetalings en enige ander vergoeding – bydrae per werknemer - Winsdeling, aandele-opsieskemas en ander spaarskemas - Inligting oor gestruktureerde opleiding, koste van opleiding, tyd spandeer aan opleiding, aantal werknemers wat opleiding ontvang het en die vlakke van opleiding - Grieweprosedures en grieweverslae van die onderneming - Die aantal ure/dae wat verlore gaan as gevolg van stakings of onderhandelinge - Die aantal en omvang van ongelukke en die aantal dae/ure wat verlore gaan as gevolg van ongelukke

Tabel 2.1 Die behoefte aan inligting van die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae
 (Estes, 1996:251–257; Booysen, 1993:23–25; Epstein & Freedman, 1994:107 aangepas)
 (vervolg)

Gebruikers	Inligtingsbehoefte
Werknemers (vervolg)	<ul style="list-style-type: none"> - Byvoordele, byvoorbeeld by aftrede of dood en die voorsiening vir bydraes, uitbetalings, beleggings en die algemene hantering van sulke skemas - Goedgekeurde name van vakbonde wat deur die onderneming aanvaar word – veral vir onderhandelingsdoeleindes - Korporatiewe, departementele vervaardigingsyfers - Veranderinge in die werksomgewing - Verwagte oornames en samesmeltings - Navorsings- en ontwikkelingsbeplanning van die onderneming - Nywerheids- en gemeenskapsgesondheid en programme
Langtermynskuldeisers	<ul style="list-style-type: none"> - 'n Kort oorsig van die relatiewe persentasie toedeling van wins wat aan die langtermynverskaffers gemaak is - Die persentasie van die wins wat teruggeploeg is in die onderneming - 'n Vergelyking met ander ondernemings in dieselfde nywerheid - Likiditeit en solvabiliteit - 'n Verandering in die aanwending van toegevoegde waarde tussen verskillende jare - Salaris- en loonuitbetalings - Winsopslagpersentasie - Beleggingsplanne van die bestuur van die onderneming - Verwagte oornames en samesmeltings - Die risiko onderliggend aan en opbrengs verkry deur die onderneming

Tabel 2.1 Die behoefte aan inligting van die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae
 (Estes, 1996:251–257; Booysen, 1993:23–25; Epstein & Freedman, 1994:107 aangepas)
 (vervolg)

Gebruikers	Inligtingsbehoefes
Krediteure	<ul style="list-style-type: none"> - Die likiditeit en solvabiliteit van die onderneming - Winsgewendheid van die onderneming - Die toegevoegde waarde van elk van die belangegroepes in die onderneming
Kliënte	<ul style="list-style-type: none"> - Die toekomsverwagtinge van die onderneming - Mededinging - Beplande samesmeltings of oornames - Die likiditeit en solvabiliteit van die onderneming - Die winsgewendheid van die onderneming - Gemeenskapsbetrokkenheid van die onderneming - Skenkings en beurse - Opleidings- en werksgeleenthede
Owerheid	<ul style="list-style-type: none"> - Jaarlikse vergelykings van finansiële prestasies - Die faktore wat toegevoegde waarde, produktiwiteit, prysvorming en groei bepaal - Die verskil tussen welvaartvorming en die verdeling van welvaart
Gemeenskap	<ul style="list-style-type: none"> - Die gemiddelde aantal werknemers en hul totale vergoedingspakket - Politieke- en gemeenskapsbydraes - Behuising - Klinieke en skole - Sportgeriewe - Volwasse opleiding - Nuwe werksgeleenthede - Beurse

Uit tabel 2.1 blyk dit dat die gebruikers van finansiële jaarverslae 'n behoefte aan heelwat inligting oor die onderneming openbaar en dat hierdie inligtingsbehoefte van elk van die gebruikers van finansiële jaarverslae verskil, maar dat daar tog in baie gevalle ooreenkomste bestaan. Daar bestaan dus 'n bepaalde doel met finansiële verslagdoening oor die werknemers van 'n onderneming.

2.3.5 Die doel van finansiële verslagdoening oor werknemers

Inligting oor die werknemers van die onderneming is vir bestuursbeplanning en beheer baie belangrik. Die verskaffing van genoegsame inligting oor die werksmag en die wyse waarop menslike hulpbronne bestuur word, het ten doel om die doeltreffendheid van bestuur, asook die mate waarin die onderneming sy gemeenskapsgerigte verpligtinge nakom, byvoorbeeld die opleiding van skoolverlaters en die indiensneming van gestremdes, te bepaal. Vir beplanningsdoeleinde kan die neigings in die verwantskap tussen die belegging in menslike hulpbronne tot die totale bates van die onderneming 'n bruikbare aanduiding van die toekomstige winsgewendheid van die onderneming gee. (Rimerman, 1990:82).

Die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële jaarverslae oor die werknemers van 'n onderneming soos in die literatuur bespreek, kan onder die volgende hoofpunte, sonder enige bepaalde rangorde, saamgevat word:

2.3.5.1 Waardering vir die werknemer

Werknemers kan 'n belangrike indirekte uitwerking op die sukses van die onderneming uitoefen en daarom is die verskaffing van inligting oor die werknemers van die onderneming van groot belang. Volgens Roberts (1990:12) bevat die verslag van die voorsitter gewoonlik 'n kort paragraaf waarin waardering teenoor die werknemers vir hul bydra tot die sukses van die onderneming uitgespreek word.

2.3.5.2 Indiensnemingsbeleid

Roberts (1990:13) is van mening dat die inligting oor die verwantskap tussen die werkgewer en sy werknemers vir die gebruikers van finansiële jaarverslae van belang is. Die soort inligting wat oor die werknemers openbaar gemaak moet word, sluit volgens Dobbins en Pettman (1994:10) die aantal werknemers in diens van die onderneming volgens beroep, departement of geslag, werwing- en bevorderingsbeleid, arbeidsomset, afwesigheid, ongelukke en beserings en toekomstige mannekragbeplanning in.

Daar is verskeie skrywers wat hul mening gee oor die soort inligting wat werknemers oor hul indiensnemingsvoorwaardes benodig. Craig en Hussey het reeds in 1981 (31-34) bepaal dat die volgende behoeftes aandag geniet, naamlik, afdanking as gevolg van ouderdom, bonusbetalings, afleggings, onderwys en opleiding, werkverrykingsprogramme en die vervanging van tydelike personeel met permanente personeel.

Douglas (1995:71) beklemtoon op sy beurt die volgende behoeftes:

- algemene werksomstandighede;
- moontlikheid van opleiding en bevordering; en
- konsultasiemetodes wat tussen die bestuur en werknemerverteenwoordigers gevolg word.

Inligting oor die indiensnemingsbeleid van die onderneming word kortliks onder die hoofde personeelbeleid; vakbonde en arbeidsverhoudinge; beraadslaging en kommunikasiebeleide; en stakings, boikotte en wegbly-aksies, verder bespreek.

(a) Personeelbeleid

Die soort inligting wat van belang of bruikbaar vir die gebruikers van finansiële jaarverslae is, word deur die besondere politieke of gemeenskapsgerigte omgewing wat in elke land geld, bepaal (Roberts, 1990:14). Die inligting wat werknemers vereis, sluit alles in wat vir die werknemer van belang is en op die funksionering en toekomstige

vooruitsigte van die onderneming van toepassing is. Dit geld vir die huidige en toekomstige posisie van die werknemers.

Inligting oor die bestaan, al dan nie, van 'n stel etiese reëls oor werknemerbeleide, arbeidsverhoudinge, regstellende aksies en vakbonde is vir sekere van die gebruikers (veral die werknemers, owerheid en gemeenskap) van finansiële jaarverslae van belang. Baie van die inligting wat gegee word, het ten doel om te bewys dat die onderneming alles in sy vermoë doen om, ten spyte van plaaslike wetgewing, 'n goeie werkgewer te wees.

Hierdie inligting stel die gebruikers in staat om sinvolle besluite rakende hul betrokkenheid by die onderneming, moontlike toekomstige werksgeleenthede en wetgewing te kan neem.

(b) Vakbonde en arbeidsverhoudinge

Die inligtingsbehoefte van sommige van die gebruikers van finansiële jaarverslae sluit volgens Roberts (1990:15) onder andere inligting oor arbeidsverhoudinge, die beleid oor die erkenning van vakbonde en onderhandelingswerkswyses, betalings en ander ooreenkomste wat gesluit is, asook stakings en boikotte, in. Die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële jaarverslae ten opsigte van vakbonde is omvattend van aard en Dobbins en Pettman (1994:21-22) meen dat die vakbondverteenvoordigers nie net in die onderneming se vermoë om te betaal belangstel nie, maar ook in aansporingsbonusse, byvoordele, diensvoorwaardes, die samestelling van die werkerskorps, die produktiwiteit en doeltreffendheid van die onderneming as geheel, die algemene finansiële toestand van die onderneming insluitende die toekomstige kontantvloei-posisie van die onderneming, nywerheidsdemokrasie en die kwaliteit van die lewe van hul werknemers in die algemeen.

Cooper en Essex (1977:208) het reeds in 1977 die mening uitgespreek dat vakbonde inligting vir doeltreffende onderhandelinge benodig. Hierdie inligting moet vrylik aan die gebruikers van finansiële jaarverslae, maar veral aan die betrokke vakbonde, beskikbaar wees.

Ander gebruikers van finansiële jaarverslae wat nie uitdruklik deur die skrywers aangehaal is nie en wat inligting rakende vakbonde en arbeidsverhoudinge benodig, sluit die beleggers, werknemers, owerheid en gemeenskap in. Hierdie inligting stel die gebruikers in staat om die invloed van vakbonde op die voortbestaan van die onderneming, die moontlikheid van stakings en boikotte en die algemene werksomstandighede van die werknemers te bepaal en dienooreenkomstig besluite te neem.

(c) Beraadslagings- en kommunikasiebeleide

Alhoewel sommige van die gebruikers van finansiële jaarverslae, byvoorbeeld die werknemers en owerheid, inligting verlang oor die beraadslagings- en kommunikasiebeleide wat in die onderneming gevolg word, word daar volgens Roberts (1990:16) weinig inligting in hierdie verband in die finansiële jaarverslae weergegee.

Die inligting wat weergegee word oor die beraadslagings- en kommunikasiebeleide is dikwels niks meer as 'n stelling van goeie voorneme nie. Hierdie inligting, of dan die gebrek daaraan, is dikwels niksseggend en bied geleentheid aan die onderneming om inligting oor enige moontlike probleemgebiede foutiewelik voor te stel.

Die werknemers en owerheid het egter 'n behoefte aan hierdie inligting omdat hulle dan oor die nodige kennis beskik rakende die beleide wat in die onderneming gevolg moet word wanneer griewe gelug word of onderhandelinge plaasvind. Sodanige kennis stel hulle in staat om dienooreenkomstig op te tree.

(d) Stakings, boikotte en wegbly-aksies

Die gebruikers van finansiële jaarverslae, naamlik die beleggers, werknemers, owerheid en gemeenskap, stel volgens Roberts (1990:15) belang in die oorsake van stakings, boikotte en wegbly-aksies en die gevolge daarvan op die finansiële bedrywighede van die onderneming. Die koste van stakings, boikotte en wegbly-aksies op die onderneming en die werknemers is van groot belang en inligting rakende hierdie aangeleenthede dra tot beter besluitneming by.

Hierdie inligting kan veral moontlike beleggers beïnvloed wanneer besluite oor moontlike beleggings geneem moet word. Die owerheid benodig hierdie inligting om vas te stel of enige optrede van owerheidskant teen die onderneming nodig is en om algemene landsveiligheid te verseker. Die werknemers is direk by stakings en boikotte betrokke en inligting in hierdie verband stel hulle in staat om besluite rakende huidige en toekomstige werksgeleenthede te kan neem. Die gemeenskap word direk deur stakings en boikotte beïnvloed omdat dit tot meer misdaad kan lei. Die klante kan direk deur stakings geraak word en benodig die inligting om toepaslike besluite oor hul betrokkenheid by die onderneming te kan neem.

Die dae/ure wat verlore gegaan het as gevolg van wegbly-aksies, stakings of boikotte is inligting wat vir besluitneming deur bogenoemde gebruikers van finansiële jaarverslae van belang is. Baie ondernemings verskaf inligting oor die aantal ure wat as gevolg van stakings, boikotte of wegbly-aksies verlore gegaan het, maar geen inligting oor die totale aantal ure wat gewerk is, word weergegee nie. Laasgenoemde is belangrik om die omvang van stakings, boikotte en wegbly-aksies op die onderneming en al sy belangegroepes, te kan bepaal. Die rol van stakings in die vermindering van winste, personeeluitbreiding(s) en selfs die sluiting van die onderneming kan nie verontagsaam word nie.

2.3.5.3 Gesondheid en veiligheid

Gesondheid en veiligheid is uit 'n gemeenskapsgerigte eerder as finansiële oogpunt een van die belangrikste dele van inligting oor werknemers. Inligting oor die veiligheid van die werksomgewing is vir sowel die werknemers as vir enige persoon wat in die gemeenskapsgerigte bedrywighede van die onderneming belangstel, van belang (Roberts, 1990:16).

Dobbins en Pettman (1994:18) is van mening dat die aantal gevalle van nywerheidsiektes asook die aard en oorsprong of oorsaak daarvan en die aantal en oorsake van noodlottige ongelukke weergegee moet word. Ander inligting oor gesondheid en veiligheid wat nie direk aangespreek is nie, sluit uitgawes aan gesondheid en veiligheid, ongeluksyfers, lug-, water- en geraasbesoedeling asook omset en afwesigheidsrekords, in.

Die gebruikers, soos die werknemers, owerheid en gemeenskap, benodig onder andere inligting oor die aantal dae/ure wat as gevolg van ongelukke of siektes verlore gegaan het. Hierdie inligting stel hulle in staat om die invloed van die omstandighede waaronder werknemers werk, asook die invloed van die gesondheid en veiligheid op die gemeenskap as geheel, te bepaal en dienooreenkomstig besluite te neem.

2.3.5.4 Afleggings

Roberts (1990:18) meen dat werknemers 'n gevestigde belang in die langtermyn groei en winsgewendheid van die onderneming het aangesien hul werksekerheid direk daardeur geraak word.

Craig en Hussey het reeds in 1981 (31-34) die mening uitgespreek dat veral werknemers in inligting oor toekomstige werksekerheid belangstel. Die inligting wat benodig word sluit onder andere inligting oor die toekomsplanne en toekomsbeleid van die onderneming, sowel as die uitwerking van die ekonomiese toestand op die bedrywighede van die onderneming in. Blumberg (1996:7) meen dat werknemers in

inligting oor die stabiliteit en winsgewendheid van die onderneming belangstel ten einde te kan bepaal of die onderneming in staat sal wees om hul vergoeding en aftreevoordele te betaal. Hierdie inligting word ook benodig om te bepaal of die werkgewer in staat sal wees om hul van werksgeleenthede te voorsien en die mate waarin die onderneming in gemeenskapsgerigte en verwante sake belê.

Die aflegging van werknemers kan sekere voordele vir die onderneming inhou en sluit onder andere 'n besparing van salarisse en oorhoofse koste, asook besnoeiings in, onder andere, meubels, toerusting en herbruikbare voorraad, in. Die beskikbaarheid van inligting oor die werknemers en moontlike afleggings stel die bestuur van die onderneming in staat om die gevolge van hul besluite in te sien en te ontleed.

Die beskikbaarheid van inligting oor die aflegging van werknemers is vir die ander gebruikers van finansiële jaarverslae van belang veral vir die voorspelling van die toekomstige finansiële resultate van die onderneming (Roberts, 1990:18). Hierdie inligting word benodig om 'n beter beeld van die werknemers en gemeenskapsgerigte bedrywig-hede van die onderneming te vorm.

2.3.5.5 Opleiding

Volgens Roberts (1990:19) hang die toekomstige sukses van die onderneming dikwels van die beleid van die onderneming oor die opleiding van sy werkerskorps af. Hierdie inligting is nie net vir die gebruikers van finansiële jaarverslae wat in die gemeenskapsgerigte beleid van die onderneming belangstel, van belang nie, maar ook vir daardie gebruikers wat in die toekomstige finansiële vermoë van die onderneming belangstel.

Die inligting oor die opleiding van werknemers wat vir die gebruikers van finansiële jaarverslae bruikbaar is, behels onder andere die opleidingsbeleid, die aantal werknemers wat opleiding ontvang het, die tyd wat aan opleiding spandeer is, asook die vlakke van opleiding wat deur die onderneming onderneem is, byvoorbeeld rekenaaropleiding of bestuursopleiding (Roberts, 1990:19).

Hierdie inligting word veral deur die werknemers, owerheid en gemeenskap gebruik om die bydrae van die onderneming tot die ontwikkeling van die omgewing en sy gemeenskap, te bepaal. Die werknemers gebruik hierdie inligting om besluite oor hul toekomstige betrokkenheid by die onderneming, te neem.

2.3.5.6 Werknemertevredenheid

Alhoewel daar volgens Roberts (1990:20) nie 'n bepaalde maatstaf bestaan waarvolgens werknemertevredenheid gemeet kan word nie, is dit belangrik om te weet wat die uitwerking van die werknemers se moraal op die produktiwiteit van die onderneming, asook die toekomstige nywerheidsverhoudinge van die onderneming is. 'n Lae moraal by die werknemers lei tot verlaagde produktiwiteit en kan 'n hoë arbeidsomset tot gevolg hê wat weer tot verhoogde arbeidskoste kan lei. Inligting oor werknemertevredenheid sluit volgens Roberts (1990:20) inligting oor arbeidsomset en afwesigheid van werknemers van die werk af, in.

Hierdie inligting stel die gebruikers soos die werknemers, gemeenskap, kliënte, owerheid en beleggers in staat om besluite oor hul betrokkenheid by die onderneming te kan neem.

2.3.5.7 Aantal werknemers

Volgens Roberts (1990:21) sluit inligting oor die aantal werknemers nie net die totale aantal werknemers in die onderneming in nie, maar ook die samestelling van die arbeidsmag in verskillende belangegroepe. Die aantal werknemers in die verskillende belangegroepe in die onderneming kan volgens die soort besigheidsbedrywighede, departemente, produkte, geografiese gebiede of funksie van die werknemer gegee word. Bo en behalwe die samestelling van die arbeidsmag in die onderneming kan inligting oor die indiensneming van minderheids-groepe of gestremde persone ook vir die gebruikers van finansiële jaarverslae van belang wees. Dobbins en Pettman (1994:10)

ondersteun die standpunt van Roberts en meen dat die aantal werknemers ook volgens werksgroepe en geslag weergegee kan word.

Volgens Dobbins en Pettman (1994:10-15) bestaan daar 'n behoefte aan meer inligting oor die aantal werknemers in die onderneming en moet die onderneming syfers oor die aantal werknemers wat gewerf is, opleiding ondergaan het, afgedank is, die aantal gestremde persone in diens van die onderneming asook die aantal werknemers wat by hofsake betrokke was, weergee. Die arbeidsomset, afwesigheid as gevolg van siekte of beserings aan diens sowel as afliggings is belangrike syfers wat aan die gebruikers van finansiële jaarverslae weergegee kan word.

Hierdie inligting is veral vir die owerheid van belang om die omvang van die toepassing van wetgewing (veral arbeidswetgewing) in die onderneming te bepaal. Werknemers stel belang om te weet wat die moontlikheid van opleiding in die onderneming is, terwyl die gemeenskap by die opleiding van werknemers deur die onderneming baat vind. Beleggers, daarenteen, benodig hierdie inligting wanneer die moontlikheid van beleggings in die onderneming ondersoek word, want 'n opgeleide werkerskorps kan tot beter produktiwiteit en groter winsgewendheid lei.

2.3.5.8 Werknemer koste

Die meeste van die gebruikers van finansiële jaarverslae benodig inligting oor die koste verbonde aan die werknemers van die onderneming. Hierdie koste sluit volgens Roberts (1990:23) onder andere salarisse, pensioen en ander finansiële vergoeding in. Dobbins en Pettman (1994:10-15) meen dat die inligting oor werknemer koste basiese vergoedingspakkette en ander betalings asook aansporingsbonusse en oortydbetalings insluit.

Alexander (1971:40) het reeds in 1971 melding gemaak van die feit dat die eerste stap in die berekening van die koste van arbeid, dit is die belegging van die onderneming in elke werknemer, sowel die verkryging van werknemers as die geleentheidskoste daarvan insluit. Hierdie syfers word as grondslag vir die berekening van die bydrae van 'n werknemer tot die wins van die onderneming en van die vervangingskoste van werknemers gebruik.

Die beleggers stel belang in die koste van werknemers in die onderneming aangesien hul opbrengs op beleggings direk daardeur beïnvloed word. Die owerheid benodig hierdie inligting vir beplanning en begrotingsdoeleindes. Die werknemers van die onderneming stel op hul beurt in die vergoedingspakkette wat deur die onderneming aangebied word, belang ten einde besluite oor hul toekoms te kan neem. Die gemeenskap kan hierdie inligting gebruik om die moontlike omvang van besteding in die omgewing te bepaal. Die skuldeisers benodig op hul beurt hierdie inligting om die moontlike terugbetaling van lenings deur die onderneming, te bepaal.

2.3.5.9 Toegevoegde waarde

Al die gebruikers van finansiële verslae benodig inligting oor die belang of bydrae van elk van die belangegroepes tot die welvaart van die onderneming. Alhoewel die toegevoegde waarde staat die belang van al die belangegroepes weergee, is die bydrae van die werkerskorps tot die welvaartsverdeling van die onderneming van groot belang. (Roberts, 1990:5-9).

Alhoewel die inligting wat weergegee word van onderneming tot onderneming mag verskil, gee dit 'n ander beeld van die onderneming weer, veral ten opsigte van die toedeling van die bronne van die onderneming aan elkeen van hierdie belangegroepes. Hierdie inligting stel die verskeie groepe in staat om hul eie belang in die onderneming, asook die belang van ander groepe, te bepaal. Die bestaan van verskeie probleme soos die insluiting, al dan nie, van sekere koste-items en die omvang van inligting wat weergegee moet word, lei daartoe dat inligting oor die toegevoegde waarde van 'n onder-

neming al minder aandag geniet.

2.3.5.10 Behuising

'n Verdere behoefte wat nie deur vorige navorsers gemeld is nie, is inligting rakende behuising. Bepaalde gebruikers van finansiële jaarverslae, soos die werknemers, owerheid en gemeenskap, vereis inligting oor die beleid van die onderneming rakende die verskaffing van behuising, insluitende subsidies of toelaes, aan sy werknemers, die aantal werknemers wat behuisingsbystand ontvang, die koste van behuising en die klas of graad werkers wat hierdie voordeel geniet.

Hierdie inligting word veral deur die owerheid vir beplanningsdoeleindes gebruik en om die omvang van die toepassing van wetgewing te bepaal. Die werknemers wil op hul beurt weet wat die omvang van die behuisingsvoordeel is en hoe hul daardeur geraak word. Die gemeenskap word direk deur die verskaffing van behuising bevoordeel en gebruik hierdie inligting vir besluitneming.

2.3.5.11 Gemeenskapsinvestering

Die gemeenskap, maar ook van die ander gebruikers van die finansiële jaarverslae van ondernemings, sal waarskynlik ook belangstel in die gemeenskapsbetrokkenheid van die onderneming by veral behuising, klinieke, sport, die opleiding van volwassenes, die skep van nuwe werksgeleenthede, beurse, skole en skenkings.

Die owerheid, gemeenskap en beleggers gebruik hierdie inligting om die voortbestaan van die onderneming en die moontlike toekomstige bydrae van die onderneming tot die vooruitgang van die gemeenskap, te bepaal.

2.3.5.12 Die doel van finansiële verslagdoening oor werknemers – 'n samevatting

Inligting oor die werknemers van die onderneming is belangrik vir enige persoon wat in die langtermynvooruitsigte van die onderneming belangstel. Beleggers stel in inligting rakende die werknemerkoste en die langtermynsukses van die onderneming belang. Hierdie werknemerkoste en langtermynsukses word deur 'n goed opgeleide werkerskorps en goeie arbeidsverhoudinge in die onderneming, bepaal. Inligting oor die aantal werknemers in die onderneming, onderverdeel volgens funksie, voltydse of deeltydse werkers, werknemerkoste, opleidingskoste, arbeidsverhoudinge, stakings, gesondheid en veiligheid asook die aantal ongelukke, is vir al die gebruikers van finansiële jaarverslae, maar veral vir die werknemers van die onderneming, van belang.

2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n kort opsomming van die ontwikkeling van rekeningkunde in die algemeen, vanaf die vroegste tye tot vandag, asook die daarstelling van 'n konseptuele raamwerk onderliggend aan rekeningkunde gegee. Uit die bespreking van die konseptuele raamwerk is die behoefte aan die deurgee van verstaanbare, toepaslike, betroubare en vergelykbare inligting aan die gebruikers van finansiële jaarverslae aangespreek. Die inligtingsbehoefte van die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae, naamlik, die beleggers, werknemers, langtermynskuldeisers, krediteure, kliënte, owerheid en gemeenskap is in besonder bespreek. Daar is veral klem op die behoeftes van die gebruikers van finansiële jaarverslae aan inligting oor die werknemers van die onderneming gelê. Hierdie behoefte aan inligting oor die werknemers van 'n onderneming is beklemtoon deur 'n bespreking van die noodsaaklikheid van die verskaffing van sodanige inligting aan al die gebruikers van finansiële jaarverslae, insluitende die oningeligte gebruikers.

Die doel van verslagdoening oor die werknemers van die onderneming, word bespreek aan die hand van die kontrolelys wat die Universiteit van Pretoria gebruik om die kwantitatiewe en kwalitatiewe bekendmaking van inligting deur ondernemings te bepaal en dit word later in die navorsing toegepas. Die doel van verslagdoening oor die werknemers van die onderneming is toegelig met verwysing na die waardering vir die werknemer, indiensnemingsbeleid, gesondheid en veiligheid, afleggings, opleiding, werknemertevredenheid, aantal werknemers, werknemerkoste, toegevoegde waarde, behuising en gemeenskapsinvestering.

Die historiese oorsig van rekeningkunde en die teorie en konseptuele raamwerk met besondere verwysing na die behoefte aan inligting oor die werknemers vorm 'n belangrike vertrekpunt vir die meting van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor werknemers in finansiële jaarverslae. Hierdie oorsig is onontbeerlik in die bepaling van 'n grondslag vir die meting van die kwalitatiewe inligting in finansiële jaarverslae.

Uit die bespreking blyk dit duidelik dat sommige van die gebruikers van finansiële jaarverslae 'n behoefte toon aan 'n wye verskeidenheid inligting oor die werknemers van die onderneming. Dit is daarom nie net vir die onderneming belangrik om te weet wat die inligtingsbehoefte van die gebruikers van finansiële jaarverslae ten opsigte van hul werknemers is nie, maar ook waarom dit noodsaaklik is om hierdie inligting oor werknemers weer te gee. Die bevrediging van hierdie behoefte aan inligting oor die werknemers van 'n onderneming en die verskaffing van sodanige inligting in die finansiële jaarverslae van ondernemings, word in die volgende hoofstukke verder bespreek waar veral aandag gegee sal word aan die kwantiteit en kwaliteit van hierdie inligting. Aandag word veral gegee aan die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers in Suid-Afrika in die besonder.

HOOFSTUK 3

DIE ONTWIKKELING VAN VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS

3.1 INLEIDING

Die teoretiese grondslag vir die bekendmaking van inligting aan die gebruikers van finansiële jaarverslae en die behoefte aan meer inligting oor al die aktiwiteite van die onderneming, is in die vorige hoofstuk behandel. Hierdie behoefte aan inligting oor die onderneming, met besondere verwysing na inligting oor die werknemers van die onderneming, is ook bespreek. Na afloop van die bespreking oor die behoefte aan, die noodsaaklikheid van en die doel van inligting oor die onderneming se werknemers, ontstaan die vraag hoe hierdie verslagdoening oor die werknemers van die onderneming oor tyd heen in verskeie lande, insluitende Suid-Afrika, ontwikkel het.

Die voortbestaan van die onderneming vereis die volgehoue ondersteuning van al die belangegroepe van die onderneming. Hierdie ondersteuning van die belangegroepe in die bedrywighede van die onderneming moet deur die bestuur van die onderneming nagestreef word. Die bekendmaking van gemeenskapsgerigte inligting, as deel van rekeningkundige verslagdoening, moet die verhouding tussen al die belangegroepe in die onderneming en die onderneming self, suksesvol openbaar. Gemeenskapsgerigte bekendmaking moet daarom, volgens Gray, Owen en Adams (1996:3), as die gespreksforum tussen die onderneming en sy belangegroepe gesien word.

Die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers kom duidelik na vore in die omskrywing van gemeenskapsgerigte verslagdoening soos in Gray *et al* (1996:3) weergegee:

... the process of communicating the social and environmental effects of organizations' economic actions to particular interest groups within society and to society at large. As such, it involves extending the accountability of organizations (particularly companies), beyond the traditional role of providing financial account of the owners of capital, in particular, shareholders. Such an extension is predicated upon the assumption that companies do have wider responsibilities than simply to make money for their shareholders.

Estes (1996:4) is van mening dat die onderneming se gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid nie net daarin lê om maksimum wins te maak nie, maar om na die belange van andere soos die werknemers, klante en die gemeenskap om te sien. Hierdie belangegroep investeer ook in die onderneming en is geregtig om inligting rakende die bedrywighede van die onderneming te bekom, ten einde hul investering te beoordeel. Ondernemings word daarom al hoe meer as 'n lid van die groter gemeenskap beskou, met nie-finansiële en nie-tradisionele verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap, eerder as 'n winsmakende onderneming, wat slegs aan die aandeelhouders verslag moet doen (Cahan & Malone, 1995:23).

Volgens Cahan en Malone (1995:25) toon navorsing wat tans onderneem word dat ondernemings wat gemeenskapsgerig verantwoordelik optree, meer gemotiveerd is om inligting oor die gemeenskapsgerigte aangeleenthede van die onderneming te openbaar, as daardie ondernemings wat nie gemeenskapsgerig verantwoordelik optree nie.

Verslagdoening oor werknemers maak deel uit van die gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid van 'n onderneming. Gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid is die vermoë van die onderneming om sake volgens die behoeftes van die aandeelhouders te bedryf, en terselfdertyd die behoeftes van die gemeenskap te bevredig. Park, Abdeen en Summer (1994:26) meen dat gemeenskapsgerigte verantwoording die invloed van die onderneming op die werknemer, gemeenskap en omgewing meet en bekend maak.

Die kwantiteit en kwaliteit van die bekendmaking van inligting oor die werknemers van maatskappye is daarom noodsaaklik om in die behoeftes van die gebruikers van finansiële jaarverslae te voorsien en die ontwikkeling van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye word daarom in hierdie hoofstuk bespreek.

In hierdie hoofstuk word die ontwikkeling van gemeenskapsgerigte verslagdoening en in besonder, verslagdoening oor werknemers, soos in die Verenigde State van Amerika (VSA), Verenigde Koninkryk (VK), sommige Europese lande byvoorbeeld Duitsland, Frankryk, Swede en België, asook ander lande soos Australië en Nieu-Seeland bespreek. Daar word verder kortliks na die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers in Suid-Afrika (SA) gekyk, waarna 'n kort bespreking van verslagdoening oor werknemers, soos vervat in die finansiële jaarverslae van ondernemings, volg.

3.2 DIE ONTWIKKELING VAN VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN ANDER LANDE

Gemeenskapsgerigte rekeningkunde en verslagdoening kan volgens Gray *et al* (1996:8) tot die Tweede Wêreldoorlog teruggevoer word. Gemeenskapsgerigte verantwoording het met stampe en stote en dus geensins stelselmatig nie, ontwikkel en het oor die afgelope 50 jaar aansienlike veranderinge ondergaan (Gray *et al*, 1996:101). Hierdie ontwikkeling kan aan die verandering vanaf ekonomiese verslagdoening, wat gedurende die jare 1940 tot vroeë 1960's voorrang geniet het, tot inligtingsverslagdoening wat vandag geld, toegeskryf word. Hierdie verandering is deur die daarstelling van toenemende standaarde ten opsigte van die bekendmaking van inligting en die invloed van markkragte, wat meer inligting vereis ten einde kapitaalbeleggings te verkry, aangehelp.

Bowen in Cahan en Malone (1995:26) was een van die eerste skrywers wat die verantwoordelikheid van die onderneming omskryf het as die verpligting van sakelui om beleide daar te stel, besluite te neem en handeling te volg, wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is. Dit het daartoe gelei dat daar gedurende die 1970's beter verslag oor die gemeenskapsgerigte bedrywighede van die onderneming gedoen is.

Gemeenskapsgerigte rekeningkunde, veral in groot ondernemings, bestaan reeds meer as honderd jaar in die een of ander vorm. Gemeenskapsgerigte rekeningkunde verwys na die praktyk om inligting oor 'n onderneming se bedrywighede rakende werknemersomstandighede, geslags- en gemeenskapsgerigte gelykheid, gesondheid en veiligheid, verhoudings met plaaslike en internasionale gemeenskappe, die beskerming van gebruikers en die invloed op die omgewing, te versamel en weer te gee (Gray, 1995:27).

Die ontwikkeling van gemeenskapsgerigte rekeningkunde, veral verslagdoening oor werknemers in verskeie lande, toon sekere ooreenkomste, maar ook verskille en word kortliks bespreek.

3.2.1 Verenigde State van Amerika (VSA)

Die groei in gemeenskapsgerigte verslagdoening deur groot maatskappye in die VSA is die gevolg van die verandering in die verwagtinge van die gemeenskap, rakende die bedrywighede van die onderneming. Daar word tans van ondernemings verwag om, meer as ooit tevore, groter verantwoording vir die gemeenskap te neem en 'n groter bydrae tot die kwaliteit van lewe in die VSA te lewer. Ondernemings in die VSA het begin om gemeenskapsgerigte verslae op te stel, ten einde in die inligtingsbehoefte van die regering, pers, verbruikersgroepe en ander belangegroepe, insluitende die bestuur, rakende die gemeenskapsgerigte bedrywighede van die onderneming, te voorsien (Cahan & Malone, 1995: 26).

Die aantal vroue en minderheidsdirekteure in die onderneming is deur baie as maatstaf vir die breë samestelling van die indiensnemingspraktyke, wat deur die ondernemings gevolg is, gebruik. Die wet op gelyke indiensneming van 1964 het hierdie aanstellings gerugsteun sodat daar teen die 1970's meer regstellendeaksie-aanstellings gemaak is.

Dit het die ondernemings genoop om verslag oor hul indiensnemingsbeleid te doen (Cahan & Malone, 1995:27).

Lydenberg in Cahan en Malone (1995:28) het gemeld dat die meeste ondernemings gemeenskapsgerigte verslagdoening in hul finansiële jaarverslae insluit. Hierdie bekendmaking van die gemeenskapsgerigte bedrywighede van die onderneming bestaan gewoonlik uit verslae oor verskeie gemeenskapsgerigte programme wat weinig, indien enige, statistiese inligting ingesluit het. Sommige ondernemings daarenteen, byvoorbeeld Atlantic Richfield, ITT en General Motors, het jaarliks afsonderlike gemeenskapsgerigte verslae aan die onderskeie belangegroep verskaf.

Die Sullivan beginsels, bestaande uit ses doelwitte, het veral Amerikaanse ondernemings onder die vergrootglas geplaas. Die beginsels sluit in nie-segregasie, gelyke indiensneming, gelyke betaling en werksomstandighede, opleiding aan swartes, meer swartes in bestuursposte en die verbetering van die lewenskwaliteit in die algemeen. In 1977 het 12 Amerikaanse ondernemings, wat in Suid-Afrika handel gedryf het, hierdie beginsels onderteken. 'n Verdere 105 ondernemings het die Sullivan beginsels in 1978 onderteken en dit het tot 186 ondernemings in 1986 gegroei. Amerikaanse ondernemings is volgens Cahan en Malone (1995:28) verplig om verslag oor hulle betrokkenheid in, en handel met, Suid-Afrika te doen.

Die verslag van Ernst en Ernst in Matthews (1993:108) wat reeds in 1978 uitgebring is en handel oor 'n ondersoek na gemeenskapsgerigte verslagdoening in die VSA, is op die finansiële jaarverslae van die Fortune 500 maatskappye gegrond. Hierdie ondersoek het 'n afname in die aantal ondernemings wat gemeenskapsgerigte verantwoordelike verslagdoening bekend maak, getoon. Vanaf 91,2% (456 maatskappye) in 1976 het dit

gedaal tot 89,2% (446 maatskappye) in 1977. Die gemiddelde aantal bladsye wat aan gemeenskapsgerigte verslagdoening gewy is het vanaf 0,43 bladsye in 1976 tot 0,56 bladsye in 1977 verhoog. Matthews (1993:108) stel dit dat 94% van die Fortune 500 kommersiële banke en 88% van die versekeringsmaatskappye wat in die studie deur Ernst en Ernst ondersoek is, inligting rakende hul menslike hulpbronne bekend gemaak het. Uit die ondersoek blyk dit dat 211 oftewel 47%, van die 500 nywerheidsondernemings inligting rakende hul werknemers bekend gemaak het. Slegs 13 (3%) van hulle het monetêre inligting verskaf en 74 (17%) het nie-monetêre inligting bekend gemaak. Die aantal ondernemings wat hul gemeenskapsgerigte verslagdoening kwantitatief weergegee het, het 'n geringe afname van 60% in 1976 tot 59% in 1977 getoon (Matthews, 1993:108).

Die behoefte aan inligting oor die werknemers van die onderneming en die gemeenskapsgerigte verslagdoening van ondernemings is nie deur die Amerikaanse ondernemings se verslagdoening bevredig nie. Eenvoudige inligting, soos die aantal werknemers, ouderdom- en geslagsverdeling, minderheidsverteenvoording, loon- en byvoordeelvlakke, kom selde in die finansiële jaarverslae van Amerikaanse ondernemings voor. Amerikaanse maatskappye beskik nie oor inligting met betrekking tot die stabiliteit van werknemers, bevorderingspatrone, gesondheids- en veiligheidsaspekte en opleidingsprogramme nie. Die ondernemings kan daarom nie daarvoor verslag doen nie, behalwe om die bestaan daarvan, of die feit dat betekenisvolle bedrae daaraan bestee is, in die direkteursverslag te erken (Matthews, 1993:108).

Epstein en Freedman (1994:94) stel dit dat ongeag die behoefte van sommige belangegroepes in die verkryging van gemeenskapsgerigte inligting oor 'n onderneming, Amerikaanse ondernemings minder gemeenskapsgerigte inligting in hul finansiële jaarverslae weergee. Hulle is egter van mening dat ondernemings 'n eiebelang in die bekendmaking van gemeenskapsgerigte inligting het en dat ondernemings daarom verantwoording aan die gemeenskap oor al hul bedrywighede moet doen. Hierdie bedrywighede sluit, onder andere, die beskikbaarstelling van inligting oor die uitwerking van die onderneming op die omgewing, verbruikersverhoudings, menslike

hulpbronne, gemeenskapsbetrokkenheid, energiebesparings, die veiligheid en gesondheid van hul werknemers asook produkveiligheid in. Uit hierdie oogpunt gesien het ondernemings dus 'n morele verpligting om verslag te doen aan die gemeenskap oor die aanwending van die bronne wat aan die ondernemings toegeken is (Epstein & Freedman, 1994:96).

Cahan en Malone (1995:32-40) het die finansiële jaarverslae van maatskappye in Amerika ontleed ten einde die omvang van gemeenskapsgerigte verslagdoening te bepaal. As gevolg van die verskillende vlakke van bruikbaarheid van die verskillende items in die finansiële jaarverslae, het hulle besluit om 'n geweege indeks vir elke item te gebruik. Die totale gewig van verslagdoening is bepaal deur die totale geweege bekendmakingswaarde te deel deur die moontlike totale geweege bekendmakingswaarde daarvan. Dit is gedoen om te verhoed dat ondernemings wat nie inligting bekend maak nie, benadeel word.

Cahan en Malone (1995:33) het ses veranderlikes gemeet en tot die gevolgtrekking gekom dat gemeenskapsgerigte verantwoording van ondernemings meer aandag geniet. Daar is verder bevind dat die ondernemings se algemene gemeenskapsgerigte optrede verband hou met die omvang van die bekendmaking van die ses veranderlikes. Ondernemings wat gemeenskapsgerig verantwoordelik optree, sal hierdie feit en sy algehele verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap, in hul finansiële jaarverslae openbaar (Cahan & Malone, 1995:40).

Latere navorsing het getoon dat Amerikaanse ondernemings verslag oor hul werknemers doen ten einde beter beleggings te lok en om aan Amerikaanse wetgewing, te voldoen (Epstein & Freedman, 1994:103). Die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers deur ondernemings in die Verenigde Koninkryk, is deur meer wetgewing gereguleer as ondernemings in die VSA.

3.2.2 Verenigde Koninkryk (VK)

In Gray *et al* (1996:194) wys Hussey daarop dat 'n aantal ondernemings in die Verenigde Koninkryk reeds in die eerste helfte van die twintigste eeu inligting oor hul werknemers bekend gemaak het. Dit het tot groter belangstelling in die bekendmaking van verslagdoening oor werknemers in die 1940's gelei, alhoewel dit eers in die 1970's amptelik aandag geniet het. Gray (1995:56-59) het reeds in 1995 daarop gewys dat die breë gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid wat in die vroeë 1970's na vore gekom het, aanleiding tot groter belangstelling in die werknemer van die onderneming, gegee het. Hierdie belangstelling in die werknemer het in die 1980's tot gemeenskapsbetrokkenheid, pensioenverwante aangeleenthede, gesondheid, veiligheid en werknemersaandele-skemas gegroei.

In 1974 het die United Kingdom Accounting Standard Steering Committee (die voorloper van die United Kingdom Accounting Standard Board) die Boothman komitee in die lewe geroep om ondersoek na die omvang en doelwitte van gepubliseerde finansiële jaarverslae, in te stel. Die komitee moes spesifiek aandag gee aan die aard en omvang van die inligtingsbehoefte van die groepe of individue waarvoor finansiële jaarverslae voorberei word. Die Boothman komitee het in hul 'Corporate Report' die standpunt ingeneem dat Britse wetgewing sy oorsprong in die negentiende eeu gehad het en dat werknemers gevolglik in die Britse wetgewing en daarom ook in die finansiële jaarverslae, feitlik geïgnoreer word (Gray *et al*, 1996:195).

Die aanbevelings in die 'Corporate Report', dat afsonderlike verslae oor werknemersaangeleenthede bekend gemaak moet word, is volgens Gray *et al* (1996:196) in 1976 benadruk deur die besprekingsdokument van die Departement Handel, naamlik, 'Aims and scope of company reports', wat uitgegee is. Hierdie dokument is met groot teenkanting deur veral die effektebeurs en die Confederation of British Industry (CBI) begroet. Die CBI was volgens Gray *et al* (1996:196) veral gekant teen moontlike wetgewing om sulke verslae bekend te maak. Die 'Corporate Report' het die volgende items wat in die werknemerverslae bekend gemaak behoort te word, ingesluit:

- indiensnemingsbeleid van die onderneming;
- gemiddelde aantal werknemers in diens van die onderneming en die aantal werknemers op die eerste en laaste dag van die jaar, in diens van die onderneming;
- die ouderdomsverdeling en geslag van die werknemers;
- werknemerkoste rakende byvoordele;
- opleiding en onderwys en die koste daaraan verbonde;
- die name van erkende vakbonde vir onderhandelingsdoeleindes; en
- die veiligheid en gesondheid van die werknemers.

(Gray *et al*, 1996:196).

Regulasies en wetgewing in die VK het 'n invloed op die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers in daardie land gehad. 'n Ondersoek na nywerheidsdemokrasie wat deur Lord Bullock gelei is, asook die instelling van die 'Employment Protection Act' van 1975 het 'n belangrike bydrae tot die verandering in die nywerheidsverhoudingsprogram gedurende die jare 1974 tot 1979 gelewer (Gray *et al*, 1996:203). Hierdie program het tot veranderinge in die regte van sekere groepe tot meer inligting rakende die bedrywighede van die onderneming, gelei. Die 'Code of Conduct' wat deur die Advisory Conciliation and Arbitration Service (ACAS) uitgereik en op 22 Augustus 1977 in werking gestel is, het aan vakbonde die reg tot inligting gegee. Hiersonder sou vakbonde nie suksesvolle onderhandelings kon uitvoer nie.

Gemeenskapsgerigte verslagdoening oor werknemers het met rukke en stote ontwikkel en slegs ondernemings wat onder die maatskappywette van die VK geregistreer is, was verplig om inligting rakende hul werknemers, bekend te maak. Hierdie inligting wat openbaar gemaak moet word, sluit volgens Matthews (1993:39) die volgende in:

- lone en salarisse, gemeenskapsgerigte en ander pensioenkosse in die inkomste-staat of in die aantekeninge tot die finansiële jaarverslae;
- die gemiddelde aantal persone wat gedurende die jaar in diens geneem is, volgens die onderskeie belangegroepe; en

- 'n numeriese ontleding van die aantal werknemers wat meer as twintig duisend pond per jaar verdien.

Die 'Statutory Instrument 1980 no 1160' en die 'Employment Act 1982', vereis dat maatskappye wat meer as 250 werknemers in diens het en wat direkteursverslae vir die finansiële jare vanaf September 1980 voorberei het, die indiensnemingsbeleid, opleiding, beroepsontwikkeling en die bevordering van gestremde persone in die onderneming, moet weergee. Matthews (1993:40) stel dit dat ondernemings onder die 'Health and Safety Act 1974' inligting in die direkteursverslae, rakende die reëlings wat van toepassing op die gesondheid, veiligheid en welvaart van die werknemers wat in diens van die onderneming en sy filiale is, moet openbaar. Verder moet die beskerming van die gesondheid en veiligheid van ander persone wat met die bedrywigheede van die onderneming te doen mag kry, ook bekend gemaak word (Matthews, 1993:42).

Hierdie bykomende inligting stel werknemers in staat om hul standpunte te stel en by die bedrywigheede van die onderneming betrokke te raak. Hul betrokkenheid in die onderneming word gekenmerk deur werknemersaandelekemas en die vestiging van die werknemers se aandag op hul bydrae tot die suksesvolle funksionering van die onderneming (Gray *et al*, 1996:231).

In tabel 3.1 word gemeenskapsgerigte verslagdoening in die finansiële jaarverslae van ondernemings in die VK soos vervat in direkteursverslae, die boodskap van die voorsitter van die maatskappy en elders in die finansiële jaarverslae, getoon (Gray 1995: 58,60,77).

Tabel 3.1 Gemeenskapsgerigte verslagdoening in finansiële jaarverslae (Gray, 1995:58,60,77 aangepas)

Vrywillig	Verpligtend
- Verbruikersbeskerming	- Skenkings
- Toegevoegde waardestate	- Werknemerinligting
- Gesondheid en veiligheid	- Pensioenfondse
- Geslags- en rassegelykheid	- Beraadslagings met werknemers
- Oortolligheid	- Werknemersaandelekemas
- Werknemeropleiding	- Werkverskaffing in Suid-Afrika
- Missie en gemeenskapsgerigte verantwoordelikheidstellings en – standpunte	- Werkverskaffing vir gestremdes
	- Voorwaardelike aanspreeklikheid en voorsiening vir gesondheid en veiligheid

'n Studie deur Lyall in 1982 wat in Gray *et al* (1996:195) weergegee word, is gegrond op 60 werknemerverslae wat ontvang is van ondernemings wat lukraak gekies is uit die Times 1 000 grootste maatskappye in die VK. Die verslag van Lyall oor sy ondersoek het getoon dat slegs geringe inligting in die finansiële jaarverslae bekend gemaak is en dat hierdie inligting nie in die werknemers se basiese inligtingsbehoefte voorsien nie. Die onderwerpe wat in die algemeen bekend gemaak is, sluit in winsgewendheid (57 maatskappye), toegevoegde waardestate (43 maatskappye), gesegmenteerde inligting (29 maatskappye) en kapitaalbeleggings (21 maatskappye). Nie een van hierdie verslae het enige inligting oor begrotings, toekomstige kontantvloei of inligting oor produksie-, verkoops- en administratiewe koste ingesluit wat die werknemers en ander belangegroep kon help om die onderneming se prestasie ten volle te beoordeel nie (Gray *et al*, 1996:195; Matthews, 1993:112).

Die wetgewende raamwerk wat die bekendmaking van verslagdoening oor werknemers in ondernemings beïnvloed, het gedurende die jare 1981 en 1985, drastiese veranderinge in die maatskappywette van daardie tyd, tot gevolg gehad. 'n Ondersoek na die 300 grootste maatskappye het aan die lig gebring dat ondernemings steeds bykomende werknemerverwante inligting, bo en behalwe daardie inligting wat deur wetge-

wing vereis word, bekend maak (Gray *et al*, 1996:196). Verslaggewing oor werknemersaangeleenthede, soos gesondheid en veiligheid, pensioene en werknemersaandeelhouderskemas, het sedert die laat-tagtigerjare toegeneem. Die kwantiteit van die inligting wat bekend gemaak is, het egter relatief laag gebly. Hierdie ontwikkeling kan aan die onderneming se poging om gunstige werknemer-werkgewerverhoudings daar te stel en teenkanting te verminder, toegeskryf word. Dit het verder ten doel om werknemers op te lei om die breë spektrum van sakebedrywighede, sakefinansiering en die rol wat aandeelhouders in die onderneming speel, beter te verstaan. (Gray *et al*, 1996:196.)

Volgens Gray (1995:62) is gemeenskapsgerigte verslagdoening deur maatskappye in die VK deur bykans een bladsy werknemerverwante inligting plus die bekendmaking van skenkings vir liefdadigheid, gekenmerk. Die werknemerverwante inligting is deur inligting soos dankbetuigings aan die werknemers, die bespreking van oortollige werknemers asook statistiese inligting oor indiensneming en werknemeromsetsyfers, oorheers. Hierby was die gedeeltelike bekendmaking van indiensneming in Suid-Afrika, asook inligting oor pensioene, ingesluit. Teen die vroeë 1990's het die bekendmaking van werknemerverwante inligting wyer uitgekring.

In tabel 3.2, uit Matthews (1993:112), blyk dit dat ondernemings in die VK wel sekere inligting in hul finansiële jaarverslae, bykomend tot daardie inligting wat deur wetgewing vereis word, bekendmaak. Tabel 3.2 toon die persentasie van die aantal ondernemings wat in hul finansiële jaarverslae sekere inligting, of bykomende inligting, of inligting wat deur wetgewing vereis word, openbaar. Die tabel toon verder die persentasie ondernemings wat sekere inligting oor werknemers, of bykomende inligting, of inligting wat deur wetgewing vereis word, in werknemersverslae bekend maak.

Tabel 3.2 Die bekendmaking van inligting in finansiële jaarverslae en werknemersverslae
(Mathews, 1993:112 afgerond en aangepas)

	In finansiële jaarverslae		In werknemers verslae	
	Aantal onderne-mings	% (van 300)	Aantal onderne-mings	% (van 160)
Totale aantal werknemers (VK en oorsee)	141	47	45	28
Totale vergoeding (VK en oorsee)	32	11	6	4
Ontleding van werknemers in diens				
Geografies	36	12	12	8
Funksioneel volgens afdeling	6	2	5	3
Besigheidsbedrywighede	33	11	25	16
Manlik/Vroulik	7	2	12	8
Deeltyds/voltyds	39	13	5	3
Permanent/tydelik	6	2	2	1
Ouderdomstruktuur	1	<1	6	4
Dienstydperk	6	2	10	6
Omset	42	14	20	13
Interne bevordering	1	<1	0	0
Ontleding van dae/ure gewerk/verlore	6	2	10	6
Opleiding en onderwys van werknemers				
Koste	4	1	2	1
Man-ure/dae	3	1	3	2
Aantal werknemers betrokke	6	2	10	6
Erkende vakbonde	3	1	5	3
Persentasie werknemers wat aan vakbonde behoort	0	0	1	<1
Ongeluk- en siektebesonderhede	9	3	13	8
Gesondheid en koste	3	1	3	2
Aantal gestremde persone in diens	2	1	0	0

Tabel 3.2 Die bekendmaking van inligting in finansiële jaarverslae en werknemersverslae
(Mathews, 1993:112 afgerond en aangepas) (vervolg)

	In finansiële jaarverslae		In werknemers verslae	
	Aantal onderne- mings	% (van 300)	Aantal onderne- mings	% (van 160)
Werknemerverhoudings				
Verkope of waarde van produksie	18	6	11	7
Gemiddelde vergoeding	11	4	8	5
Wins per werknemer	5	2	5	3
Bates per werknemer	7	2	3	2
Beleggings per werknemer	6	2	4	3
Toegevoegde waarde per werknemer	8	3	2	1
Totale aantal ondernemings	300		159	

Uit die bespreking kan afgelei word dat verslagdoening oor werknemers in die 1970's 'n baie belangrike rol in die verslagdoening oor die onderneming se bedrywighede gespeel het, maar dat hierdie verslagdoening sedertdien afgeneem het en 'n ondergeskikte rol vervul. Dieselfde neiging kan in sommige Europese lande waargeneem word.

3.2.3 Europese lande

Die kontinentale Europese lande toon groter vordering ten opsigte van gemeenskapsgerigte verslagdoening in die algemeen en oor werknemers in die besonder as enige ander land. Hierdie groter gemeenskapsgerigte verslagdoening en verslagdoening oor werknemers in die besonder, kan veral aan die verskillende kulturele omgewings in die onderskeie lande toegeskryf word. Gray *et al* (1996:188) meen dat die Europese Unie reeds vir 'n baie lang tyd groot belangstelling in die omstandighede van die werknemers en hul poste in ondernemings toon. Dit het daartoe gelei dat werknemerverwante maatskappyverslagdoening in Europa aandag geniet het.

Die Europese Unie het vanaf die ooreenkoms van Rome in 1957, die ‘Single European Act’ van 1986, die ‘Community Charter of Fundamental Rights of Workers’ in 1989 tot die ‘Treaty on European Union’ van 1992 gevorder. Dit het vir toenemende aanbevelings en regulasies, wat aangeleenthede soos werksomstandighede, gesondheid en veiligheid, opleiding, kollektiewe bedinging, gelyke betaling en indiensneming insluit, voorsiening gemaak (Gray *et al*, 1996:188). Die ontwikkeling van Europese gemeenskapsgerigte wetgewing het as grondslag vir die verdere ontwikkeling van verslagdoening oor werknemerverwante aangeleenthede, gedien. Daar word direk, deur middel van wetgewing, voorsiening vir werknemerverwante maatskappyverslagdoening, gemaak. Die ‘European Works Council Directive’ verwag van meer as 1 000 Europese multinasionale ondernemings om samesprekings met hul werknemers te voer en verslag oor die winsgewendheid van die onderneming te doen. Gray *et al* (1996:199) meen verder dat verslagdoening oor die werknemers van die onderneming, deur die aandag wat Europese regerings en die rekeningkundige beroepslui aan die bekendmaking van werknemerverwante inligting geskenk het, gerugsteun word.

Volgens Gray *et al* (1996:190) het verskillende ondersoeke wat geloots is, aan die lig gebring dat die belangrikste komponente van die bekendmaking van inligting oor werknemers, onder andere, lone en ander byvoordele, onderverdeling in getalle, werwing/oorvoorsiening en opleiding, insluit. Inligting rakende kommunikasie, beraadslagings, gesondheid, veiligheid en vakbonde het minder gereeld voorgekom. Dit is dan ook om hierdie rede dat die Group of Experts in International Standards of Accounting and Reporting tot die volgende gevolgtrekkings rakende verslagdoening oor werknemers, gekom het:

- internasionale ondernemings moet as geheel 'n verduideliking van die algemene beleid van die onderneming ten opsigte van die erkenning van vakbonde, sowel as enige ander verwante arbeidsbeleide, gee. Die onderneming moet verder so ver moontlik die gemiddelde aantal werknemers volgens geografiese gebiede en lynstruktuur, weergee; en
- individuele ondernemings wat deel van die internasionale ondernemings uitmaak, moet die aantal werknemers op jaareinde, die gemiddelde aantal werk-

nemers per jaar en 'n verduideliking van die opleidingsprogramme en bedrae daaraan bestee, weergee (Choi & Mueller, 1992:251).

Choi en Mueller (1992:276) stel dit verder dat die International Confederation for Free Trade Unions (ICFTU) voorsiening vir die bekendmaking van die volgende inligting in finansiële jaarverslae rakende werknemers, maak:

- 'n onderverdeling van die werknemersyfers vir die individuele onderneming;
- inligting rakende totale werkverskaffing, wêreldwyd, volgens filiale en individuele aanlegte. Die inligting moet verder onderverdeel word volgens hande-arbeiders en ander, mans en vroue, opgeleide en onopgeleide werknemers, plaaslike werknemers en werknemers van ander lande; en
- inligting oor werknemers en ander spesifieke gemeenskapsgerigte inligting, moet volgens die hoofgroepe van elke nywerheid en in ooreenstemming met die hoofgroepe in punt (b) genoem, weergegee word.

Volgens Gray *et al* (1996:190) toon navorsing dat daar 'n wye verskeidenheid inligting bestaan wat bekend gemaak kan word. Waar ongeveer 74% van die ondernemings inligting oor pensioene verskaf het, het slegs 25% inligting rakende die indiensnemingsvoorwaardes van werknemers weergegee. Volgens Gray *et al* (1996:101) het in die navorsing bevind dat 83% van die totale aantal ondernemings inligting rakende die werwing en oortolligheid van werknemers verskaf het. Slegs 35% van dieselfde ondernemings het finansiële inligting weergegee. Verder het slegs 66% van die ondernemings inligting oor opleiding- en beroepsontwikkeling bekend gemaak, terwyl 46% hul beleid oor opleiding en net 8% inligting rakende opleidingsuitkomste bekend gemaak het. 'n Onbevredigende 17% van die ondernemings het inligting oor gesondheid en veiligheid beskikbaar gestel (Gray *et al*, 1996:193).

Die ontwikkeling van verslagdoening in Europese lande soos Duitsland, Frankryk, Swede en België word kortliks bespreek.

3.2.3.1 Duitsland

Die klimaat vir die ontwikkeling van gemeenskapsgerigte verslagdoening en verslagdoening oor werknemers is in Duitsland sterk deur instellings soos Business and Society Foundation, The Social and Behavioural Science Division of the Battelle Institute en die regeringsgesteunde International Institute for Environment and Society, ondersteun.

Volgens Gray *et al* (1996:196) is daar in 'n studie wat deur Brockhoff op 296 Duitse ondernemings wat finansiële jaarverslae tussen 1 Desember 1973 en 30 November 1974 uitgereik het, gedoen is, bevind dat 205 (of 69%) van hierdie ondernemings gemeenskapsgerigte inligting bekend gemaak het. Die inligting sluit onder andere die volgende in:

- dat gemeenskapsgerigte bedrywighede deel vorm van die objektiewe funksie van die onderneming (2 verslae);
- die totale aantal werknemers in diens van die onderneming (256 verslae); en
- inligting soos sport- en ontspanningsgeriewe, bykomende gesondheidsversekering, mediese dienste van die onderneming, winsdeling, opleiding, sekuriteit van die werksomgewing, werknemerbehuising, vakleerlingskapprogramme, pensioen en aftreevoordele (Gray *et al*, 1996:197).

Verslagdoening oor werknemers in Duitsland is meer omvattend as in enige ander Europese land. Sowat 28% van die ondernemings maak 'n verdeling van sy werksmag tussen maandeliks besoldigde en uurliks betaalde werknemers. Verder maak 17% van die ondernemings 'n verdeling tussen vroulike en manlike werknemers, 14% 'n verdeling volgens ouderdomsgroepe en 47% oor vakleerlingopleiding. Sowat 43% ondernemings doen verslag oor ander opleidingsprogramme, 21% oor werknemerbehuising en 20% oor werksekerheid (Gray *et al*, 1996:196-197).

Ondernemings het volgens Gray *et al* (1996:198-199) groot belangstelling in die ontwikkeling van gemeenskapsgerigte verslagdoening getoon. Sewe van die grootste

ondernemings op die gebied van gemeenskapsgerigte verslagdoening, het die volgende verslae ontwikkel en daargestel:

- 'n gemeenskapsgerigte verslag, wat hoofsaaklik inligting rakende doelwitte, aksies en die bereiking van hierdie doelwitte op gemeenskapsgerigte gebied weergee;
- 'n toegevoegde waardestaat wat die onderneming se bydrae tot bruto nasionale produk en die verdeling tussen die verskillende belangegroep, weergee; en
- 'n gemeenskapsgerigte rekening wat kwantitatiewe inligting van alle meetbare gemeenskapsgerigte uitgawes en inkomste van die onderneming, weergee.

Tabel 3.3 toon watter inligting in die finansiële jaarverslae van Duitse ondernemings weergegee word (Gray *et al*, 1996:198-199):

Tabel 3.3 Inligting oor werknemers in finansiële jaarverslae van Duitse ondernemings
(Gray *et al*, 1996:198-199 aangepas)

Onderwerp	Soort inligting
Algemene personeelbeleid	<ul style="list-style-type: none"> - Dankbetuigings teenoor personeel - Probleme in die huidige arbeidsmarktoestand - Algemene vraag na groter werksekerheid - Loon- en salarisbeleid - Klem op werkverskaffing aan dames - Bevorderingsbeleid - Algemene mannekragbeplanning - Algemene nasionale en internasionale beleide

Tabel 3.3 Inligting oor werknemers in finansiële jaarverslae van Duitse ondernemings
(Gray *et al.*, 1996:198-199 aangepas) (vervolg)

Onderwerp	Soort inligting
Grootte van die arbeidsmag, bydraes en veranderinge	<ul style="list-style-type: none"> - Totale aantal werknemers in diens geneem - Verdeling van werknemers volgens geslags-, sektor- en ouderdomsgroepe - Gemiddelde ouderdom van werknemers - Arbeidsomsetsyfer
Buitelandse werknemers	<ul style="list-style-type: none"> - Totale aantal buitelandse werknemers en watter persentasie dit van die totale aantal werknemers in diens uitmaak - Veranderinge in die aantal buitelandse werknemers in diens - Nasionaliteit van buitelandse werknemers
Arbeidskoste	<ul style="list-style-type: none"> - Totale arbeidskoste - Veranderinge in vergelyking met vorige jare - Gemiddelde koste per arbeidsuur - Verkope per werknemer - Bates per kapita van werknemers - Bydrae van werknemers tot toegevoegde waarde - Betalings en pensioene aan direkteure
Werkomstandighede	<ul style="list-style-type: none"> - Totale aantal werksure per jaar - Oortyd gewerk - Verbetering in werksomstandighede - Stakings - Afwesigheid - Aantal, omvang en skade as gevolg van ongelukke - Veiligheidsmaatstawwe

Tabel 3.3 Inligting oor werknemers in finansiële jaarverslae van Duitse ondernemings
(Gray *et al.*, 1996:198-199 aangepas) (vervolg)

Onderwerp	Soort inligting
Opleiding en ontwikkeling	<ul style="list-style-type: none"> - Algemene opmerkings oor opleidingsprogramme - Totale bedrag aan opleiding en ontwikkeling bestee - Totale aantal vakleerlinge - Bydraes van werknemers in interne en eksterne opleidingsprogramme - Aantal opleidingsprogramme aangebied - Nuwe opleidingsontwikkelinge - Formele onderwysopleiding
Byvoordele	<ul style="list-style-type: none"> - Totale uitgawe en onlangse veranderinge in byvoordele - Totale verpligte, kontraktuele en vrywillige byvoordele - Voordele beskikbaar aan werknemers - Betaling van jaarlikse bonus en Kersfeesbonus - Verbetering in vakansiebetaling en –tyd - Maatskappy se bydrae tot die kafeteria - Uitgawes en verbeterings aan ontspanningsgeriewe - Gebruik van gemeenskapsgerigte werkers in die onderneming - Bedrag bestee aan winsdeelplan
Gesondheidsdienste	<ul style="list-style-type: none"> - Gesondheidsdienste en -geriewe beskikbaar - Totale aantal werknemers in gesondheidsafdeling - Maatskappy se gesondheidsversekeringsbydrae - Mediese en ander koste betaal - Brandbestrydingsnavorsing

Tabel 3.3 Inligting oor werknemers in finansiële jaarverslae van Duitse ondernemings
(Gray *et al.*, 1996:198-199 aangepas) (vervolg)

Onderwerp	Soort inligting
Pensioenplanne	<ul style="list-style-type: none"> - Totale bedrag bestee op pensioenplanne en lewensversekering - Aantal pensioenarisse, afhanklikes en toesighouers wat pensioene onttrek - Verbetering van pensioene vir pensioenarisse - Verbetering van pensioenplanne - Enkelbedragbetalings
Behuising	<ul style="list-style-type: none"> - Behuisingsprogramme vir werknemers - Totale jaarlikse bedrag bestee op behuising - Oprigting van nuwe behuisingseenhede - Aantal huise aan werknemers verkoop - Huur gevorder van werknemers
Kommunikasie met werknemers	<ul style="list-style-type: none"> - Deelname aan die bepaling van premies deur die onderneming betaal - Maatskappy nuusblaai en inligtingsdiens - Opmerkings oor opnames gemaak oor algemene werknemerverhoudings - Beoordelings- en onderhoudsprogramme met werknemers - Openbare inligtingsprogramme

Alhoewel ondernemings in Duitsland duidelik ontwikkeling rakende die bekendmaking van inligting oor die werknemers van die onderneming getoon het, het ondernemings in Frankryk ook met verloop van tyd meer inligting openbaar gemaak.

3.2.3.2 Frankryk

Na aanleiding van die wydverspreide stakings en oornames van produksieaanlegte in die laat 1960's in Frankryk, het die French Employees National Council in 1970 erken dat die bestuur van menslike hulpbronne nie verder misken kan word nie (Gray *et al*, 1996:199). Dit het daartoe aanleiding gegee dat verskeie ondernemings vrywillig gemeenskapsgerigte verslae wat oor hul werknemers handel, uitgereik het. 'n Werkkomitee het aanbeveel dat elke onderneming 'n gemeenskapsgerigte balansstaat bekend moet maak wat op die gemeenskapsgerigte en werksomstandighede van die onderneming gegrond is. Hierdie aanbevelings is volgens Gray *et al* (1996:199) vervat in wetgewing wat vereis dat ondernemings met meer as 750 werknemers gemeenskapsgerigte balansstate moet bekend maak wat inligting rakende werkverskaffing, lone, gemeenskapsgerigte koste, werksomstandighede, opleiding en nywerheidsverhoudings bevat.

Gray *et al* (1996:199) gee 'n samevatting van die vereistes wat deur die *France bilan social* ten opsigte van verslagdoening oor werknemers, voorgeskryf word:

- besonderhede rakende die fisiese eienskappe van die werknemers, soos geslag en ouderdom;
- die vlakke van werknemervergoeding en ander uitgawes rakende die vergoedingsbeleid van die onderneming;
- higiëniese en veiligheidsomstandighede;
- ander werksomstandighede wat die werknemer mag beïnvloed, soos werksure, nagwerk en geraasvlakke van die omgewing;
- die ontwikkeling van werknemers en verslae oor opleiding;
- inligting rakende die verhouding tussen die onderneming en sy werknemers; en
- ander werknemerverwante inligting soos die subsidiëring van geriewe vir werknemers, deur die bestuur van die onderneming.

'n Studie wat reeds in 1979 deur die Center for International Education and Research in Accounting (1979:116) onderneem is, het aan die lig gebring dat ongeveer 200 van die 800 ondernemings wat in 1976 op die Parys Aandelebeurs genoteer was, inligting rakende werknemers bekend gemaak het. Vir die meeste van hierdie ondernemings (140) was die inligting tradisioneel van aard, naamlik inligting oor werknemerstabiliteit, byvoordele, winsdeelskemas en opleiding. Inligting oor werksomstandighede en nywerheidsverhoudinge was beskrywend van aard en baie algemeen. Hierdie inligting is in tabel 3.4 vervat.

Tabel 3.4 Inligting oor werknemers in finansiële jaarverslae van Franse maatskappye
(Gray *et al*, 1996:199 aangepas)

Inligting	Aantal maatskappye
Werknemerverdeling volgens:	
klas	41
geslag	21
ouderdom	25
Omset	17
Afwesigheidsrekord	18
Nywerheidsbeserings:	
gereeldheid	30
erns van beserings	23
Gemiddelde inkomste per werknemer	13
Minimum inkomste per werknemer	11
Werksure	34
Ontwikkeling	5

Die onderwerpe wat oor die algemeen deur Franse maatskappye ten opsigte van verslagdoening oor werknemers bekend gemaak word, word in tabel 3.5 hieronder weer-gegee (Gray *et al*, 1996:199 aangepas).

Tabel 3.5 Onderwerpe gedek in verslagdoening oor werknemers deur Franse maatskappye
(Gray *et al.*, 1996:199 aangepas)

Onderwerp	Soort inligting
Indiensnemingstotale	<ul style="list-style-type: none"> - Totale aantal werknemers in diens geneem - Aantal werknemers permanent in diens van die onderneming - Werknemers aangestel op 'n tydelike grondslag - Gemiddelde maandelikse arbeidsmag - Totale indiensnemingsyfer volgens geslag - Totale indiensneming volgens ouderdom - Totale werknemerverdeling: <ul style="list-style-type: none"> Frankryk Ander lande - Totale werksverdeling volgens werksafdeling
Tydlike werknemers	<ul style="list-style-type: none"> - Gemiddelde aantal maandelikse werknemers wat by ander ondernemings dienste verrig - Gemiddelde tydperk van aanstelling - Aantal studente
Werknemersbeleide	<ul style="list-style-type: none"> - Aantal werknemers met kontrakaanstellings - Aantal minderjariges in diens - Seisoenale indiensneming
Werkloosheid	<ul style="list-style-type: none"> - Aantal gedeeltelik werklose werknemers gedurende die jaar - Totale ure verlore: <ul style="list-style-type: none"> met vergoeding sonder vergoeding
Gestremde persone	<ul style="list-style-type: none"> - Totale aantal gestremde persone in diens - Totale aantal persone gestrem as gevolg van ongelukke by die werk, in diens geneem

Tabel 3.5 Onderwerpe gedek in verslagdoening oor werknemers deur Franse maatskappye
(Gray *et al.*, 1996:199 aangepas) (vervolg)

Onderwerp	Soort inligting
Afwesigheid	<ul style="list-style-type: none"> - Totale aantal dae afwesig - Totale aantal dae verlore as gevolg van siektes - Verdeling volgens lengte van siektydperke - Totale aantal dae verlore as gevolg van werksomstandighede - Totale aantal dae verlore as gevolg van swangerskappe - Totale aantal goedgekeurde verlofdae
Lone en salarisse	<ul style="list-style-type: none"> - Totale lone en salarisse betaal - Gemiddelde maandelikse salarisse en lone vir mans en dames - Spesiale premies, ekstra betaling - Loonverdeling volgens klas
Byvoordele	<ul style="list-style-type: none"> - Gemeenskapsgerigte byvoordele: <ul style="list-style-type: none"> betalde verlof swangerskapsverlof militêre diens afreevoordele - Totale bedrag aan byvoordele betaal aan ander ondernemings
Gesondheid en veiligheid	<ul style="list-style-type: none"> - Aantal beroepsongelukke - Totale aantal ure verlore as gevolg van beserings - Permanente liggaamlik gestremdes in diens - Aantal noodlottige ongelukke - Aantal vervoerongelukke - Koers en totale bydraes tot werkloosheidsversekering - Bedrae aan werknemeropleiding in veiligheid bestee - Veiligheidskoste

Tabel 3.5 Onderwerpe gedek in verslagdoening oor werknemers deur Franse maatskappye
(Gray *et al.*, 1996:199 aangepas) (vervolg)

Onderwerp	Soort inligting
Kommunikasie met Werknemers	<ul style="list-style-type: none"> - Kommunikasiestrukture - Datums en inhoud van ooreenkomste gesluit - Deelname aan personeelverteenvoerwoordigerverkiesings - Aantal byeenkomste met personeelverteenvoerwoordigers

3.2.3.3 Swede

Volgens Gray *et al.* (1996:202) is maatskappyverslagdoening in Swede, net soos in Duitsland en Frankryk, op nywerheidsverhoudinge en werknemertevredenheid toegespits. Die klem het egter in Swede op verslagdoening vir interne besluitneming, eerder as eksterne gebruik, geval. 'n Interessante voorbeeld van die gebruik van gemeenskapsgerigte inligting vir bestuursbesluitneming is deur die maatskappy AB Volvo ontwikkel wat 'n gemeenskapsgerigte rekeningkundige model ontwikkel het om die ekonomiese en gemeenskapsgerigte gevolge van personeelomset en afdanking weer te gee.

Volvo het die verhoging in koste as gevolg van 'n hoë arbeidsomset erken en pogings aangewend om die gevolge van 'n hoë personeelomset finansiële te kwantifiseer, asook inligting oor die koste wat bespaar kan word indien voorkomende stappe gedoen word, weergegee. Hierdie berekenings is uitgebrei om ook die gevolge van arbeidsomset op die gemeenskap en regering weer te gee. (Gray, Owen & Maunders, 1987:34).

3.2.3.4 België

Delmot in Matthews (1993:113) het in 1980 altesaam 58 Belgiese ondernemings ondersoek en verslag oor gemeenskapsgerigte verslagdoening in hierdie ondernemings gedoen. Van die 58 ondernemings het 32 gemeenskapsgerigte inligting in hul finansiële jaarverslae bekend gemaak. 27 van hierdie verslae het beskrywende inligting bevat, 8

verslae het toegevoegde waardestate ingesluit, 15 verslae het nie-monetêre gemeenskapsgerigte verwysings bevat en 12 verslae het verhoudings om die inligting deur te gee, gebruik. Die algemene lengte van die verslae was tussen 2 en 4 bladsye. Die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers in België het dieselfde neigings as ander Europese lande getoon.

Navorsing oor verslagdoening oor werknemers in Europa het aan die lig gebring dat Duitsland die meeste inligting openbaar, met 'n gemiddeld van 3,36 bladsye, gevolg deur die VK met 2,04 bladsye. Switserse, Sweedse, Hollandse en Franse ondernemings het gemiddeld tussen 1,14 en 1,68 bladsye gebruik om inligting rakende die werknemers van die onderneming bekend te maak. Tabel 3.10 werp meer lig op die verslagdoening oor werknemers in verskeie Europese lande. Hierdie inligting is verkry uit navorsing wat deur Roberts in 1991 en Adams in 1995 op maatskappye in die onderskeie lande gedoen is (Gray *et al*, 1996:190).

Die ontwikkeling in verslagdoening oor die werknemers van ondernemings het ook in ander lande heelwat verandering getoon.

3.2.4 Ander lande

Die verandering in die verslagdoening oor werknemers in ander lande word kortliks aan die hand van verwickelinge in Australië en Nieu-Seeland bespreek.

3.2.4.1 Australië

Australië se verslagdoening oor werknemers word deur Matthews (1993:100), aan die hand van navorsing wat deur Guthrie in 1980 op die finansiële jaarverslae van die top 150 genoteerde Australiese ondernemings gedoen is, beskryf. Die resultate van die ondersoek toon dat 42% van die ondernemings se finansiële verslae een of ander vorm van gemeenskapsgerigte verslagdoening insluit. Die maatskappye het inligting oor verskillende onderwerpe soos volg uitgereik:

- menslike hulpbronne: 43%;
- omgewing: 21%;
- gemeenskapsbetrokkenheid: 14%;
- energie: 9%;
- produkte: 5%; en
- ander bedrywighe: 8%.

Matthews (1993:100) meen verder dat 60% van alle bekendmaking beskrywend en nie kwantitatief van aard was nie, terwyl 24% gebruik gemaak het van nie-monetêre kwantifisering. Die verslae wat beide kwantitatief en nie-kwantitatief van aard was, was beperk tot 12% van die ondernemings, terwyl slegs 4% monetêre inligting bekend gemaak het.

'n Verdere studie wat Guthrie in 1984 (in Matthews, 1993:101) onderneem het, het aan die lig gebring dat daar 'n toename van 44% in 1980, tot 52% in 1983 ten opsigte van verslagdoening oor werknemers was. Die bekendmaking van kwantitatiewe inligting oor menslike hulpbronne het toegeneem van 2% in 1980 tot 6% in 1983, terwyl die bekendmaking van nie-monetêre inligting van 24% in 1980 tot 38% in 1983, toegeneem het. Guthrie (in Matthews 1993:101) het die volgende vergelyking getref:

Tabel 3.6 Die soort inligting wat bekend gemaak is (Matthews, 1993:101 aangepas)

Die soort inligting wat bekend gemaak is	1980	1983
	%	%
Beide monetêre en nie-monetêre kwantifisering	10	29
Monetêre kwantifisering	6	3
Nie-monetêre kwantifisering	40	50
Beskrywend	44	18

Die plek waar inligting oor die werknemers van die onderneming bekend gemaak is, soos blyk uit navorsing wat deur Guthrie onderneem is, word in tabel 3.7 weergegee (Matthews, 1993:102):

Tabel 3.7 Die plek waar inligting bekend gemaak is (Matthews, 1993:102 aangepas)

Die plek waar die inligting bekend gemaak is	1980	1983
	%	%
Direkteursverslag	12	29
Afsonderlike afdeling van die finansiële jaarverslae wat aan gemeenskapsgerigte verslagdoening gewy word	0	1
Ander afdelings	16	18
Afsonderlike verslae	0	0

Die aantal bladsye wat volgens Guthrie (in Matthews 1993:102) aan gemeenskapsgerigte verslagdoening en verslagdoening oor werknemers gespandeer is, word in tabel 3.8 uiteengesit. Die tabel toon die hoeveelheid bladsye wat deur die aantal ondernemings aan die bekendmaking van inligting oor hul werknemers in die finansiële jaarverslae geskenk is.

Tabel 3.8 Die aantal bladsye wat aan gemeenskapsgerigte verslagdoening en verslagdoening oor werknemers geskenk is (Matthews, 1993:102 aangepas)

Die aantal bladsye wat aan gemeenskapsgerigte verslagdoening en verslagdoening oor werknemers geskenk is	1980	1983
0,01 – 0,25	11	6
0,26 – 0,50	8	10
0,51 – 0,75	2	6
0,76 – 1,00	3	1
1,01 en meer	4	3

Guthrie (in Matthews 1993:100) meen verder dat gemeenskapsgerigte verantwoordelike verslagdoening hoofsaaklik in direkteursverslae (50%), of in onbepaalde afdelings van die finansiële jaarverslae (40%), voorkom. Slegs 10% van die ondernemings het 'n

bepaalde afdeling van die finansiële jaarverslae gebruik om inligting rakende gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid en verslagdoening oor werknemers bekend te maak.

Die bekendmaking het oor die algemeen slegs 0,68 bladsye beslaan, waarvan 11% van die ondernemings meer as een bladsy gebruik het om die inligting bekend te maak, terwyl 40% minder as 'n kwart bladsy aan verslagdoening oor hul werknemers afgestaan het.

3.2.4.2 Nieu-Seeland

Verslagdoening oor werknemers is in 1977 deur Robertson (in Matthews 1993:104) in Nieu-Seeland ondersoek. Finansiële jaarverslae van die grootste 100 maatskappye wat op 30 September 1973 op die Nieu-Seelandse Effektebeurs genoteer is, is nagegaan. Robertson het veral aandag aan die omvang en aard van bekendmaking wat in die finansiële jaarverslae van 54 ondernemings voorgekom het, geskenk. Robertson het tot die gevolgtrekking gekom dat 79% van die ondernemings kwalitatiewe, 17% kwantitatiewe en 34% monetêre bekendmaking gebruik het (Matthews, 1993:104).

Davey (in Matthews, 1993:104) het in 1985 die finansiële jaarverslae van 15% van die maatskappye wat op 31 Maart 1982 op die Nieu-Seelandse Effektebeurs genoteer is op 'n willekeurige grondslag ondersoek. Uit die navorsing kon afgelei word dat die 32 ondernemings wat so gekies is, geklassifiseer kon word onder primêre, hoogs nywerheids-, vervaardigings- en diensondernemings. Die gevolgtrekking waartoe Davey (in Matthews, 1993:104) gekom het, was dat gemeenskapsgerigte verantwoordelike verslagdoening sedert die ondersoek wat deur Robertson in 1977 geloots is, merkwaardig toegeneem het. Davey het verder afgelei dat die bekendmaking oor die algemeen in kwalitatiewe state vervat is en dat ongeveer 60% van die ondernemings inligting van 'n 100 woorde of meer bekend gemaak het.

In tabel 3.9 word die aantal maatskappye wat inligting oor verskillende onderwerpe rakende hul werknemers weergegee het, persentasiegewys vergelyk met die totale aantal maatskappye wat ondersoek is. Die aantal sinne wat deur die maatskappye bekend gemaak is word verder as 'n persentasie met die totale aantal sinne wat openbaar gemaak is, vergelyk.

Tabel 3.9 Die bekendmaking van inligting oor verskillende onderwerpe rakende die werknemers van maatskappye in Nieu-Seeland (Hackston & Milne, 1996:172 aangepas)

	Aantal maatskappye wat inligting bekend gemaak het	Aantal maatskappye as 'n persentasie van die totale aantal maatskappye wat ondersoek is	Aantal sinne wat bekend gemaak is	Aantal sinne as 'n persentasie van al die sinne wat bekend gemaak is
Onderwerp		%		%
Omgewing	11	23	107	12
Menslike hulpbronne	37	79	523	57
Produkte	19	40	79	8
Energie	3	6	6	1
Gemeenskap	14	30	172	19
Algemeen/Ander	9	19	27	3
Totaal			914	100

Tabel 3.9 Die bekendmaking van inligting oor verskillende onderwerpe rakende die werknemers van maatskappye in Nieu-Seeland (Hackston & Milne, 1996:172 aangepas)
(vervolg)

	Aantal maatskappye wat inligting bekend gemaak het	Aantal maatskappye as 'n persentasie van die totale aantal maatskappye wat ondersoek is	Aantal sinne wat bekend gemaak is	Aantal sinne as 'n persentasie van al die sinne wat bekend gemaak is
Bewyse				
Monetêr	29	62	162	18
Nie-monetêr	30	64	182	20
Beskrywend	34	72	570	62
Totaal			914	100
Nuus				
Goeie	37	79	710	78
Slegte	15	32	57	6
Neutraal	22	47	147	16
Totaal			914	100

Tabel 3.10 Bekendmaking van inligting oor werknemers in Europese lande (Gray *et al*, 1996:190)

Land	Duitsland		Swede		Frankryk		Switserland		Nederland		VK	
	Roberts (1991)	Adams (1995)	Roberts (1991)	Adams (1995)	Roberts (1991)	Adams (1995)	Roberts (1991)	Adams (1995)	Roberts (1991)	Adams (1995)	Roberts (1991)	Adams (1995)
Jaar	1988/9	1992	1988/9	1992	1988/9	1992	1988/9	1992	1988/9	1992	1988/9	1992
Grootte	40	25	15	25	25	25	15	25	15	25	15	25
Enige werknemer bekendmaking	95%	100%	60%	100%	76%	100%	60%	100%	53%	100%	-	100%
Afsonderlike werknemersafdeling	-	92%	-	24%	-	52%	-	44%	-	36%	53%	20%
Waardering van werknemers	-	88%	-	36%	-	84%	-	92%	-	88%	73%	88%
Betaling en voordele	-	100%	-	96%	-	96%	-	84%	-	100%	-	100%
Onderverdeling van Getalle	-	100%	-	100%	-	92%	-	96%	-	96%	-	88%
Werwing/Oortoligheid	-	100%	-	88%	-	64%	-	84%	-	84%	-	80%
Opleiding	-	88%	-	40%	-	76%	-	56%	-	76%	-	60%
Kommunikasie	-	64%	-	24%	-	36%	-	28%	-	60%	-	96%
Gesondheid en veiligheid	40%	64%	0%	24%	12%	32%	20%	16%	33%	52%	33%	56%
Vakbonde	-	36%	-	0%	-	16%	-	16%	-	32%	-	16%

3.2.5 Opsomming

Navorsing oor die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers in verskillende lande het aan die lig gebring dat daar 'n toename in die bekendmaking van gemeenskapsgerigte verantwoordelike inligting, insluitende verslagdoening oor die werknemers, was. Ernst & Ernst (in Matthews, 1993:108) het byvoorbeeld in die VSA getoon dat gemeenskapsgerigte verantwoordelike inligting van 59,6% in 1973 tot 89,2% in 1977 toegeneem het. Navorsing van die grootste maatskappye in Australië het getoon dat 69% van hierdie ondernemings gemeenskapsgerigte verslagdoening in 1977 openbaar het teenoor 48% in 1972 en 26% in 1967. Maatskappye in Duitsland, Swede en Switserland het groter bekendmaking rakende hul werknemers getoon, alhoewel hierdie maatskappye geneig is om gesegmenteerde werknemersyfers bekend te maak, terwyl maatskappye in die VSA nie dieselfde neiging getoon het nie. Hierdie ontwikkeling van die bekendmaking van inligting oor die werknemers van maatskappye in ander lande dra by tot 'n beter begrip van die kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting oor die werknemers van maatskappye in Suid-Afrika en die meting daarvan.

3.3 DIE ONTWIKKELING VAN VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN SUID-AFRIKA (SA)

Volgens Konar (1989:7) het finansiële verslagdoening in die vroeë negentiende eeu as 'n eenvoudige oefening begin en toe ontwikkel tot 'n hoogs tegniese, ingewikkelde, multistaatfunksie wat 'n verskeidenheid onderwerpe rakende die finansiële bedrywighede van ondernemings dek. Die veranderende gemeenskapsgerigte houding, tesame met die ontwikkeling in wetgewing en gedragswetenskappe, het die omgewing van finansiële verslaggewing verder beïnvloed.

Nieteenstaande die voordele van verslagdoening oor werknemers en die internasionale ontwikkeling op hierdie gebied, blyk dit dat Suid-Afrikaanse maatskappye gedurende die tagtigerjare 'n agterstand teenoor Eerste wêreldlande in die bekendmaking van verslagdoening oor hul werknemers getoon het. Stobie (1986:341) neem die standpunt

in dat slegs 'n beperkte aantal maatskappye in Suid-Afrika inligting rakende werknemers bekend maak. Hierdie inligting word gewoonlik in die vorm van 'n toegevoegde waardestaat, in die finansiële jaarverslae van ondernemings, vervat.

Hierdie toestand is egter besig om te verander. Daar bestaan tans geen algemeen aanvaarde riglyne of standarde vir die bekendmaking van inligting rakende die werknemers van maatskappye nie. Die reg van die belangegroep en die gebruikers van finansiële jaarverslae tot inligting rakende die maatskappy se gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid en in die besonder die werknemers van die maatskappy is erken. Dit het gelei tot die daarstelling van die CA/Anglo Alpha Employee Report Award wat in 1991 deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) erken is (Steyn & Vorster, 1995:3-6).

Die volgende besonderhede word volgens Steyn en Vorster (1995:3-6) in die finansiële jaarverslae vereis:

- profiel van die werknemers;
- loonvlakke;
- minimum lone;
- voordele waarop personeel geregtig is;
- vakbondverteenvoordiging en individuele werknemerverhoudings;
- veiligheid by die werksplek;
- vigsbeleid en –opleiding;
- opleiding;
- inligting rakende omset en produktiwiteit;
- inligting rakende pensioen- en voorsorgfondse;
- gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid (intern en ekstern); en
- regstellende aksies.

Hierdie toekenning van die CA/Anglo Alpha Employee Report deur SAIGR was slegs gemik op maatskappye wat 'n afsonderlike werknemerverslag opgestel het. Die bekendmaking van werknemerverwante inligting in die finansiële jaarverslae van maatskappye moet, volgens Steyn en Vorster (1995:3-6), sekere van hierdie inligting bevat.

Die vlakke van verslagdoening oor werknemers wat in Suid-Afrika in die jaarlikse kompetisie, geloods deur die *Financial Mail*, gemeet word, sluit volgens Steyn en Vorster (1995:3-6) die volgende in:

- aantal werknemers verdeel volgens beroep;
- totale loonbetalings volgens beroep;
- arbeidsomset;
- opleidingsgeriewe vir eie werknemers;
- behuisingsgeriewe of gesubsidieerde behuising;
- ander byvoordele;
- opmerking oor vakbonde, loononderhandelinge, arbeidsverhoudinge en ander verwante sake;
- aantal of persentasie gestremde persone in diens;
- beleid ten opsigte van gelyke werknemergeleenthede;
- betrokkenheid by gemeenskapsontwikkeling;
- familievoordele, byvoorbeeld kleuterskole;
- regstellende aksies – ten opsigte van geslag, ras of fisies gestremde persone;
- werkverskaffing; en
- kwantitatief - begrote syfers of uitgawes per item as 'n persentasie van netto inkomste.

Konar (1989:266) het 'n studie gemaak van gemeenskapsgerigte verantwoordelike bekendmaking van inligting in die finansiële jaarverslae van die 66 grootste maatskappye op die JSE Sekuriteitebeurs (SA). Die persentasie maatskappye wat inligting rakende die volgende belangrike onderwerpe gemaak het, is soos volg:

- taakopleiding en ontwikkeling
95,5%
- indiensneming en bevordering van rasse minderheid 33,3%
- bevordering van gesondheid en veiligheid 10,6%
- verbetering van werksomstandighede 39,4%
- programme vir ondersteuning en plasing van gestremde persone 1,5%
- voldoening aan die vereistes van gedragskodes 12,1%
- vakbondteenwoordigheid en onderhandeling 63,6%
- oplossing van geskille en stakings 3,0%
- finansiële bystand in die verkryging van behuising 21,2%
- pensioen-/aftreefondsvoordele 15,2%
- mediese fondsinligting 9,1%
- opleiding in effektiewe kommunikasie 1,5%
- verbeterde produktiwiteit 3,0%
- ondersteuning met bestuursontwikkelingsprogram 4,5%
- verskaffing van mediese dienste 3,0%.

Volgens Roberts (1990:5) bestaan daar tans geen wetgewing in Suid-Afrika wat die bekendmaking van werknemerinligting vereis nie. Everingham (1993:10) ondersteun hierdie standpunt en meen verder dat weinig navorsing oor verslagdoening oor werknemers in Suid-Afrika gedoen is. Die Departement Rekeningkunde en Finansiële Bestuur aan die Universiteit van Pretoria het vir doeleindes van die ontleding van die finansiële jaarverslae van maatskappye in Suid-Afrika, hul eie raamwerk ontwikkel wat op 'n wye reeks literatuur gegrond is (Erasmus, 1998:52). Die raamwerk maak voorsiening vir die bekendmaking van inligting met betrekking tot werknemersaangeleenthede soos vervat in die riglyn Stakeholder Communication in the Annual Report (SAIGR, 1997:11).

Die volgende raamwerk, wat op die "UN document" gegrond is en die grondslag van die ACCA Occasional Research Paper No. 6 van Roberts (1990:5-24) gevorm het, is gebruik om 'n vraelys vir die ontleding van verslagdoening oor werknemers in Suid-Afrika, daar te stel:

3.3.1 Toegevoegde waardestaat

Die toegevoegde waardestaat beklemtoon die standpunt dat die aandeelhouders van 'n maatskappy nie die enigste belangegroep in 'n onderneming is nie, maar dat werknemers net so 'n belangrike rol vervul. Die toegevoegde waardestaat word gebruik om die toedeling van hulpbronne aan die belangegroep te meet. Die inligting word gewoonlik grafies voorgestel en sluit waardevermindering, buitengewone items, nie-bedryfsinkomste, belasting op toegevoegde waarde, uitgestelde belasting, werkgeversbydraes tot regeringsfondse, direkteursvergoeding en die bekendmaking van rente betaal, in. (Erasmus, 1998:53).

3.3.2 Missie en beleid

Die bekendmaking van inligting sluit die ondernemer se missie ten opsigte van sy werknemers en verwante aangeleenthede in en is op die langtermyn doelwitte van die onderneming gemik. Die beleidstandpunt van die onderneming word in meer vaste terme gestel en sluit die daaglikse aangeleenthede rakende die werknemers van die onderneming in. Die volgende werknemerverwante beleide is in Suid-Afrika van belang, naamlik die beleid ten opsigte van:

- arbeidsverhoudinge;
- gesondheid en veiligheid;
- afleggings;
- gestruktureerde opleiding en onderwys; en
- behuising (Steyn & Vorster, 1995:3-6).

3.3.3 Bedrywighede

Volgens Steyn en Vorster (1995:3-6) kan die bedrywighede van die onderneming rakende die werknemers en werknemerverwante aangeleenthede omskrywend, kwantitatief of op albei maniere gegee word.

- Beskrywend:

beskrywende bekendmaking moet omvattend, in uitdruklike, eerder as algemene terme, sowel as gesegmenteerd, weergegee word. Die ondernemings moet sowel positiewe as negatiewe inligting bekend maak. Die prestasies van die maatskappy moet sover moontlik, met sekere voorafbepaalde aanvaarbare standarde, vergelyk word. Die onderwerpe wat deur beskrywende bekendmaking bekend gemaak word, kan onder andere inligting oor die onderneming se beleid ten opsigte van regstellende aksies, vakbondvertegenwoordiging binne die maatskappy en arbeidsonderhandelinge wat op daardie tydstip aan die gang is, insluit (Erasmus, 1998:54).

- Kwantitatief:

kwantitatiewe bekendmaking van die bedrywighede van 'n onderneming moet verkieslik oor die hoofbedrywighede van die onderneming, eerder as onbelangrike aangeleenthede, handel. Hierdie aangeleenthede moet omvattend en gesegmenteerd weergegee word en waar moontlik ook met voorafbepaalde aanvaarbare standarde vergelyk word. Die syfers wat weergegee word, moet die huidige syfers eerder as opgelope syfers wees en vergelykende syfers moet, waar moontlik, gegee word (Erasmus, 1998:54).

Die kwantitatiewe inligting wat openbaar gemaak word sluit volgens Steyn en Vorster (1995:3-6) die onderwerpe soos in tabel 3.11 hieronder weergegee, in. Hierdie struktuur word in hoofstukke 5 en 6 gebruik om die bekendmaking van verslagdoening oor werknemers in Suid-Afrika tussen die jare 2000 tot 2003, met mekaar te vergelyk. Die ontwikkeling van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in Suid-Afrika is belangrik ten einde die kwantiteit en kwaliteit daarvan behoorlik te kan meet en met die winsgewendheid en grootte van maatskappye te vergelyk.

Tabel 3.11 Die kwantitatiewe inligting wat openbaar gemaak word

(Steyn & Vorster, 1995:3-6 aangepas)

Finansiële inligting	Tegniese inligting
Bedrae op gesondheid en veiligheid spandeer	Besonderhede oor die aantal ongelukke en die erns daarvan
Die kostekomponent verbonde aan die beëindiging van diens	Die aantal werknemers wat afgedank is
Die kostekomponent verbonde aan gestruktureerde opleiding en onderwys	Die aantal werknemers wat gestruktureerde opleiding of onderwys ontvang het
Die kostekomponent verbonde aan die weerhouding van arbeid	Die dae of ure wat verlore gegaan het as gevolg van die weerhouding van arbeid Die bekendmaking van die arbeidsomset snelheid en afwesigheidskoers
Die kostekomponent verbonde aan behuisingsbystand	Die aantal en belangegroepes wat behuisingsbystand ontvang het
	Die aantal werknemers volgens belangegroepes: <ul style="list-style-type: none"> - geslag - agtergeblewe werknemers - gestremde persone - voltydse en deeltydse werknemers

3.4 VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN FINANSIËLE JAARVERSLAE

Inligting oor die gemeenskapsgerigte bedrywighede van 'n onderneming en sy werknemers kan op verskillende maniere aan die belanghebbende persone oorgedra word. Die mees algemene metodes om gemeenskapsgerig verslag te doen oor die bedrywighede van die onderneming sluit finansiële jaarverslae, afsonderlike werknemer - en omgewingsverslae, tydskrifte, persverklarings, inhuiskoerante en -tydskrifte in (Erasmus, 1998:56).

Volgens Erasmus (1998:56) identifiseer die Kingverslag wat in 1994 gepubliseer is, die finansiële jaarverslae van ondernemings as die belangrikste bron van inligting en die kommunikasieproses tussen die onderneming en sy belanghebbendes. In die finansiële jaarverslae word belanghebbende partye ingelig oor die werksaamhede, resultate en doelstellings van die onderneming sodat hulle tot beter besluitneming in staat sal wees. Die feit dat veel meer inligting oor werknemers in afsonderlike verslae bekend gemaak kan word, is belangrik, tog word hierdie inligting in finansiële jaarverslae vervat.

Vir doeleindes van hierdie studie word daar op die finansiële jaarverslae as bron van inligting oor verslagdoening oor die werknemers in maatskappye, om die kwantiteit en kwaliteit daarvan te bepaal, gekonsentreer. Afsonderlike werknemersverslae of ander bronne van inligting word nie in hierdie studie gebruik nie.

Hierdie bekendmaking van inligting oor die werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye moet egter van goeie kwaliteit wees en die kwantiteit daarvan moet bepaal kan word.

3.5 SAMEVATTING

Die ontwikkeling van gemeenskapsgerigte verslagdoening, met besondere verwysing na die verslagdoening oor die werknemers van die onderneming, is kortliks bespreek. Daar is veral klem op die ontwikkeling van verslagdoening oor die werknemers van ondernemings in die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk, Europese lande soos Duitsland, Frankryk, Swede en België en ander ontwikkelde lande, soos Australië en Nieu-Seeland, gelê. Die ontwikkeling van verslagdoening oor die werknemers van Suid-Afrikaanse maatskappye het ook aandag geniet.

Uit hierdie bespreking blyk dit dat die Verenigde State van Amerika, Verenigde Koninkryk en selfs sekere Europese lande aan die begin van die sewentigerjare baie aandag aan verslagdoening oor hul werknemers geskenk het. Uit tabel 3.10 blyk dit duidelik dat Duitsland die grootste ontwikkeling ten opsigte van die verslagdoening oor

die werknemers van die onderneming getoon het. Hierdie neiging tot die bekendmaking van inligting rakende die werknemers van ondernemers het sedertdien afgeneem.

Die mate waartoe inligting oor die werknemers van die onderneming bekend gemaak word, hang grootliks af van die wetgewing van elke land en die kulturele omgewing wat in daardie land heers. Die meeste ondernemings maak dus slegs daardie inligting wat deur wetgewing vereis word, bekend. Die inligting wat so bekend gemaak word, kan in verskillende vorme en op verskillende plekke voorkom.

In Suid-Afrika word daar tans nog heelwat aandag aan die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye geskenk, maar die kwantiteit van inligting oor werknemers wat deur die maatskappye weergegee word, is steeds beperk. Suid-Afrikaanse maatskappye maak inligting oor hul werknemers op verskeie plekke bekend, maar in hierdie studie gaan daar slegs aandag geskenk word aan die bekendmaking van inligting in die finansiële jaarverslae van ondernemings.

Die ontwikkeling van verslagdoening oor werknemers is van belang in die meting van die inligting wat in finansiële jaarverslae bekend gemaak word. Hierdie inligting wat bekend gemaak word, word verder in die studie aan 'n meetinstrument gemeet. Die verslagdoeningsindeks (som van die verskeie onderafdelings in die vraelys) wat so bepaal word, vorm die grondslag van die meting van die kwalitatiewe inligting oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye.

Die verslagdoening oor werknemers in Suid-Afrika word in meer besonderhede in hoofstukke 5 en 6 behandel. 'n Vergelykende studie van die kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting wat deur die maatskappye bekend gemaak word wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer is, sal aan die hand van 'n vraelys, vir die jare 2000 tot 2003, met die winsgewendheid en grootte van die maatskappye vergelyk word.

HOOFSTUK 4

DIE ONTWIKKELING VAN 'N INSTRUMENT VIR DIE METING VAN DIE KWANTITEIT EN KWALITEIT VAN DIE VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN FINANSIËLE JAARVERSLAE

4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is die noodsaaklikheid van verslagdoening oor die werknemers van ondernemings of maatskappye, as deel van die behoefte aan gemeenskapsgerigte verslagdoening, beklemtoon. Die behoefte van die onderskeie gebruikers van finansiële jaarverslae oor die werknemers van maatskappye verskil grootliks. Behalwe wat die verskil in die behoeftes aan inligting oor die werknemers betref, het die ontwikkeling van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die onderskeie lande nie teen dieselfde spoed en op dieselfde vlak plaasgevind nie.

Die behoefte aan inligting oor die werknemers van maatskappye in die onderskeie lande het daartoe gelei dat navorsing deur verskillende navorsers gedoen is ten einde 'n instrument daar te stel om die inligting oor werknemers, soos vervat in die finansiële jaarverslae van maatskappye, te meet.

In hierdie hoofstuk word die ontwikkeling en daarstelling van so 'n meetinstrument in besonderhede bespreek. Die hoofstuk handel eerstens oor die ondersoek wat geloods is ná die ontwikkeling van verskillende meetinstrumente deur verskeie navorsers regoor die wêreld. Daarna word klem op die meetinstrument wat deur Erasmus (1998) ontwikkel is, gelê. Die kriteria wat Erasmus gevolg het in die ontwerp van die meetinstrument wat toegepas is op die finansiële jaarverslae van maatskappye, word kortliks bespreek.

Ten einde die mees korrekte en prakties bruikbare meetinstrument tot stand te bring, is dit belangrik om daarop te let dat die meetinstrument wat ontwikkel en gebruik sal word, aan die volgende vereistes moet voldoen. Volgens Ruf, Muralidhar en Paul (1998: 122) moet:

- die meetinstrument onafhanklik van die basiese eienskappe van die maatskappy wees;
- dit gegrond word op uitkomsmaatstawwe eerder as aannames;
- die waarde daarvan vir die gebruikers van finansiële verslae in aanmerking geneem word; en
- dit in besonder verslagdoening oor werknemers meet.

Ingram en Frazier (1980:620) het reeds in 1980 die standpunt ingeneem dat nie net die kwantiteit van bekendmaking van inligting van belang is nie, maar dat die kwaliteit van verslagdoening die bruikbaarheid van die inligting deur eksterne gebruikers beïnvloed. 'n Ontleding van die inhoud van finansiële jaarverslae word dikwels in navorsing wat oor die kwantiteit van verslagdoening in finansiële jaarverslae handel, gebruik.

Deur slegs 'n inhoudsontleding in navorsing oor die inligting wat in die finansiële jaarverslae van maatskappye weergegee word te gebruik, kan 'n verdraaide beeld oor die kwaliteit van die inligting weerspieël word. Dit is daarom volgens Erasmus (1998:63) van belang dat die kwaliteit van die inligting ook beoordeel moet word. Ten einde in staat te wees om die kwaliteit van die inligting te bepaal, word daar 'n gewig aan elke item wat in die finansiële jaarverslae van maatskappye bekend gemaak is, toegeken.

Voordat die beoordelingskaal toegepas word, moet daar eers gekyk word na die ontwikkeling van 'n meetinstrument. Hierdie meetinstrument word in hoofstukke 5 en 6 gebruik om die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye met die winsgewenheid en grootte van maatskappye te vergelyk.

4.2 DIE ONTWIKKELING VAN 'N MEETINSTRUMENT DEUR VERSKEIE NAVORSERS

Die daarstelling van 'n instrument vir die meting van die kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting soos vervat in die finansiële jaarverslae van maatskappye, word aan die hand van navorsing deur verskeie navorsers bespreek.

Die beoordeling van inligting met betrekking tot die werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye word volgens literatuurstudies onder gemeenskapsgerigte verantwoording ingesluit. Navorsing wat gedoen is ten opsigte van die kwantiteit van verslagdoening oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye, het oor die algemeen inhoudsontleding gebruik. In Erasmus (1998:59) word inhoudsontleding volgens Abbott omskryf as

... 'n tegniek vir die insameling van inligting wat bestaan uit die kodifisering van kwalitatiewe inligting volgens kategorieë ten einde kwantitatiewe skale van verskillende vlakke van ingewikkeldheid te verkry.

Cochran en Wood (1984:44) noem die volgende voordele en nadele van die gebruik van inhoudsontleding as 'n metode om die gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid van maatskappye te meet. Die voordele sluit in:

- die blote feit dat die tegniek metodies van aard is, maak die gebruik van 'n groter steekproef moontlik; en
- wanneer die veranderlikes van die steekproef gekies is, is die proses redelik objektief van aard.

Cochran en Wood (1984:44) het die nadele verbonde aan die gebruik van inhouds-ontleding as volg uitgewys:

- die keuse van die veranderlikes is subjektief van aard; en
- die tegniek meet slegs wat maatskappye aandui hulle gedoen het en nie noodwendig wat werklik gedoen word nie.

Die metode wat navorsers gevolg het om die inligting oor die werknemers van maatskappye te beoordeel, is gedoen deur 'n lys op te stel van die items wat beleggers, volgens die navorsers, as belangrik beskou. Die doel van die lys, en ook die gebruikers op wie hierdie ondersoek gerig is, beïnvloed die keuse van die items wat ingesluit word. Aan elke item wat in hierdie lys opgeneem is, is 'n gewig, op grond van die relatiewe belangrikheid van die item ten opsigte van die geheel, toegeken. (Malone, Fries & Jones 1993:257.)

Die grootste beperking van die toekenning van 'n punt vir elke item wat bekend gemaak is, lê daarin dat die inligtingswaarde van elkeen van hierdie items van mekaar verskil. Dit lei daartoe dat die gebruikers van die finansiële jaarverslae van maatskappye daardie ondernemings wat minder items, met 'n groter inligtingswaarde belangriker beskou as die finansiële jaarverslae van daardie maatskappye wat meer items met 'n kleiner inligtingswaarde bekend maak. Volgens Cahan en Malone (1995:32-33) moet daar 'n gewig, wat op wetenskaplike wyse ontwikkel is, aan elke item toegeken word ten einde 'n aanpassing vir die bruikbaarheid van die items wat in die finansiële jaarverslae van maatskappye bekend gemaak is, te maak.

4.3 DIE METING VAN DIE KWANTITEIT VAN VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS

4.3.1 Inleiding

Die meting van die kwantiteit van verslagdoening oor werknemers word kortliks aan die hand van die keuse van die bronne van verslagdoening en die gebruik van die vraelys bespreek.

4.3.1.1 Die keuse van die bronne van verslagdoening

Gegronde op die beskouing van Gray, Kouhy en Lavers (1995:56-59) dat finansiële jaarverslae die sentrale fokuspunt van verslagdoening vorm, word die finansiële jaarverslae van maatskappye as uitgangspunt vir die meting van verslagdoening oor werknemers, gebruik. Alhoewel daar baie kritiek op die gebruik van finansiële jaarverslae bestaan, byvoorbeeld dat die verslae onvolledig met betrekking tot verslagdoening oor werknemers is, of slegs positiewe inligting aan die gebruiker deurgee, beskou baie navorsers die finansiële jaarverslae as die belangrikste bron van inligting. Hierdie navorsers sluit volgens Erasmus (1998) onder andere Roberts (1993), Singhvi en Desai (1971), Trotman en Bradley (1981), Owen (1993), Epstein en Freeman (1994) en Buzby (1974) in.

Ongeag negatiewe gevoelens oor die gebruik van finansiële jaarverslae om inligting oor werknemers bekend te maak, dien die finansiële jaarverslae van maatskappye as uitgangspunt om die meetinstrument te ontwerp. Gray (1995:56-59) stel dit dat finansiële jaarverslae gebruik kan word omdat die gereelde bekendmaking van hierdie verslae verpligtend is en as die belangrikste dokument om die maatskappy se gemeenskapsgerigte beeld uit te dra, beskou kan word.

Die vraelys wat in hierdie studie gebruik en bespreek word, is ontwerp vir die ontleding van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye soos in die finansiële jaarverslae van genoteerde maatskappye vervat. Bykomende werknemersverslae wat nie deel van die gebinde finansiële jaarverslae van 'n maatskappy uitmaak nie, word vir doeleindes van hierdie model uitgesluit. Die gebruik van die finansiële jaarverslae van maatskappye in die ontwerp van die model word aan die volgende redes toegeskryf:

- eerstens sal 'n afsonderlike werknemerverslag slegs 'n beperkte aantal gebruikers hê;
- finansiële jaarverslae vorm in die tweede plek 'n belangrike bron vir die bevestiging van inligting aangaande die aktiwiteite van die onderneming; en
- die finansiële jaarverslae van die maatskappy dien laastens as 'n enkele jaarlikse dokument waarin alle inligting met betrekking tot die maatskappy weergegee word (Erasmus, 1998).

4.3.1.2 Die gebruik van die vraelys

Die vraelys wat deur die Universiteit van Pretoria ontwikkel is om inligting wat maatskappye in hul finansiële jaarverslae met betrekking tot werknemers bekend maak te meet, word vir die ontwikkeling van die model gebruik. Hierdie vraelys is sedertdien hersien ten einde nuwe vrae wat na vore gekom het in ag te neem en enige tekortkominge wat kon bestaan uit die weg te ruim (Erasmus, 1998:52-55, 61).

Die vraelys bestaan uit 33 vrae wat oor werknemerverwante inligting in finansiële jaarverslae handel. Baie van die vrae het subvrae wat op die hoofvraag gegrond is en die volgende afdelings word onderskei (Erasmus, 1998:50-51):

- beleid en missiestelling ten opsigte van werknemers;
- toegevoegde waardestaat;
- werknemerverslag;
- beleid ten opsigte van werknemers;
- beleid ten opsigte van regstellende optredes;
- arbeidsverhoudinge;
- gesondheid en veiligheid;
- diensbeëindiging;
- opleiding en onderrig;
- arbeidsomset;
- afwesigheid;
- aantal werknemers;
- behuising;
- geskooldheid van werknemers;
- skepping van nuwe werksgeleenthede;
- produktiwiteitsvlakke;
- inligting oor aftreevoordele, mediese voordele en personeellings; en
- gemeenskapsbetrokkenheid.

4.3.2 Die formaat en inhoud van die vraelys

Die formaat en inhoud van die vraelys, “Sosiaal Verantwoordelike Bekendmaking Vraelys”, wat vir doeleindes van hierdie studie gebruik word, bestaan uit 33 vrae en subvrae (Erasmus, 1998).

Vraag 1.3 tot vraag 4 van die vraelys handel oor verslagdoening oor die omgewing en word vir doeleindes van hierdie studie weggelaat. Die ander vrae, soos in die vraelys genommer, sluit in:

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys

Vraag nommer	Vraag
1	Algemene inligting Missie/Beleidstelling
1.1	Word daar in die beleid/missiestelling van die werknemers melding gemaak?
1.2	Maak die beleid/missiestelling van 'n beleid/missie met betrekking tot gemeenskapsgerigte/gemeenskapsaangeleenthede melding?
Verslagdoening oor werknemers	
5	Toegevoegde waardestaat.
5.1	Maak die maatskappy 'n toegevoegde waardestaat bekend?
5.1.1	Word dit bekend gemaak in die vorm van kontant of toevalling? Of andersins is die antwoord nie van toepassing nie.
5.2	Indien 'n volledige toegevoegde waardestaat nie bekend gemaak word nie, watter van die volgende twee gedeeltes word bekend gemaak? Toegevoegde waarde, waardeverdeling. Alternatiewelik, word 'n volledige toegevoegde waardestaat bekend gemaak?
5.3	Indien 'n toegevoegde waardestaat verskaf word, hoe word dit bekend gemaak? Slegs numeries, slegs grafies, beide metodes.
5.4	Indien 'n grafiese voorstelling gemaak word, watter vorm neem die grafiek aan? Sirkeldiagram, kolomgrafiek, ander.
5.5	Indien 'n numeriese staat verskaf word, word vergelykende syfers vir een, twee, drie tot vyf, ses tot tien jaar, of glad nie, weergegee?
5.6	Indien 'n grafiese staat verskaf word, word vergelykende syfers vir een, twee, drie tot vyf, ses tot tien jaar, of glad nie, weergegee?

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys (vervolg)

Vraag nommer	Vraag
5.7	Indien 'n toegevoegde waardestaat verskaf word, hoe word die toegevoegde waarde bereken? Bruto van waardevermindering, netto van waardevermindering, nie-in besonderhede nie.
5.8	Indien 'n toegevoegde waardestaat verskaf word, word die hantering van buitengewone items bekend gemaak?
5.9	Indien 'n toegevoegde waardestaat verskaf word, word die hantering van nie-bedryfsinkomste bekend gemaak?
5.10	Indien 'n toegevoegde waardestaat verskaf word, word die hantering van die werkgewer se bydrae tot staatsfondse verwant aan die welsyn van die werknemer (bv. werkloosheidsversekeringsfonds bydraes - WVF), bekend gemaak?
5.10.1	Indien die hantering van die koste in 5.10 verskaf word, word dit as 'n deel van werknemers of regering hanteer?
5.11	Indien 'n toegevoegde waardestaat verskaf word, is die staat geouditeer?
5.12	Indien 'n toegevoegde waardestaat verskaf word, word die hantering van belasting op toegevoegde waarde (BTW) bekend gemaak?
5.13	Word besonderhede rakende die direkteursvergoeding bekend gemaak?
5.14	Indien die toegevoegde waardestaat verskaf word, word besonderhede rakende uitgestelde belasting bekend gemaak?
5.15	Indien die toegevoegde waardestaat verskaf word, hoe word rente betaal en ontvang bekend gemaak? Netto bedrag, afsonderlik getoon, slegs betaal, geen aanduiding word gegee nie.

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys (vervolg)

Vraag nommer	Vraag
6	Verslag oor werknemers
6.1	Waar word inligting met betrekking tot werknemers bekend gemaak? Direkteursverslag, verslag van die voorsitter, oorsig oor aktiwiteite, ander.
6.2	Indiensnemingsbeleid
6.2.1	Word die indiensnemingsbeleid van die maatskappy bekend gemaak?
6.2.2	Maak die maatskappy melding van die feit dat die indiensnemingsbeleid aan die gedragskode met betrekking tot werknemers voldoen?
6.2.3	Indien die indiensnemingsbeleid bekend gemaak word, spesifiseer: King- verslag, maatskappy se eie gedragskode, ander metode.
6.2.4	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot regstellende optredes bekend?
6.3	Arbeidsverhoudinge
6.3.1	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot arbeidsver- houdinge bekend?
6.3.2	Hoe word die optrede van die maatskappy ten opsigte van arbeidsver- houdinge bespreek? Beskrywend, beide beskrywend en numeries.
6.3.3	Indien die maatskappy inligting met betrekking tot die optrede van die maatskappy ten opsigte van arbeidsverhoudinge bekend maak, op watter basis word dit gedoen? Maatskappy as geheel, afsonderlike persele, uitgesoekte afdelings.
6.3.4	Indien die arbeidsverhoudinge van die maatskappy bekend gemaak word, word daar van enigiets negatief melding gemaak?

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys (vervolg)

Vraag nommer	Vraag
6.3.5	Maak die maatskappy enige dae/ure wat as gevolg van die weerhouding van werk verlore geraak het, bekend?
6.3.6	Word die finansiële uitwerking van die weerhouding van werk van die maatskappy in hoeveelheidsterme weergegee?
6.3.7	Indien die maatskappy die weerhouding van werk kwantifiseer, word vergelykende syfers gegee?
6.3.8	Indien daar tyd verlore gaan as gevolg van die weerhouding van werk, word vergelykende syfers gegee?
6.4	Gesondheid en veiligheid
6.4.1	Maak die maatskappy inligting oor gesondheid en veiligheid bekend?
6.4.2	Word die bekendmaking van die inligting oor gesondheid en veiligheid beskrywend of beide beskrywend en numeries weergegee?
6.4.3	Indien inligting oor gesondheid en veiligheid van die maatskappy bekend gemaak word, word dit vir die maatskappy as geheel, of vir afsonderlike persele en uitgesoekte afdelings gedoen?
6.4.4	Indien inligting oor die gesondheids- en veiligheidsonderwerpe van die maatskappy beskrywend gegee word, word enigiets negatiefs bekend gemaak?
6.4.5	Word inligting oor die uitgawes ten opsigte van gesondheid en veiligheid bekend gemaak?
6.4.6	Indien inligting oor uitgawes gegee word, word vergelykende syfers bekend gemaak?
6.4.7	Indien inligting met betrekking tot gesondheid en veiligheid bekend gemaak word, word dit teen 'n voorafbepaalde standaard gemeet?
6.4.8	Maak die maatskappy enige toekennings wat ten opsigte van gesondheid en veiligheid ontvang is, bekend?

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys (vervolg)

Vraag nommer	Vraag
6.4.9	Word die aantal ongelukke in die maatskappy bekend gemaak?
6.4.10	Indien die aantal ongelukke bekend gemaak word, vir hoeveel jaar word dit gegee?
6.4.11	Word die aantal dae wat verlore gegaan het as gevolg van ongelukke, bekend gemaak?
6.4.12	Indien die aantal dae wat weens ongelukke verlore gegaan het, bekend gemaak word, word vergelykende syfers soos die aantal jare of kriteria vir verslagdoening oor etiek, verskaf?
6.5	Diensbeëindiging
6.5.1	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot die beëindiging van diens bekend?
6.5.2	Word die inligting wat bekend gemaak word, slegs beskrywend of sowel beskrywend as numeries weergegee?
6.5.3	Watter basis word gebruik om die beëindiging van dienste in die maatskappy bekend te maak? Maatskappy as geheel, afsonderlike persele, uitgesoekte afdelings.
6.5.4	Maak die maatskappy die aantal of persentasie werknemers waarvan die diens gedurende die jaar beëindig is, bekend?
6.5.5	Indien die aantal werknemers wie se dienste beëindig is, bekend gemaak word, word vergelykende syfers, byvoorbeeld vir die aantal jare, gegee?
6.5.6	Maak die maatskappy die werknemerkostegedeelte ten opsigte van die beëindiging van diens bekend?
6.6	Gestruktureerde opleiding/opvoeding van werknemers
6.6.1	Maak die maatskappy inligting ten opsigte van gestruktureerde opleiding/onderwys van werknemers bekend?

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys (vervolg)

Vraag nommer	Vraag
6.6.2	Word die inligting wat bekend gemaak word slegs beskrywend van aard of sowel beskrywend as numeries gedoen?
6.6.3	Indien die inligting oor gestruktureerde opleiding/onderwys bekend gemaak word, op watter basis word dit gedoen? Maatskappy as geheel, afsonderlike persele, uitgesoekte afdelings.
6.6.4	Indien inligting oor gestruktureerde opleiding/onderwys bekend gemaak word, word enigiets negatief weergegee?
6.6.5	Word die aantal werknemers wat gestruktureerde opleiding/onderwys ontvang, bekend gemaak?
6.6.6	Word vergelykende syfers ten opsigte van die aantal werknemers wat opleiding/onderwys ontvang, weergegee?
6.6.7	Word die tyd wat aan gestruktureerde opleiding/onderwys gespandeer word, bekend gemaak?
6.6.8	Word vergelykende syfers ten opsigte van die tyd wat aan gestruktureerde opleiding/onderwys gespandeer word, bekend gemaak?
6.6.9	Word die afdeling van werknemers wat gestruktureerde opleiding/onderwys ontvang, bekend gemaak?
6.6.10	Watter afdelings van werknemers ontvang opleiding/onderwys? Bestuurslede, benadeelde werknemers, familielede, ander.
6.6.11	Word die koste verbonde aan opleiding/onderwys bekend gemaak?
6.6.12	Word vergelykende syfers met betrekking tot die koste verbonde aan opleiding bekend gemaak?
6.7	Arbeidsomset

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys (vervolg)

Vraag nommer	Vraag
6.7.1	Indien die arbeidsomset van die maatskappy bekend gemaak word, word dit ten opsigte van omset vir die jaar, aantal/koers van werknemers in diens geneem of aantal jare, weergegee?
6.7.2	Word vergelykende syfers ten opsigte van die arbeidsomset bekend gemaak?
6.8	Afwesigheid
6.8.1	Word die afwesigheidskoers van die maatskappy bekend gemaak?
6.8.2	Word vergelykende syfers ten opsigte van die afwesigheidskoers bekend gemaak?
6.9	Aantal werknemers
6.9.1	Indien die maatskappy inligting met betrekking tot die aantal werknemers in diens bekend maak, word dit gedoen op grond van gemiddelde, jaareind, nie-in besonderhede syfers?
6.9.2	Indien die maatskappy syfers met betrekking tot die aantal werknemers in diens bekend maak, word vergelykende syfers gegee?
6.9.3	Indien die maatskappy syfers met betrekking tot die aantal werknemers bekend maak, word dit gedoen op grond van die aard van die besigheid, geografiese ligging, trekarbeiders, funksie, geslag, benadeelde persone, gestremde persone, voltyds/deeltydse werknemers of werkloosheid.
6.9.4	Indien syfers oor die aantal werknemers bekend gemaak word, word vergelykende syfers gegee?
6.9.5	Op watter basis word die inligting met betrekking tot die aantal werknemers weergegee? Maatskappy as geheel, afsonderlike persele, uitgesoekte afdelings.

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys (vervolg)

Vraag nommer	Vraag
6.9.6	Indien die maatskappy 'n onderskeid tussen die aantal manlike en vroulike werknemers tref, word die afdeling van indiensneming bekend gemaak?
6.9.7	Indien 'n onderskeid tussen manlike en vroulike werknemers getref word, word vergelykende syfers gegee?
6.9.8	Indien die maatskappy 'n aanduiding van die aantal benadeelde persone in diens gee, word die afdeling bekend gemaak?
6.9.9	Indien die maatskappy inligting oor die aantal benadeelde persone in diens bekend maak, word vergelykende syfers gegee?
6.9.10	Indien die maatskappy 'n verdeling ten opsigte van gestremde persone maak, word die afdeling van indiensneming bekend gemaak?
6.9.11	Indien die maatskappy syfers met betrekking tot gestremde persone in diens bekend maak, word vergelykende syfers gegee?
6.10	Behuising
6.10.1	Maak die maatskappy inligting met betrekking tot die behuising van werknemers bekend?
6.10.2	Word inligting met betrekking tot die behuising van werknemers beskrywend of sowel beskrywend as numeries weergegee?
6.10.3	Hoe word inligting met betrekking tot die behuising van werknemers bekend gemaak? Maatskappy as geheel, afsonderlike persele of uitgesoekte afdelings.
6.10.4	Indien inligting oor behuising beskrywend van aard bekend gemaak word, word enigiets negatief weergegee?
6.10.5	Word die aantal werknemers wat voordele ten opsigte van behuising ontvang het, bekend gemaak?

Tabel 4.1 Die inhoud van die vraelys (vervolg)

Vraag nommer	Vraag
6.10.6	Word vergelykende syfers ten opsigte van die aantal werknemers wat behuisingsvoordele ontvang, bekend gemaak?
6.10.7	Word die koste verbonde aan behuisingsbystand bekend gemaak?
6.10.8	Word vergelykende syfers ten opsigte van die koste van behuisingsbystand, bekend gemaak?
6.11	Maak die maatskappy inligting met betrekking tot die vlakke van aanleg van werknemers bekend?
6.12	Maak die maatskappy inligting met betrekking tot die skepping van nuwe werksgeleenthede bekend?
6.13	Maak die maatskappy inligting met betrekking tot die produktiviteitsvlakke van werknemers bekend?
6.14	Maak die maatskappy inligting met betrekking tot enige van die volgende onderwerpe bekend? Aftreevoordele, mediese voordele, persoonlike lenings aan werknemers.
7	Belegging in die gemeenskap
7.1	Maak die maatskappy inligting met betrekking tot die opheffing van die gemeenskap ten opsigte van die volgende onderwerpe bekend? Behuising, klinieke, sport, volwasse opleiding, nuwe werksgeleenthede, beurse, skole, gemeenskapsaangeleenthede.
7.2	Maak die maatskappy inligting met betrekking tot skenkings wat gemaak is of wat beplan word, bekend?

Uit benoemde lys kan afgelei word dat die kwantiteit van inligting wat oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye bekend gemaak kan word, 'n wye verskeidenheid insluit.

4.3.3 Die kwantiteit van die inligting per vraag soos vervat in die vraelys

Die kwantiteit van die inligting per vraag soos in die vraelys vervat, sal in die volgende hoofstukke in meer besonderhede bespreek word wanneer hierdie vrae op die top 100 maatskappye wat in die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, toegepas word.

Ten einde 'n ware beeld van die belangrikheid, kwantiteit en kwaliteit van die inligting wat so in die finansiële jaarverslae van maatskappye weergegee word, te kry, word aandag aan die meting van die kwaliteit van die inligting gegee. Die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye kan dan met die winsgewendheid en grootte van die maatskappye vergelyk word ten einde vas te stel of daar enige tersaaklike verband bestaan.

4.4 DIE METING VAN DIE KWALITEIT VAN DIE VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS

4.4.1 Inleiding

Ten einde 'n skaal van beoordeling te skep, moet die kwantiteit en afdelings van inligting wat bekend gemaak word, in aanmerking geneem word. Daarna moet gewigte vir die onderskeie afdelings vasgestel word en enige beperkings op die toekenning van hierdie gewigte in aanmerking geneem word. Die beoordelingskaal wat sodanig ontwikkel is, kan daarna prakties toegepas word om die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye te meet. Hierdie beoordelingskaal (verslagdoeningsindeks) kan in verdere ontledings gebruik word om die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was met die winsgewendheid en grootte van die maatskappye te vergelyk.

4.4.2 Die beoordelingskaal vir die meting van die kwaliteit van verslagdoening oor werknemers

Die ontwikkeling van 'n beoordelingskaal vir die meting van die kwaliteit van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye is in die vorige paragrawe in meer besonderhede bespreek. Vir doeleindes van hierdie studie word die beoordelingskaal wat in die doktorale proefskrif van Erasmus (1998) ontwerp is, toegepas.

Ingram en Frazier (1980:614-615) het in hul studie vier vlakke en twintig afdelings onderskei, terwyl Van Niekerk (1998:92-94) drie vlakke en tien afdelings onderskei het.

Die indeling van die inligting is nie 'n lukraak proses nie, maar moet aan die volgende twee vereistes voldoen:

- eerstens moet die afdeling so presies moontlik omskryf word sodat elkeen wat die inligting indeel dieselfde uitslae sal verkry; en
- in die tweede plek moet die afdeling volledig wees en nie aansluit by, of onderling verwant aan, ander afdelings nie (Erasmus, 1998:77-78).

Vir doeleindes van hierdie studie word vier vlakke met hul onderafdelings onderskei. Die toekenning van gewigte aan die verskillende afdelings hieronder genoem, kan nie lukraak plaasvind nie. Baie navorsers se menings word gebruik om as riglyne te dien vir die toekenning van gewigte aan die verskillende afdelings van inligting. Vir doeleindes van hierdie studie word die volgende menings in aanmerking geneem.

4.4.2.1 Bewyse

a) Monetêr en nie-monetêr (Hoeveelheidsinligting)

Volgens Flamholtz (Erasmus, 1998:75) het monetêre inligting 'n groter invloed op besluitneming as nie-monetêre inligting, deurdat monetêre inligting 'n vergelyking tussen ondernemings moontlik maak. Verder het die bekendmaking van monetêre inligting groter inligtingswaarde as nie-monetêre of kwalitatiewe-inligting, omdat monetêre inligting die hoogste vlak van meetbaarheid het.

Die bekendmaking van monetêre en hoeveelheidsinligting met betrekking tot gemeenskapsgerigte verantwoordelike sake verhoog die kwaliteit daarvan aangesien dit die pogings van die maatskappy in 'n gegewe gemeenskapsgerigte gebied, uitwys. Patten (1995: 275) meen dan ook dat:

[c]ompanies including quantified measures were not just paying lip service to social disclosure but were attempting to provide meaningful information.

Uit bogaande blyk dit duidelik dat die waarde van inligting wat monetêr weergegee word hoër is as dié van nie-monetêre inligting en daarom word 'n groter gewig aan die afdeling *monetêr* as aan die afdeling *nie-monetêr* toegeken. 'n Groter gewig word aan *nie-monetêre* inligting as aan inligting wat *kwalitatief* weergegee word, toegeken (Erasmus, 1998:75).

b) Kwalitatief

Alhoewel kwalitatiewe inligting volgens Erasmus (1998:75) nie dieselfde inligtingswaarde as monetêre en nie-monetêre inligting (hoeveelheidsinligting) het nie, verskaf dit nogtans bruikbare inligting vir die gebruiker van finansiële jaarverslae. Inligting wat volgens SAIGR (2006:Raamwerk, par 24) voldoen aan die kwalitatiewe eienskappe van bekendmaking, naamlik verstaanbaarheid, toepaslikheid, betroubaarheid en vergelykbaarheid (verwys na paragraaf 2.2), is bruikbaar vir die gebruikers van hierdie inligting.

Die afdeling *kwalitatief* word as gevolg van hierdie beperking 'n laer gewig toegeken as *monetêr* en *nie-monetêr*. As gevolg van die belangrikheid van die inligting wat op hierdie wyse weergegee word, word 'n groter gewig aan *kwalitatiewe* inligting as aan *verklarende* inligting toegeken.

c) Verklarend

Estes (1996: 59) het reeds in 1976 verklarende aantekeninge as die eenvoudigste vorm van verslagdoening beskryf. Dit is belangrik om daarop te let dat die verklarende inligting nie die kwaliteit van die onderneming se gemeenskapsgerigte verantwoordelikheid en dan in besonder, kwalitatiewe inligting oor werknemers bekend maak nie. 'n Laer gewig word derhalwe aan die afdeling *verklarend* as aan die afdelings *monetêr* en *nie-monetêre inligting en kwalitatiewe inligting* toegeken.

4.4.2.2 Volledigheid

Ingedeel en nie-ingedeel

Inligting met betrekking tot die werknemers van die onderneming is van groot belang vir die gebruikers van finansiële inligting, maar kan verdere besluitneming deur die gebruikers van finansiële jaarverslae vergemaklik indien hierdie inligting volgens verskillende afdelings weergegee word. Die afdelings kan insluit: ras, geslag, funksie, voltydse of deeltydse werkers, benadeelde werknemers, gestremde persone en so meer. Ondernemings wat inligting met betrekking tot die werknemers van die onderneming volgens afdelings weergee, toon duidelik groter belangstelling in en bekendmaking van hul beleid ten opsigte van werknemers as daardie ondernemings wat geen inligting weergee nie, of die inligting nie indeel nie. Om hierdie rede kry die afdeling *ingedeel* dieselfde gewig as kwalitatief, maar 'n groter gewig as die afdeling *nie-ingedeel*, wat dieselfde gewig dra as *verklarend* (Erasmus, 1998:77).

4.4.2.3 Nuuswaardigheid

Positief, neutraal en negatief

Deegan en Rankin (1996:62) is van mening dat ondernemings geneig is om slegs positiewe inligting bekend te maak. Erkenning behoort dus gegee te word aan daardie ondernemings wat bereid is om negatiewe inligting in hul finansiële jaarverslae bekend te maak. 'n Groter gewig word aan die afdeling *negatief* toegeken as aan die afdeling *positief of neutraal* (Erasmus, 1998:77). Daar word nie voorsiening gemaak vir maatskappye wat niks negatief het om bekend te maak nie.

4.4.2.4 Vergelykbaarheid

Vergelykende syfers

Omdat die gebruikers van finansiële jaarverslae volgens SAIGR (2006: Raamwerk, par 39) in staat gestel moet word om die finansiële jaarverslae van ondernemings met mekaar te kan vergelyk ten einde die onderneming se finansiële vermoë te beoordeel, het vergelykende syfers groter inligtingswaarde. 'n Groter gewig word toegeken aan ondernemings wat *vergelykende syfers* vir meer as een jaar weergee as ondernemings wat vergelykende syfers vir slegs een jaar weergee, of geen vergelykende syfers toon nie (Erasmus, 1998:77).

Hierdie vlakke met hul onderskeie onderafdelings word in table 4.2 saamgevat.

Tabel 4.2 Vlakke en afdelings (Erasmus, 1998:77-78 aangepas)

Bewyse	Volledigheid	Nuuswaardigheid	Vergelykbaarheid
Monetêr	Ingedeel	Positief	Historiese inligting vir meer as een jaar
Nie-monetêr	Nie-ingedeel	Neutraal	Vergelykende syfers vir een jaar
Kwalitatiewe		Negatief	
Verklarend			
Geen			

Tabel (4.3) toon die gewigte wat aan die verskillende vlakke volgens afdeling toegeken word na aanleiding van die motiverings hierbo gegee.

Tabel 4.3 Beoordelingskaal vir die meting van die kwaliteit van verslagdoening oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye (Erasmus, 1998:77-78)

Afdeling	Omskrywing	Gewig
Bewyse		
Monetêr	Feitelike inligting met betrekking tot die onderneming se werknemers word in monetêre terme uitgedruk	4
Nie-monetêr	Feitelike inligting met betrekking tot die onderneming se werknemers word in hoeveelheidsterme, anders as monetêr, uitgedruk	3
Kwalitatiewe	Feitelike inligting met betrekking tot die onderneming se werknemers word in kwalitatiewe terme uitgedruk	2
Verklarend	'n Mening word uitgespreek of 'n verklaring met betrekking tot die werknemers van die onderneming word gemaak	1
Geen	Geen inligting met betrekking tot die werknemers van die onderneming word gegee nie	0
Volledigheid		
Ingedeel	Inligting met betrekking tot die werknemers van die onderneming word vir elke afdeling, segment of onderafdeling van die onderneming bekend gemaak, of Inligting met betrekking tot die werknemers van die onderneming word onderverdeel in verskillende afdelings	2

Tabel 4.3 Beoordelingskaal vir die meting van die kwaliteit van verslagdoening oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye (Erasmus, 1998:77-78) (vervolg)

Afdeling	Omskrywing	Gewig
Nie-ingedeel	Inligting met betrekking tot die werknemers van die onderneming word slegs in geheel vir die onderneming bekend gemaak of Inligting met betrekking tot die werknemers van die onderneming word slegs vir die uitgesoekte segmente of afdelings van die onderneming bekend gemaak	1
Nuuswaardigheid		
Positief	Gebeure of omstandighede met betrekking tot die werknemers van die onderneming wat 'n positiewe beeld van die onderneming uitdra	1
Neutraal	Gebeure of omstandighede met betrekking tot die werknemers van die onderneming wat nie die beeld van die onderneming beïnvloed nie	1
Negatief	Gebeure of omstandighede met betrekking tot die werknemers van die onderneming wat die beeld van die onderneming negatief kan raak	2

Tabel 4.3 Beoordelingskaal vir die meting van die kwaliteit van verslagdoening oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye (Erasmus, 1998:77-78) (vervolg)

Afdeling	Omskrywing	Gewig
Vergelykbaarheid		
Historiese inligting vir meer as een jaar	Vergelykende syfers met betrekking tot die werknemers van die onderneming word vir meer as een voorafgaande finansiële tydperk bekend gemaak	2
Vergelykende syfers vir een jaar	Vergelykende syfers met betrekking tot die werknemers van die onderneming word vir die vorige finansiële tydperk bekend gemaak	1
Geen vergelykende syfers	Geen vergelykende syfers met betrekking tot die werknemers van die onderneming word vir die vorige finansiële tydperk bekend gemaak nie	0

4.4.3 Beoordeling van die vrae in die vraelys volgens vlakke en afdelings

In die vorige paragrawe is die kwantiteit van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die meting van die kwaliteit van die inligting bespreek. Die totale waardes wat aan die vrae in die vraelys wat in die volgende hoofstuk op die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, toegepas word, word soos volg saamgevat. Raadpleeg paragraaf 4.3.2 vir die vrae soos in die vraelys vervat. Terwille van eenvormigheid word die vraagnommer, met die gewig wat aan elke vraag toegeken word, dieselfde gehou as die nommers wat in paragraaf 4.3.2 gebruik is. Indien 'n bepaalde vraagnommer, wat in die vraelys voorkom, nie hier gebruik word nie, word daar geen gewig aan die vraag toegeken nie, byvoorbeeld vraag 5.4. Die rede hiervoor is om dubbeltelling te voorkom.

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Verge-lykbaar-heid	Volle-digheid	
1. Beleid/missiestelling						
1.1	Word daar in die maatskappy-beleid of missiestelling van die werknemers melding gemaak?	1				1
1.2	Maak die beleid/missiestelling van 'n beleid/missie met betrekking tot gemeenskapsgerigte/gemeenskapsaangeleenthede melding?	1				1
5. Toegevoegde waardestaat						
5.1	Verskaf die maatskappy 'n toegevoegde waardestaat?	1				1
5.2	Watter afdeling, waarde toegevoeg of verdeling van waarde word bekend gemaak indien 'n volledige staat nie verskaf word nie?				2 indien volledige staat of 1 indien slegs een van die afdelings	2 of 1

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys	Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
	Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
5.3	Hoe word die toegevoegde waardestaat uiteengesit?				
5.3.1	Numeries	4			4
5.3.2	Grafies	3			3
5.3.3	Beide metodes	7			7
5.5	Indien die numeriese staat voorsien word, vir hoeveel jare word vergelykende syfers weergegee?				
5.5.1	Een jaar			1	1
5.5.2	Twee of meer jare			2	2
5.6	Indien 'n grafiese staat voorsien word, vir hoeveel jare word vergelykende syfers weergegee?				
5.6.1	Een jaar			1	1
5.6.2	Twee of meer jare			2	2
5.7	Hoe word toegevoegde waarde bereken?				
5.7.1	Voor aftrekking van waardevermindering			2	2
5.7.2	Na aftrekking van waardevermindering			1	1
5.8	Word die hantering van buitengewone items bekend gemaak?			1	1
5.9	Word die hantering van nie-bedryfsinkomste afsonderlik bekend gemaak?			1	1

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Verge-lykbaar-heid	Volle-digheid	
5.10	Word die hantering van die werkgewer se bydrae tot staatsfondse verwant aan die welsyn van die werknemer, bekend gemaak?				1	1
5.12	Word die hantering van belasting op toegevoegde waarde bekend gemaak?				1	1
5.13	Word direkteursvergoeding bekend gemaak?				1	1
5.14	Word die hantering van uitgestelde belasting bekend gemaak?				1	1
5.15	Hoe word die rente betaal en ontvang bekend gemaak?					
5.15.1	Netto bedrag				1	1
5.15.2	Afsonderlik getoon				2	2
6. Verslagdoening oor werknemers						
6.1	Waar word inligting met betrekking tot werknemers bekend gemaak: direkteursverslag, voorsittersverslag, oorsig oor bedrywighede, en/of ander		1 vir elke item			1 vir elke item met 'n maksimum van 4

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys	Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks	
	Bewyse	Nuus	Verge-lykbaar-heid	Volle-digheid		
6.2	Indiensnemingsbeleid					
6.2.1	Word die maatskappy se indiensnemingsbeleid bekend gemaak?	2				2
6.2.2	Voldoen die indiensnemingsbeleid van die maatskappy aan 'n formele gedragskode?		1			1
6.2.3	Aan watter van die volgende kodes voldoen die indiensnemingsbeleid van die maatskappy: Die Sullivan Kode, die Saccalo Kode, Organisasie vir Ekonomiese Bestuur en Ontwikkeling, ander?		1			1
6.2.4.1	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot sy beleid aangaande regstellende optrede bekend?		1			1
6.2.4.2	Maak die maatskappy sy beleid met betrekking tot regstellende optrede bekend?	2				2

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys	Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
	Bewyse	Nuus	Verge-lykbaar-heid	Volle-digheid	
6.3 Arbeidsverhoudinge					
6.3.1 Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot arbeidsverhoudinge bekend?		1			1
6.3.1.1 Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot werkersunies bekend?		1			1
6.3.1.1.1 Maak die maatskappy melding van enige unieverteewoordiging op bestuursvlak?		1			1
6.3.1.2 Maak die maatskappy melding van enige loononderhandelinge wat aan die gang is?		1			1
6.3.2 Is die bekendmaking met betrekking tot die optrede van die maatskappy op die gebied van arbeidsverhoudinge slegs beskrywend, of beskrywend en numeries van aard?	2 of 5				2 of 5
6.3.3 Op watter grondslag word die inligting oor arbeidsverhoudinge bekend gemaak?					
6.3.3.1 Maatskappy as geheel				1	1
6.3.3.2 Afsonderlike persele				2	2
6.3.3.3 Uitgesoekte afdelings van die maatskappy				1	1

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.3.4	Word enigiets negatiefs van die arbeidsverhoudinge van die maatskappy bekend gemaak?		2			2
6.3.5	Maak die maatskappy die dae/ure wat as gevolg van die weerhouding van arbeid verloor is, bekend?	3				3
6.3.6	Word die finansiële uitwerking van die weerhouding van arbeid bekend gemaak?	4				4
6.3.7	Indien die maatskappy die dae/ure wat as gevolg van die weerhouding van arbeid verloor is bekend maak, vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek?					
6.3.7.1	Een jaar				1	1
6.3.7.2	Twee of meer jare				2	2
6.3.8	Indien die maatskappy die uitwerking van die weerhouding van arbeid bekend maak, vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek?					
6.3.8.1	Een jaar				1	1
6.3.8.2	Twee of meer jare				2	2
6.4	Gesondheid en veiligheidstandaarde					
6.4.1	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot gesondheid en veiligheid bekend?		1			1

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys	Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
	Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.4.2	Indien die inligting bekend gemaak word, hoe word dit gedoen?				
6.4.2.1	Beskrywend	2			2
6.4.2.2	Beskrywend en numeries	5			5
6.4.3	Op watter grondslag maak die maatskappy inligting met betrekking tot gesondheid en veiligheid bekend?				
6.4.3.1	Maatskappy as geheel			1	1
6.4.3.2	Afsonderlike persele			2	2
6.4.3.3	Uitgesoekte afdelings			1	1
6.4.4	Word melding van enigiets negatiefs gemaak?		2		2
6.4.5	Word besonderhede van uitgawes met betrekking tot gesondheid en veiligheid bekend gemaak?	4			4
6.4.6	Vir hoeveel jare word vergelykende syfers verstrek indien uitgawes bekend gemaak word?				
6.4.6.1	Een jaar			1	1
6.4.6.2	Twee of meer jare			2	2
6.4.7	Word die optrede van die maatskappy op die gebied van gesondheid en veiligheid met 'n voorafbepaalde standaard vergelyk?		1		1

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.4.8	Maak die maatskappy sy NOSA-gradering bekend?	3				3
6.4.9	Word die aantal ongelukke in die maatskappy bekend gemaak?	3				3
6.4.10	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die aantal ongelukke bekend gemaak word?					
6.4.10.1	Een jaar			1		1
6.4.10.2	Twee of meer jare			2		2
6.4.11	Word die aantal dae wat as gevolg van ongelukke verloor word, bekend gemaak?	3				3
6.4.12	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die aantal dae wat as gevolg van ongelukke verloor word, bekend gemaak word?					
6.4.12.1	Een jaar			1		1
6.4.12.2	Twee of meer jare			2		2
6.5	Diensbeëindiging					
6.5.1	Maak die maatskappy sy beleid ten opsigte van diensbeëindiging bekend?		1			1

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys	Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
	Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.5.2 Is die bekendmaking van die maatskappy se optrede op die gebied van diensbeëindiging slegs beskrywend, of beskrywend en numeries van aard?	2 of 5				2 of 5
6.5.3 Op watter grondslag word die optrede van die maatskappy op die gebied van diensbeëindiging bekend gemaak?					
6.5.3.1 Maatskappy as geheel				1	1
6.5.3.2 Afsonderlike persele				2	2
6.5.3.3 Uitgesoekte afdelings				1	1
6.5.4 Word die aantal werknemers waarvan die dienste gedurende die jaar beëindig is, bekend gemaak?	3				3
6.5.5 Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die aantal werknemers wie se dienste beëindig is, bekend gemaak word?					
6.5.5.1 Een jaar				1	1
6.5.5.2 Twee of meer jare				2	2
6.5.6 Maak die maatskappy die kostedeel met betrekking tot die beëindiging van dienste bekend?	4				4
6.6 Gestruktureerde opleiding/opvoeding van werknemers					

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys	Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
	Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.6.1 Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot gestruktureerde opleiding van werknemers bekend?		1			1
6.6.2 Word die inligting met betrekking tot gestruktureerde opleiding beskrywend, of beskrywend en numeries weer-gegee?	2 of 5				2 of 5
6.6.3 Op watter grondslag word inligting met betrekking tot gestruktureerde opleiding bekend gemaak?					
6.6.3.1 Maatskappy as geheel				1	1
6.6.3.2 Afsonderlike persele				2	2
6.6.3.3 Uitgesoekte afdelings				1	1
6.6.4 Word daar van enigiets negatiefs melding gemaak indien inligting oor gestruktureerde opleiding bekend gemaak word?		2			2
6.6.5 Word die aantal werknemers wat gestruktureerde opleiding ontvang het, bekend gemaak?	3				3
6.6.6 Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die aantal werknemers wat gestruktureerde opleiding ontvang het, bekend gemaak word?					

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.6.6.1	Een jaar			1		1
6.6.6.2	Twee of meer jare			2		2
6.6.7	Word die tyd wat aan gestruktureerde opleiding bestee word, bekend gemaak?	3				3
6.6.8	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die tyd wat aan gestruktureerde opleiding bestee word, bekend gemaak word?					
6.6.8.1	Een jaar			1		1
6.6.8.2	Twee of meer jare			2		2
6.6.9	Word die afdeling persone wat gestruktureerde opleiding ontvang, bekend gemaak?				2	2
6.6.10	Watter van die volgende afdeling persone het gestruktureerde opleiding ontvang: bestuur, minderbevoorregtes, werknemers, families, ander?				2 vir elke item – maksimum 10	2 vir elke item – maksimum 10
6.6.11	Word die koste van gestruktureerde opleiding bekend gemaak?	4				4
6.6.12	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die koste van gestruktureerde opleiding bekend gemaak word?					

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys	Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
	Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.6.12.1 Een jaar			1		1
6.6.12.2 Twee of meer jare			2		2
6.7 Arbeidsomset					
6.7.1 Indien die maatskappy se arbeidsomset bekend gemaak word, hoe word dit gedoen?					
6.7.1.1 Omsetkoers vir die huidige jaar	3				3
6.7.1.2 Aantal of persentasie werknemers in diens	3				3
6.7.1.3 Vir 'n aantal jare	3				3
6.7.2 Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die arbeidsomset bekend gemaak word?					
6.7.2.1 Een jaar				1	1
6.7.2.2 Twee of meer jare				2	2
6.8 Afwesigheid					
6.8.1 Maak die maatskappy die afwesigheidskoers van werknemers bekend?	3				3
6.8.2 Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die afwesigheidskoers van werknemers bekend gemaak word?					
6.8.2.1 Een jaar				1	1
6.8.2.2 Twee of meer jare				2	2

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.9	Aantal werknemers					
6.9.1	Word die maatskappy se aantal werknemers as 'n gemiddeld of jaareindsyfer bekend gemaak?	3				3
6.9.2	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien die aantal werknemers bekend gemaak word?					
6.9.2.1	Een jaar				1	1
6.9.2.2	Twee of meer jare				2	2
6.9.3	Word die aantal werknemers onderverdeel volgens die lyn van besigheid, geografiese afdelings, trekarbeiders, funksie van werknemers, manlik/vroulik, minderbevoorregtes, gestremdes, heeltyds/deeltyds, en/of werklose persone, indien dit bekend gemaak word?				2 elk met 'n maksimum van 18	2 elk met 'n maksimum van 18
6.9.4	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers verstrek indien 'n onderverdeling van werknemers gegee word?					
6.9.4.1	Een jaar				1	1
6.9.4.2	Twee of meer jare				2	2
6.9.5	Indien die onderverdeling van werknemers bekend gemaak word, op watter grondslag word dit gegee?					

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.9.5.1	Maatskappy as geheel				1	1
6.9.5.2	Afsonderlike persele				2	2
6.9.5.3	Uitgesoekte afdelings				1	1
6.9.6	Word die indiensnemingsafdeling, byvoorbeeld topbestuur, middelbestuur en niebestuur bekend gemaak indien 'n opsomming van manlike/vroulike werknemers gegee word?				2	2
6.9.7	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers gegee indien 'n opsomming van manlike/vroulike werknemers bekend gemaak word?					
6.9.7.1	Een jaar				1	1
6.9.7.2	Twee of meer jare				2	2
6.9.8	Word die indiensnemingsafdeling, byvoorbeeld topbestuur, middelbestuur en niebestuur bekend gemaak indien 'n opsomming van minderbevoorregte werknemers gegee word?				2	2
6.9.9	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers gegee indien 'n opsomming van minderbevoorregte werknemers bekend gemaak word?					

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.9.9.1	Een jaar				1	1
6.9.9.2	Twee of meer jare				2	2
6.9.10	Word die indiensnemingsafdeling, byvoorbeeld topbestuur, middelbestuur en niebestuur bekend gemaak indien 'n opsomming van gestremde werknemers gegee word?				2	2
6.9.11	Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers gegee indien 'n opsomming van gestremde werknemers bekend gemaak word?					
6.9.11.1	Een jaar				1	1
6.9.11.2	Twee of meer jare				2	2
6.10	Behuising					
6.10.1	Maak die maatskappy sy beleid met betrekking tot die behuising van werknemers bekend?	2				2
6.10.2	Is die bekendmaking van die maatskappy se optrede met betrekking tot behuising vir werknemers slegs beskrywend of beskrywend en numeries van aard?	2 of 5				2 of 5
6.10.3	Indien inligting met betrekking tot behuising vir werknemers bekend gemaak, op watter grondslag word dit gedoen?					

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys	Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
	Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
6.10.3.1 Maatskappy as geheel				1	1
6.10.3.2 Afsonderlike persele				2	2
6.10.3.3 Uitgesoekte afdelings				1	1
6.10.4 Word daar van enigiets negatiefs melding gemaak indien inligting met betrekking tot behuising van werknemers bekend gemaak word?		2			2
6.10.5 Word die aantal werknemers wat behuisingsbystand ontvang het, bekend gemaak?	3				3
6.10.6 Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers met betrekking tot die aantal werknemers wat behuisingsbystand ontvang het, verskaf?					
6.10.6.1 Een jaar				1	1
6.10.6.2 Twee of meer jare				2	2
6.10.7 Word die koste van behuisingsbystand bekend gemaak?	4				4
6.10.8 Vir hoeveel jaar word vergelykende syfers met betrekking tot die koste van behuisingsbystand verskaf?					
6.10.8.1 Een jaar				1	1
6.10.8.2 Twee of meer jare				2	2

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Vergelykbaarheid	Volledigheid	
Algemeen						
6.11	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot die vlakke van aanleg van werknemers bekend?		1			1
6.12	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot nuwe werkseleenthede wat binne die maatskappy geskep is, bekend?		1			1
6.13	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot die produktiwiteitsvlakke van werknemers bekend?	1				1
6.14	Maak die maatskappy enige inligting met betrekking tot aftreevoordele, mediese voordele en personeellenings bekend?		1 elk			1 elk met 'n maksimum van 3

Tabel 4.4 Beoordeling van die vrae in die vraelys wat oor werknemers handel, volgens die verskillende vlakke en indelings (Erasmus, 1998:85-98) (vervolg)

Vraag in vraelys		Vlakke				Totale verslagdoeningsindeks
		Bewyse	Nuus	Verge-lykbaar-heid	Volle-digheid	
7. Belegging in gemeenskap						
7.1	Maak die maatskappy inligting met betrekking tot die opheffing van die gemeenskap ten opsigte van die volgende sake bekend: behuising, klinieke, sport, volwasse opleiding, nuwe werksgeleenthede, beurse, skole, gemeenskapsaangeleenthede?		1 elk			1 elk met 'n maksimum van 9

Die totale aantal punte wat 'n maatskappy kan verdien op grond van die gewigte wat aan die onderskeie items toegeken word, beloop 238. Vir doeleindes van hierdie studie word 'n punt tussen 81 en 120 as uitstekend beskou, terwyl 'n punt tussen 41 en 80 as goed beskou kan word. 'n Punt tussen 1 en 40 word as swak beskou (verwys na tabel 5.1 vir die totale aantal punte wat toegeken is).

Daar bestaan sekere beperkinge ten opsigte van die beoordelingskaal wat hierbo gegee word. Hierdie beperkinge word vervolgens kortliks bespreek.

4.4.4 Beperkinge op die toekenning van gewigte

Volgens Van Niekerk (1998:12) blyk dit uit navorsing wat in 1992 deur Kirkman en Hope gedoen is dat verklarende inligting in baie gevalle vermeng was met hoeveelhedsinligting en dat die skeidslyn tussen die twee baie klein was. Ten einde dubbeltelling te voorkom word daar in hierdie studie punte toegeken aan die hoogste afdeling wat op die vraag van toepassing kan wees. Hierdie metode van die toekenning van gewigte sal meebring dat dubbeltelling uitgeskakel word (Van Niekerk, 1998).

Alhoewel alle pogings moontlik aangewend word om die toekenning van gewigte oordeelkundig, logies en objektief te doen, berus hierdie toekenning van waardes op die subjektiewe oordeel van die navorser. Dit is dan ook as gevolg van hierdie subjektiewe beoordeling dat die inligtingswaarde van die onderskeie items nie met mekaar vergelyk kan word nie, byvoorbeeld 'n item met 'n gewig van 6 bevat nie noodwendig dubbel soveel inligting as 'n item met 'n waarde van 3 nie. Ongeag hierdie subjektiewe beoordeling met die toekenning van gewigte, dra die beoordelingskaal by tot die ontwikkeling van 'n objektiewe beoordelingskaal vir die bekendmaking van inligting oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye (Van Niekerk, 1998:12).

Die maksimum gewig wat volgens die beoordelingskaal aan 'n item toegeken kan word is 18 punte. Omdat die vraelys wat gebruik word vir die beoordeling van die items nie voorsiening maak vir items wat in besonder en in die geouditeerde gedeelte van die finansiële verslag bekend gemaak word nie is die maksimum gewig wat volgens Van Niekerk (1998) aan 'n item toegeken kan word 13 punte.

Die gewig wat aan die inligting oor die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye toegeken is, word in hoofstukke 5 en 6 op die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was, toegepas en met die winsgewendheid en grootte van die maatskappye vergelyk.

4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar hoofsaaklik klem gelê op die ontwikkeling van 'n meetinstrument ten einde die kwaliteit van inligting oor werknemers soos vervat in die finansiële jaarverslae van maatskappye te meet. Die metode wat navorsers meestal gevolg het om die inligting oor die werknemers van maatskappye te beoordeel, was om 'n lys van die items wat beleggers, volgens die navorsers, as belangrik beskou, op te stel. Aan elkeen van die items wat in hierdie lys vervat is, is 'n gewig, op grond van die relatiewe belangrikheid van die item ten opsigte van die geheel, toegeken.

Die grootste beperking van die toekenning van 'n punt vir elke item wat bekend gemaak is, lê daarin dat die inligtingswaarde van die onderskeie items van mekaar verskil. Dit lei daartoe dat die gebruikers van die finansiële jaarverslae van maatskappye daardie ondernemings wat minder items met 'n groter inligtingswaarde bekend maak belangriker beskou as daardie maatskappye wat meer items met 'n laer inligtingswaarde bekend maak.

Die vraelys wat in hierdie studie gebruik en bespreek word, is ontwerp vir die ontleding van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye soos in die finansiële jaarverslae van genoteerde maatskappye vervat. Die gebruik van ander verslae wat deur maatskappye bekend gemaak word, word nie in hierdie studie ingesluit nie.

Die indeling van die inligting is nie 'n lukrake proses nie, maar moet sodanig omskryf word sodat elkeen wat die inligting indeel dieselfde resultate sal verkry. Verder moet dit volledig wees en nie aansluit by, of onderling verwant wees aan, ander afdelings nie.

Vir doeleindes van hierdie studie word vier vlakke met hul onderskeie afdelings onderskei. Die eerste vlak sluit monetêre, nie-monetêre, kwalitatiewe, verklarende of geen inligting in nie. Die tweede vlak bestaan uit inligting wat ingedeel of nie-ingedeel is nie, terwyl die derde vlak bestaan uit positiewe, neutrale of negatiewe inligting. Die vierde vlak bestaan uit vergelykende syfers vir een jaar of vir twee of meer jare.

Die toekenning van waardes vir die verskillende items in die vraelys wat in die navorsing gebruik word, is vervolgens volledig bespreek en in tabel 4.3 weergegee. Uit die tabel blyk dit duidelik dat daar 'n onderskeid getref gaan word tussen die waardes van die verskillende items wat in die lys voorkom. Hierdie toekenning van waardes word, met inagneming van die beperkinge van die toekenning van waardes, in hoofstuk 5 in besonderhede toegepas op die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was.

Die meting van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers is onontbeerlik in die bepaling van die kwalitatiewe waarde van hierdie inligting in die finansiële jaarverslae van maatskappye. Die ontwikkeling van 'n instrument vir die meting van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor werknemers is uiters belangrik. Die verslagdoeningsindeks wat uit die toepassing van hierdie meetinstrument op die inligting in finansiële jaarverslae verkry word, word met die winsgewendheid en grootte van maatskappye vergelyk ten einde enige moontlike verband te bepaal.

In hierdie hoofstuk is die inhoud van die vraelys en die gewig wat aan elkeen van die items in die vraelys voorkom, toegeken is, in besonderhede bespreek. Hierdie vraelys word in hoofstuk 5 gebruik om die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye te ontleed deur 'n gewig aan elk toe te ken. Hierdie syfers gaan verder gebruik word om die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye te meet en 'n vergelyking met die winsgewendheid en grootte van die onderskeie maatskappye te tref.

HOOFSTUK 5

'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE KWANTITEIT EN KWALITEIT VAN DIE VERSLAGDOENING OOR WERKNEMERS IN FINANSIËLE JAARVERSLAE

5.1 INLEIDING

In die studie tot dusver is die meting van die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, as deel van die behoefte aan gemeenskapsgerigte verslagdoening, toegelig. Uit voorafgaande hoofstukke het dit aan die lig gekom dat die verslagdoening oor die werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye grootliks ten opsigte van verskillende lande asook, maar baie belangrik, verskillende maatskappye verskil. Voorts is daar bevind dat dit onmoontlik is om die kwantiteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye direk uit die finansiële jaarstate van die maatskappye te meet.

Die ontwikkeling van 'n meetinstrument, ten einde die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye te meet, is in hoofstuk 4 in besonderhede bespreek. Die meetinstrument, wat Erasmus (1998) as deel van 'n doktorsproefskrif ontwikkel het, vorm die grondslag vir die meting van verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was en word verder in hierdie hoofstuk bespreek.

Die meetinstrument word vervolgens op die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, gebruik om 'n totale verslagdoeningsindeks van die maatskappye vir die onderskeie jare te bepaal.

Die invloed tussen die veranderlikes van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye (hierna slegs verwys as verslagdoening), grootte van die maatskappye en maatskappywinst oor die jare 2000 tot 2003 word ondersoek. Die verslagdoeningsindeks saam met syfers van die grootte van maatskappye en winste word veral op die roudata van die studie, wat later meer volledig bespreek word, toegepas.

Bo en behalwe die veranderlikes wat in aanmerking geneem word, word verskeie faktore in die ondersoek oorweeg. Die tersaaklike faktore sluit die soort afhanklikheid van verslagdoening op die winsgewendheid en grootte van die maatskappy in. Die bydrae van die jaareffek tot die regressiemodel, die gebruik van gemiddelde syfers om die effek van maatskappye oor verskeie jare te probeer ondervang, die vraag of twee veranderlike of meervoudige regressies toepaslik is en die volledigheid van die inligting tot beskikking van die navorser, word ook ingesluit. Die meriete van rangorde-toekenning van maatskappye word ook oorweeg.

Ter aansluiting by die statistiese analisetegnieke wat in die ontledings gebruik en bespreek gaan word, word 'n kort uiteensetting van die mees algemene statistiese begrippe wat op hierdie tegnieke betrekking het, gegee. Hierdie begrippe sluit in maatstawwe van die plek en verspreiding van die veranderlikes wat ondersoek word, soos die rekeningkundige gemiddeld, die variansie en standaardafwyking, asook maatstawwe wat by die meting en verklaring van die verband tussen die veranderlikes, naamlik korrelasie, meervoudige regressie, betekenisvolheid en verspreidingsdiagramme gebruik word.

Ten einde die verband tussen bogenoemde veranderlikes te bepaal, word verspreidingsdiagramme (ook puntdiagramme, “scatterplots” genoem), korrelasies en meervoudige liniêre regressie (“multiple regression”) vir die roudata bereken. 'n Meer volledige uiteensetting van elke tegniek word in die onderskeie afdelings wat volg, bespreek.

'n Bespreking van die empiriese ondersoek na die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die finansiële jaarverslae is noodsaaklik ten einde 'n vergelyking van die resultate met die winsgewendheid van die maatskappye te tref en enige verband wat tussen die veranderlikes mag bestaan, te bepaal.

Die begrippe wat in die inleiding aangeroei is, word nou in die volgende afdelings vollediger bespreek.

5.2 DIE VERANDERLIKES WAT IN DIE ONDERSOEK GEBRUIK IS

Verskillende veranderlikes word in hierdie ondersoek bekyk, naamlik die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye (verslagdoening), die grootte van die top 100 maatskappye wat betref batewaardes en die winsgewendheid van maatskappye.

Ten einde die model op die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) gedurende die jare 2000 tot 2003 genoteer was toe te pas, moet daar op die volgende veranderlikes, wat in hoofstukke 5 en 6 in die ondersoek gebruik word, gelet word.

Die eerste veranderlike wat 'n rol in die model speel, is die winsgewendheid van die maatskappye. Die winsgewendheid van 'n maatskappy kan op verskeie wyses gemeet word, naamlik ten opsigte van omset, winsgewendheid vir die jaar, bruto wins, persentasie verandering van vorige jare en winsopslagpersentasie.

Die bruto wins van 'n maatskappy meet slegs die verskil tussen die opbrengs uit die verkope van goedere en dienste en die koste van verkope van daardie goedere en dienste vir die finansiële tydperk (Berry, de Klerk, Doussy, du Plooy, Jansen van Rensburg,

Ngcobo, Rehwinkel, Scheepers, Swanevelder & Viljoen, 2005:140). Dit is daarom nie 'n betroubare maatstaf om die algemene winsgewendheid van 'n maatskappy te meet nie aangesien ander inkomste en uitgawes verontagsaam word.

Die wins vir die jaar meet die verskil tussen die bruto wins, ander inkomste van die maatskappy en die uitgawes van die maatskappy vir die finansiële tydperk. Volgens Berry *et al* (2005:140) verskil maatskappye grootliks van mekaar wat betref die soort inkomste en uitgawe-items wat in die finansiële jaarverslae ingesluit word. Dit is om hierdie rede nie moontlik om met die wins vir die jaar 'n betroubare vergelyking tussen die onderskeie maatskappye wat in die ondersoek ingesluit is, te tref nie.

Die bruto winsopslagpersentasie word bereken deur die bruto wins van 'n maatskappy as 'n persentasie van die verkope vir 'n bepaalde tydperk uit te druk. Die winsopslagpersentasie van 'n maatskappy vir die jaar word bereken deur wins vir die jaar as 'n persentasie van die verkope vir dieselfde tydperk uit te druk (Steyn, Warren & Jonker, 2004:42-43). Hierdie twee opslagpersentasies word as gevolg van 'n gebrek aan die betroubare meting en die vergelykbaarheid daarvan, nie op die model toegepas nie.

Met die gebruik van omset as maatstaf van die winsgewendheid van die maatskappy kan redelike vergelykings tussen die maatskappye getref word aangesien die Internasionale Finansiële Rekeningkundige Standaard (IAS 1) bepaal dat die omset van 'n maatskappy op die vooraansig van 'n inkomstestaar moet verskyn (SAIGR, 2006: Raamwerk, par 81). Die inkomstestaar is verder aan ouditering onderhewig wat tot gevolg het dat die omsetsyfer redelik betroubaar in die finansiële jaarverslae weergegee word.

Daar is vir doeleindes van hierdie ondersoek besluit om die winsgewendheid van die maatskappye wat ontleed word, in terme van die omset van die bepaalde maatskappye te meet.

Die tweede veranderlike wat in die model in aanmerking geneem word, is die grootte van die maatskappye. In hierdie navorsing word die grootte van die maatskappye aan die omvang van die bates van die onderskeie maatskappye gemeet. Die omvang van die bates van 'n maatskappy kan duidelik uit die finansiële jaarverslae van die maatskappy, en in besonder uit die balansstaat en die aantekeninge vir die jaar, verkry word. Die omvang van die bates van elke maatskappy word gebruik om die grootte van die maatskappye te bepaal ten einde die top 100 maatskappye vir die jare 2000 tot 2003 te onderskei en te ontleed.

Die derde veranderlike wat gebruik word is die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die finansiële jaarverslae van daardie maatskappye. Die verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was, is verkry deur die meetinstrument wat in hoofstuk 4 bespreek is, op hierdie maatskappye toe te pas. Dit word, soos reeds genoem, uitgedruk as 'n verslagdoeningsindeks wat die som van verskeie onderafdelingtellings in die vraelys is. Die toepassing van die meetinstrument op die top 100 maatskappye vir die onderskeie jare, word later in hierdie hoofstuk verder bespreek.

Bo en behalwe die veranderlikes wat in die ondersoek gebruik word, moet bepaalde faktore in aanmerking geneem word.

5.3 FAKTORE WAT IN DIE ONDERSOEK OORWEEG IS

In paragraaf 5.2 is die veranderlikes wat in die ondersoek gebruik word, naamlik omset wat die grondslag vir winsbepaling van maatskappye voorstel, die grootte van die maatskappye gemeet aan die batewaarde daarvan en die kwantiteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye (verslagdoening) wat in die ondersoek in aanmerking geneem is, kortliks bespreek. Daar bestaan egter ook verskeie faktore wat 'n rol in die ondersoek na die meting van die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye gespeel het. Hierdie faktore word kortliks bespreek ten einde hul belangrikheid in die navorsing te bepaal.

'n Faktor wat in aanmerking geneem is, is die betekenisvolheid van die jaareffek om variasie in die regressiemodel oor die tydperk waarvoor die inligting beskikbaar was, te verklaar. Die hipotetiese vraag het ontstaan of die uitwerking van jare waarvoor data beskikbaar was, 'n invloed op die resultate sou hê. Die vraag was of maatskappye oor jare anders reageer en of hul verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, winsgewendheid en grootte van maatskappye (bates) min of meer 'n konstante patroon oor die jare gevolg het. Die invloed van jare word later in hierdie hoofstuk in meer besonderhede bespreek.

Soortgelyk aan die oorweging van die effek van jare is daar ook na die moontlike invloed van die grootte van maatskappye oor die onderskeie jare op die verklaring van variasie gekyk. Met die gebruik van 'n gemiddelde syfer per maatskappy, is die data van elke maatskappy saamgevat. 'n Gemiddelde syfer per maatskappy kan dan as verteenwoordigend van die maatskappy ten opsigte van winsgewendheid, die grootte van die maatskappy en verslagdoeningsindeks, beskou word. Die gebruik van gemiddelde syfers oor jare per maatskappy, in plaas van roudatasyfers, is oorweeg.

'n Baie belangrike oorweging wat aandag geniet het, was die tipe verband wat verslagdoening met die grootte en winsgewendheid van maatskappye sou hê. Die tipe verband wat oorweeg is, het 'n klousale verband met verslagdoening as die afhanklike veranderlike, of 'n klousale verband met verslagdoening as die verklarende (onafhanklike) veranderlike, behels. Die finale besluit oor die tipe verband waarop besluit is, word in paragraaf 5.6 in meer besonderhede bespreek.

In aansluiting tot die besluit oor die tipe verband wat in die regressie-analise toepaslik sou wees, moes besluit word of interaksiet Terme in die regressiemodel ingesluit moes word en of slegs hoofeffekte voldoende variasie in die regressiemodel sou verklaar. Hierdie oorweging word in paragraaf 5.6 bespreek.

Daar moes verder besluit word of slegs met volledige data, dit wil sê maatskappye waarvoor data oor al vier jare beskikbaar is, gewerk moes word. Daar moes besluit word of daardie maatskappye waarvoor al die inligting nie vir al vier jare beskikbaar was nie, uit die ondersoek weggelaat moes word. Ten einde hierdie besluit te kon neem is die ontleding aanvanklik op beide volledige en “onvolledige” datastelle gedoen. Die analiseresultate op die twee stelde data het baie ooreengestem. Dit het daartoe gelei dat daar besluit is om met al die data, wat onvolledige data van maatskappye ingesluit het, te werk.

'n Volgende oorweging was die plasing van maatskappye in bepaalde rangordes. Omdat die “top 100 maatskappye” soos deur die batewaarde van die maatskappy of maatskappywins op die rangorde, jaarliks verskil het, moes die omskrywing van die top 100 aangepas word om die data van maatskappye oor vier jaar te bekom. In sommige jare was 'n bepaalde maatskappy byvoorbeeld 90ste en die volgende jaar 105de, en so meer. In 'n laaste stap in die analise-prosedure is 'n rang aan maatskappye volgens gemiddelde wins toegeken. Verwys na die tabel in bylaag A.

5.4 DIE AANWENDING VAN DIE VRAELYS AS BEKENDMAKINGS-INSTRUMENT OP DIE TOP 100 MAATSKAPPYE

Die meetinstrument wat in paragraaf 4.4 ontwikkel is, is gebruik om tellings aan die vraelysitems vir elk van die top 100 maatskappye wat vir die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, te bereken. Die meetinstrument meet die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die vorm van 'n totale verslagdoeningsindeks per maatskappy en jaar.

Hierdie totale verslagdoeningsindeks en itemtellings het deel van die roudata van die studie gevorm. Die totale indeks is saamgestel as die som van 33 item-vraestellings in die vraelys. Raadpleeg paragraaf 4.3.2 vir 'n volledige vraelys.

In tabel 5.1 word die totale verslagdoeningsindeks (som in die tabel) wat vir elk van die maatskappye oor elk van die jare 2000 tot 2003 bereken is, weergegee. Hierdie tabel lys ook die sektore en sub-sektore waarin die maatskappye geklassifiseer is en gebruik afkortings vir die name van die maatskappye.

Tabel 5.1 Die bekendmaking van verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was

Afkorting (alfabeties)	Sektor	Sub-sektor	2003	2002	2001	2000
			Som	Som	Som	Som
ABI	Verbruikersgoedere	Drank	81	59	76	53
AECI	Grondstowwe	Chemikalieë	78	78	80	
AFGRI	Verbruikersgoedere	Voedselvervaardigers	27	57	63	58
AFROX	Grondstowwe	Chemikalieë	78	75	65	
AHEALTH	Gesondheidsorg	Gesondheidsdienste	84	66	66	52
ALTECH	Telekommunikasie	Mobiele kommunikasie	73	39	65	46
ALTRON	Nywerhede	Elektronies en Elektries		53	48	37

Tabel 5.1 Die bekendmaking van verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was (vervolg)

Afkorting (alfabeties)	Sektor	Sub-sektor	2003	2002	2001	2000
			Som	Som	Som	Som
ASPEN	Gesondheidsorg	Farmaseuties en biotegnologie	64	50	75	72
ASTRAL	Verbruikersgoedere	Voedselvervaardigers	45	51	45	
AVENG	Nywerhede	Konstruksie en materiale	82	69	83	54
A-V-I	Verbruikersgoedere	Voedselvervaardigers	60	74	54	55
BARWORLD	Nywerhede	Algemene nywerhede	96	88	71	68
BELL	Nywerhede	Industriële ingenieurswese	81	53	62	68
BIDVEST	Nywerhede	Steundienste	38	66	64	55
BTG	Tegnologie	Programmatuur en dienste	31	40	33	
CAXTON	Verbruikersdienste	Media	20	8	39	36
COMAIR	Verbruikersdienste	Reis en vryetyd	22	51		63
COMPAREX	Tegnologie	Programmatuur en dienste	88	43	49	54
COPI	Verbruikersdienste	Verpakking en drukwerk	1			
DATATEC	Tegnologie	Programmatuur en dienste	14		62	41
DELTA	Nywerhede	Elektronies en Elektries	41	40	45	52
DIDATA	Tegnologie	Programmatuur en dienste	28	50	93	62
DISTELL	Verbruikersgoedere	Drank	55	57	60	60
DORBYL	Nywerhede	Konstruksie en materiale	1	63	66	70
EDCON	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	82	90	82	93
ELLERINE	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	60	69	60	61
ENERGY	Grondstowwe	Chemikalieë	27	19	45	
FOSCHINI	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	56	45	59	44
GRINCOR	Nywerhede	Industriële vervoer	36	38	44	62
GRINTEK	Nywerhede	Elektronies en Elektries	55		82	72
GROUP-5	Nywerhede	Konstruksie en materiale	45	47	79	77
HIVELD	Grondstowwe	Industriële metale	73	86	94	
ILLOVO	Verbruikersgoedere	Voedselvervaardigers	103	96	75	78
IMPERIAL	Nywerhede	Industriële vervoer	73	70	47	51
INVICTA	Nywerhede	Industriële ingenieurswese	13			
ISCOR	Grondstowwe	Industriële metale	88	89	54	
JDGROUP	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	36	67	66	69
JOHNCOM	Verbruikersdienste	Media	59	61	73	61
KERSAF	Verbruikersdienste	Reis en vryetyd	106	77	70	52

Tabel 5.1 Die bekendmaking van verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was (vervolg)

Afkorting (alfabeties)	Sektor	Sub-sektor	2003	2002	2001	2000
			Som	Som	Som	Som
M&R-HLD	Nywerhede	Konstruksie en materiale	43	60	52	60
MASSMART	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	48	73	89	65
MEDCLIN	Gesondheidsorg	Gesondheidsdienste	56	52	61	70
METAIR	Verbruikersgoedere	Motors en onderdele	32	40	57	52
METCASH	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	48	64	78	53
MR PRICE	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	56	41	30	46
MTN GROUP	Telekommunikasie	Mobiele kommunikasie	89	56	80	76
MUSTEK	Tegnologie	Tegnologie apparatuur	24	60		41
NAIL	Verbruikersdienste	Media	1	12	12	
NAMPAK	Nywerhede	Algemene nywerhede	60	90	77	70
NASPERS	Verbruikersdienste	Media	10		62	68
NETCARE	Gesondheidsorg	Gesondheidsdienste	54	56	68	44
NUCLICKS	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	93	70	43	65
OCEANA	Verbruikersgoedere	Voedselvervaardigers	74	61	80	74
OMNIA	Grondstowwe	Chemikalieë	39	58	70	
PICKNPAY	Verbruikersdienste	Voedsel en medisyne kleinhandel	52	63	67	72
PIKWIK	Verbruikersdienste	Voedsel en medisyne kleinhandel	52			
PPC	Nywerhede	Konstruksie en materiale	133	68	95	85
RAINBOW	Verbruikersgoedere	Voedselvervaardigers	20	18	33	35
REBSERV	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	54	46	57	
RELYANT	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	30	66	56	62
REUNERT	Nywerhede	Elektronies en Elektries	54	51	82	66
RICHEMONT	Verbruikersgoedere	Persoonlike goedere	9	12	44	41
SAB	Verbruikersgoedere	Drank	110	93	94	97
SAPPI	Grondstowwe	Bosbou en papier	51	66	84	
SASOL	Olie en gas	Olie en gasverskaffers	85	110	104	
SEARDEL	Verbruikersgoedere	Persoonlike goedere	105	93	97	82
SHOPRIT	Verbruikersdienste	Voedsel en medisyne kleinhandel	31	66	51	54
SISA	Verbruikersdienste	Reis en vryetyd	106	103	87	80
STEINHOFF	Verbruikersgoedere	Huishoudelike goedere	44	27	58	51
SUPRGRP	Nywerhede	Industriële nywerhede	13	28	37	57
TIGBRANDS	Verbruikersgoedere	Voedselvervaardigers	61	62	60	64
TIWHEEL	Verbruikersgoedere	Motors en onderdele	35	47	36	50
TONGAAT	Verbruikersgoedere	Voedselvervaardigers	53	70	59	63
TOURVST	Verbruikersdienste	Reis en vryetyd	11			51
TRADEH	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	2	23	48	
TRENCOR	Nywerhede	Industriële vervoer	23	26	38	43

Tabel 5.1 Die bekendmaking van verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was (vervolg)

Afkorting (alfabeties)	Sektor	Sub-sektor	2003	2002	2001	2000
			Som	Som	Som	Som
TRUWORTHS	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	83	67	70	78
UNITRAN	Nywerhede	Industriële vervoer	59	51	63	63
WBHO	Nywerhede	Konstruksie en materiale	67		63	66
WOOLIES	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel	45	76	82	90
WOOLTRU	Verbruikersdienste	Algemene kleinhandel		19	49	38

Alhoewel die ontleding van die vraelyste op die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die onderskeie jare genoteer was gebruik is, is daar vir doeleindes van hierdie studie besluit om slegs op bepaalde sektore te konsentreer. Die rede vir hierdie besluit berus op die feit dat 'n beter vergelyking tussen soortgelyke maatskappye getref kan word. Verder is besluit dat slegs daardie maatskappye waarvoor die inligting geredelik maklik beskikbaar was, in die navorsing gebruik kon word. Die sektore wat in hierdie studie gebruik word, sluit in verbruiksgoedere, grondstowwe, gesondheidsorg, telekommunikasie en nywerhede.

Die data was nie altyd volledig nie omdat sommige van die maatskappye nie in die top 100 vir bepaalde jare geval het nie en ook omdat die jaarstate vir bepaalde jare nie op die tydstip van die ondersoek, vir ontleding beskikbaar was nie.

Voorlopige gevolgtrekkings kan reeds uit tabel 5.1 gemaak word wat betref die maatskappye wat die beste oor die vier jaar gevaar het. In 2000 het South African Breweries Bpk. (SAB) die beste verslagdoeningsindeks van 97 behaal, met Edgars Consolidated Stores Bpk. (Edcon) in die tweede plek op 93. Caxton het met 'n verslagdoeningsindeks van 36 die tweede laagste posisie behaal terwyl Rainbow Chicken Bpk., met 35, die swakste gevaar het.

SASOL het in 2001 die beste gevaar met 'n totale verslagdoeningsindeks van 104, met Seardel Investment Corporation Bpk. (Seardel) in die tweede plek op 97. Mr Price Bpk. het die tweede swakste posisie behaal met 'n totale verslagdoeningsindeks van 30 terwyl New Africa Investments Bpk. (Nail) op 12 die swakste gevaar het.

In 2002 was SASOL die maatskappy wat die beste gevaar het in die verslagdoening oor hul werknemers met 'n verslagdoeningsindeks van 110 en SISA met 103 het die tweede beste gevaar. Caxton and CTP Publishers and Printers Bpk. (Caxton) met 8, New Africa Investments Bpk. (Nail) met 12 en Rlichemont met 12 het die swakste gevaar.

In 2003 het Pretoria Portland Cement Bpk. (PPC) 'n totale verslagdoeningsindeks van 133 en die South African Breweries Bpk. (SAB) 'n punt van 110 vir die hoogste posisies behaal, teenoor Dorbyl Bpk. en New Africa Investment Bpk. (Nail) elk met 'n totaal van 1 die swakste gevaar het.

Ten einde 'n dieper insae in die effek van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye binne die ekonomiese sektor te verkry, asook die wisselwerking tussen die verslagdoeningsindeks en die winsgewendheid en grootte van maatskappye te ondersoek, is verspreidingsdiagramme, korrelasies en regressiemodelle bereken vir die data.

5.5 STATISTIESE TERMINOLOGIE

Ter aansluiting by die statistiese analisetegnieke wat in die volgende paragrawe in ontledings gebruik en bespreek word, word 'n kort uiteensetting van die mees algemene statistiese begrippe wat met hierdie tegnieke verband hou, kortliks bespreek.

Hierdie begrippe sluit in maatstawwe ten opsigte van die plek en verspreiding van die veranderlikes wat ondersoek word, soos die rekeningkundige gemiddeld, die variansie en standaardafwyking asook maatstawwe wat by die meting en verklaring van die verband tussen die veranderlikes, naamlik korrelasie, meervoudige regressie, betekenisvolheid en verspreidingsdiagramme gebruik word.

5.5.1 Rekeningkundige gemiddeld

In die huidige navorsing word sekere ekonomiese aanduiders, ook veranderlikes genoem, ondersoek. Hierna kan in statistiese terme as veranderlikes x , y en z , byvoorbeeld wins, grootte van maatskappye en verslagdoening oor werknemers, verwys word.

Ten einde 'n eerste algemene indruk van 'n veranderlike te bekom, word die rekeningkundige gemiddeld gereeld as maatstaf van sentraliteit bereken. Dit gee 'n aanduiding van 'n tipiese sentrale waarde waarom die waarnemings lê. Dit word omskryf as:

$$\bar{x} = \frac{1}{n} \sum x_i$$

waar x_i die waarnemings van veranderlike x , i 'n teller vir die aantal waardes naamlik n weergee en ' \sum ' aandui dat die waardes gesommeer word. (Schumann, Bouwer & Schoeman, 1974:45). 'n Voorbeeld hiervan is die winsgemiddeld wat in die navorsing gebruik word.

5.5.2 Variansie en standaardafwyking

Die som van die gekwadreerde afwykings van die waargenome waardes van 'n veranderlike vanaf hul rekeningkundige gemiddeld word gebruik om maatstawwe van verspreiding te ontwikkel. Maatstawwe van verspreiding dui aan hoe wyd waargenome waardes van 'n veranderlike om die rekeningkundige gemiddeld versprei is (Schumann *et al*, 1974:80).

Indien die genoemde somme van kwadrate deur die aantal waarnemings gedeel word, word 'n maatstaf, die variansie, verkry.

Deur die vierkantswortel van variansie te neem word die maatstaf van verspreiding, naamlik die standaardafwyking, soos volg verkry:

$$S_x = \sqrt{\frac{1}{n} \sum (x_i - \bar{x})^2}$$

waar s die standaardafwyking, x_i die waarnemings van veranderlike x , i 'n teller vir die aantal waardes naamlik n weergee en ' \sum ' aandui dat die waardes gesommeer word. Die standaardafwyking word altyd bereken om die veranderlikes beter te omskryf (Schumann *et al*, 1974:80).

5.5.3 Die verbandmaatstawwe van korrelasie en meervoudige regressie, asook die begrip van betekenisvolheid wat hieraan gekoppel word

In die navorsing onder bespreking is, soos telkens genoem, bepaalde ekonomiese en algemene aanwysers (algemeen verwys na as veranderlikes) soos winsgewendheid, grootte van maatskappy, verslagdoening en jaareffekte die onderwerp van die studie.

Korrelasie- en regressietegnieke is ontwikkel om die navorser te ondersteun om die verband (assosiasie of samehang) wat tussen die veranderlikes mag bestaan, te ondersoek (Schumann *et al*, 1974:156).

'n Verband wat die gesamentlike verloop tussen twee veranderlikes (of meer, soos in die huidige studie die geval is) karakteriseer, staan as 'n regressieverband bekend, terwyl 'n verband wat die graad of intensiteit van die samehang tussen veranderlikes karakteriseer, as 'n korrelasieverband bekendstaan (Schumann *et al*, 1974:156).


5.5.4 Verspreidingsdiagramme

Verspreidingsdiagramme, ook puntdiagramme (“scatter plots”) genoem, word dikwels gebruik om 'n aanvanklike algemene indruk van die tipe en sterkte van die verband tussen veranderlikes te vorm.

Gestel dat slegs twee veranderlikes, x en y , (met waarnemingspare x_i en y_i) in die verbandbepaling betrokke is. As elke waarnemingspaar (x_i en y_i) as 'n punt met kooördinate x_i en y_i in 'n tweedimensionele ruimte geskep word, word 'n grafiese voorstelling van al die waargenome punte verkry. Dit word 'n puntdiagram of verspreidingsdiagram genoem en dit gee 'n beeld van die regressie- en korrelasieverband (Schumann *et al*, 1974:111-120).


'n Tweeveranderlike diagram word soos volg in figuur 5.1 voorgestel (www.statsoft.com/textbook/gloss.html).

Figuur 5.1 Tweeveranderlike (tweedimensionele) diagram



Indien drie veranderlikes ter sprake is, soos in die huidige studie en na die veranderlikes as x, y en z verwys word, kan die waarnemingspare (x_i , y_i en z_i) op soortgelyke wyse op 'n puntediagram – maar nou in driedimensionele ruimte – geplaas word. Die grafiese voorstelling sou in die geval 'n wolk punte in 'n driedimensionele ruimte wees (Schumann *et al*, 1974:111-120). Die driedimensionele diagram word soos volg in figuur 5.2 voorgestel (www.statsoft.com/textbook/gloss.html):


Figuur 5.2 Drieveranderlike (driedimensionele) diagram



Vanuit hierdie diagram sou die regressieverband as liniêr in die tweedimensionele geval beskou kon word indien dit blyk dat al die punte min of meer op 'n reguit lyn lê. Die verband sou in die drieveranderlike geval as liniêr beskou kon word as dit blyk dat al die punte min of meer op 'n skuinsgetilte plat vlak val.

Verdere besonderhede oor die aard van die verband tussen die veranderlikes kan ook uit die verspreidingsdiagram afgelei word. So kan die afleiding byvoorbeeld dat veranderlikes positief gekorreleerd is as 'n toename in een veranderlike met 'n toename in die waardes in die ander veranderlike(s) gepaard gaan, gemaak word. 'n Positiewe helling vir die reguitlyn of vlak word in groep 1 in figuur 5.3 voorgestel, terwyl 'n negatiewe verband in groep 2 van figuur 5.3 voorgestel word. Aanduidings van geen of 'n swak verband kan ook vanuit die diagram waargeneem word indien die punte op die verspreidingsdiagram nie blyk 'n 'patroon' te vorm nie en 'bont' verspreid lê en word in groepe 3 en 4 van figuur 5.3 voorgestel (Schumann *et al*, 1974:111-120; www.statsoft.com/textbook/gloss.html).

Figuur 5.3 Positiewe, negatiewe of geen verbande



Hierdie verband wat vanuit die betrokke verspreidingsdiagram waargeneem kan word, kan deur middel van 'n wiskundige vergelyking, die regressievergelyking of regressiefunksie, omskryf word. Die regressie-analise het dan ten doel om die regressiefunksie te bepaal (Schumann *et al*, 1974:111-120).

Indien verandering in een (of meer) veranderlikes (byvoorbeeld x en/of z) verandering in 'n ander veranderlike verklaar (byvoorbeeld y), word x en of z, as die verklarende (onafhanklike) veranderlikes en y as die afhanklike veranderlike beskou (Schumann *et al*, 1974:111-120).

In die tweeveranderlike geval word die regressievergelyking uitgedruk as

$$y = a + bx,$$

waar x en y die verklarende en afhanklike veranderlikes en a en b die regressiekoëffisiente voorstel (Schumann *et al*, 1974:111-120).

Soortgelyk word in die driedimensionele geval van meervoudige liniêre regressie, die vergelyking van die plat vlak wat deur die waarnemingspunte gaan en die verband tussen die veranderlikes aandui en skat, gegee deur:

$$y = a + bx + cz,$$

waar y , x en z die afhanklike en twee verklarende veranderlikes en a , b en c die regressiekoëffisiente voorstel (Schumann *et al*, 1974:111-120).

5.5.5 Die metode van kleinste kwadrate

Die metode van kleinste kwadrate word algemeen gebruik om die regressiekoëffisiente te bepaal. Die beginsel waarop die metode van kleinste kwadrate berus, is dat daardie regressievergelyking gevind word waarvoor die som van die kwadrate van die vertikale afstande tussen die waargenome punte en die ooreenstemmende punte op die gepaste regressielyn (in die tweeveranderlike geval) of platvlak (in die driedimensionele geval) 'n minimum is (Schumann *et al*, 1974:121-127). Vergelykings wat in statistiese terme normaalvergelykings genoem word, word opgestel en gelyktydig opgelos om die regressiekoëffisiente te bepaal (Steyn, Smit & Du Toit, 1984:119-120).

5.5.6 F-toetsstatistieke

Nadat die regressievergelyking bepaal is, kan met behulp van F-toetsstatistieke en tabelle van F-verdeling vasgestel word of die regressievergelyking in die algemeen betekenisvol is, dit wil sê of die kombinasie van verklarende veranderlikes in die algemeen bydra om die afhanklike veranderlike te verklaar. Verder kan met behulp van die toepaslike F-toetsstatistieke (vir elke verklarende veranderlike afsonderlik bereken) bepaal word watter verklarende veranderlike(s) betekenisvolle bydrae(s) tot die verklaring van die afhanklike veranderlike gelewer het (Steyn *et al*, 1984: 129).

Hierdie F-toetsstatistieke word as die verhouding (ratio) van toepaslike variasiekomponente tot mekaar bereken. Laasgenoemde berus op die feit dat variasie in die data voorkom - nie alle waargenome datapunte val op die gepaste regressielyn of vlak nie en sommige waargenome punte val 'buite' die regressielyn of vlak. Hierdie totale variasie in die data kan in verskeie komponente, wat byvoorbeeld aan die regressiemodel, maar ook aan fout toegeskryf kan word, opgebreek word. Dit is hierdie variasiekomponente wat in die berekening van die F-toetsstatistieke gebruik word (Steyn *et al*, 1984:129; SAS Institute Inc, 1999:1576-1577, 2878, 2989; Freud & Littell, 1991:4-7).

Die bydrae van elke verklarende (onafhanklike) veranderlike tot die verklaring van die afhanklike veranderlike - soos verteenwoordig in die F-toetsstatistieke, die betekenisvolheid van die toetsstatistieke – soos uitgedruk as 'n waarskynlikheid wat aan die F-toetsstatistieke gekoppel kan word, word in 'n regressietabel as opsomming van die regressieresultate gegee (Steyn *et al*, 1984:129; SAS Institute Inc., 1999:1576-1577, 2878, 2989; Freud & Littell, 1991:4-7).

5.5.7 Geskatte regressiekoëffisiente (t-toetsstatistieke)

'n Verdere tabel in die regressie-afvoer bevat die geskatte regressiekoëffisiente van die regressievergelykings (die 'a', 'b' of 'c' koëffisiente van die regressievergelyking). Om vas te stel of die regressiekoëffisiente beduidend van nul verskil en dus betekenisvol is, word die nodige t-toetsstatistieke en geassosieerde waarskynlikhede wat aan die toetsstatistieke gekoppel word, ook in die tabel van geskatte regressiekoëffisiente weergegee. Die aanname van 'n t-verdeling word vir hierdie toetsstatistieke gemaak (SAS Institute Inc., 1999:1576-1577, 2878, 2989; Freud & Littell, 1991:4-7).

5.5.8 Betekenisvolheid of beduidendheid

Om vas te stel of die onafhanklike veranderlikes 'n betekenisvolle bydrae tot die verklaring van variasie gelewer het, word telkens vasgestel of die waarskynlikheid wat aan elke invloed (effek) gekoppel word, kleiner of gelyk aan 'n bepaalde peil van betekenis is. Die peil kan die 5%, 1% of 0.1% peil van betekenis wees en word deur Waarsk (F) <0.05 of <0.001 of <0.0001 voorgestel. Dieselfde redenasie geld vir die bepaling van betekenisvolheid vir die skattings van die regressiekoëffisiente in die regressievergelyking (Steyn *et al*, 1984:339,341).

5.5.9 Die bepaaldheidskoëffisient (R^2)

Die bepaaldheidskoëffisient, R^2 , kortweg 'R kwadraat' genoem, gee 'n aanduiding van hoeveel variasie in die data deur die gepaste regressievergelyking verklaar is. Anders gestel, gee R^2 'n aanduiding van hoe goed die kleinste kwadrate regressievergelyking of model, die waargenome data pas. R^2 word omskryf as:

$$R^2 = \frac{\sum (y_1 - y^{-1})^2}{\sum (y_1 - y^{-2})^2}$$

wat in terme van die reeds genoemde variasiekomponente geskryf kan word as

$$R^2 = \frac{\text{verklarende variasie van } y}{\text{totale variasie van } y}$$

(Steyn *et al*, 1984:128-129,192).

Hierdie bepaaldheidskoeffisient, R^2 , wat saam met reeds genoemde regressieresultate in tabelvorm verstrek word, is dus 'n baie belangrike maatstaf van die toepaslikheid van die regressiemodel (Steyn *et al*, 1984:128-129,192).

R^2 word as 'n syfer tussen 0 en 1 aangegee. Deur met 100 te vermenigvuldig, word die variasie wat deur die model verklaar word as 'n persentasie uitgedruk. Dit volg dus logies dat 'n waarde na aan 1 op 'n goeie passing (100% verklaarde variasie) en 0 op 'n swak passing, dui (Steyn *et al*, 1984:128-129,192).

5.6 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK OOR DIE JARE 2000 TOT 2003

Die vraag ontstaan of daar enige verband tussen die verslagdoening oor die werknemers van die maatskappye en die winsgewendheid van maatskappye is. Die statistiese beginsels wat hierbo weergegee is, word nou in die ondersoek na die tersaaklike verband tussen die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die winsgewendheid en die grootte van maatskappye gebruik. Die bespreking van die soeke na 'n verband tussen die veranderlikes word aan die hand van verskillende metodes gedoen.

5.6.1 Verspreidingsdiagramme

As 'n verdere stap om die verband te bepaal tussen die verslagdoeningsindeks, wins (winsgewendheid) en die grootte van uitgesoekte maatskappye is verspreidingsdiagramme of 'plots' van die verskillende veranderlikes teenoor mekaar getrek. Die diagramme is vir elke jaar van die roudata opgestel. Die diagramme word in figuur 5.4 weergegee en gee 'n visuele patroon van die sameloop tussen die onderskeie veranderlikes.

In figuur 5.4 verteenwoordig die letters wat gebruik word om die datapunte voor te stel, die aantal waarnemings wat op daardie koördinaatpunte waargeneem is. So sal A op een waarneming, B op twee, C op drie, D op vier, E op vyf, F op ses, G op sewe en so meer, dui.


Uit 'n totaal van 324 (opgestel uit 81 *maatskappye* oor 4 jaar: $81 \times 4 = 324$) roudatapunte, kan 291 waardes in die diagramme gebruik word. 'n Diagram vereis natuurlik dat beide waarnemings van elke waarnemingspaar in die bepaalde datastel teenwoordig moet wees om as 'n punt op die diagram aangebring te word. Vandaar die waardes wat uitgelaat is.

Aanduidings van die verband tussen die winsveranderlike en grootte van die maatskappyveranderlike kan vanuit die tersaaklike diagramme in figuur 5.4 afgelei word. Vanuit figuur 5.4 lyk dit nie of daar veel aanduidings van verband tussen die verslagdoening oor werknemers en die twee veranderlikes *winsgewendheid* en *grootte* van maatskappy bestaan nie.

Die feit dat dit nie blyk of daar 'n sterk verband tussen die grootte van maatskappye en verslagdoening oor werknemers bestaan nie, kom nuttig te pas in die regressiebenaandering wat volg en wat vereis dat onafhanklike veranderlikes in die regressiemodel nie onderling gekorreleerd moet wees nie.

Figuur 5.4 Diagramme vir die jare 2000 tot 2003


Figuur 5.4.1 Diagramme vir die jaar 2000



LET WEL: 16 waarnemings het geen waardes nie.


LET WEL: 5 waarnemings het geen waardes nie.

Diagram van verslagdoening*Grootte van maatskappye



LET WEL: 16 waarnemings het geen waardes nie.


Figuur 5.4.2 Diagramme vir die jaar 2001



LET WEL: 6 waarnemings het geen waardes nie.


LET WEL: 1 waarneming het geen waarde nie.

Diagram van Verslagdoening*Grootte van maatskappy




LET WEL: 6 waarnemings het geen waardes nie.

Figuur 5.4.3 Diagramme vir die jaar 2002



LET WEL: 8 waarnemings het geen waardes nie.

LET WEL: 1 waarneming het geen waarde nie.



LET WEL: 8 waarnemings het geen waardes nie.

Figuur 5.4.4 Diagramme vir die jaar 2003

Diagram van Wins*Verslagdoening






Diagram van Wins*Grootte van maatskappy



LET WEL: 3 waarnemings het geen waardes nie.

LET WEL: 1 waarneming het geen waarde nie

Diagram van Verslagdoening*Grootte van maatskappy



LET WEL: 2 waarnemings het geen waardes nie.

5.6.2 Korrelasies

Ter bevestiging van die visuele verbande wat vanaf die verspreidingsdiagramme, tussen die veranderlikes van winsgewendheid, grootte van maatskappye en verslagdoening oor werknemers waargeneem kan word, is 'n korrelasiematriks bereken.

Korrelasies is weereens met behulp van 292 van die roudatapunte waarvoor volledige waarnemingspare van data beskikbaar was, soortgelyk aan die verspreidingsdiagramme, bereken. In tabel 5.3 word die korrelasiematriks asook opsommende maatstawwe van verspreiding en lokaliteit verskaf.

Die volgende afkortings wat in tabel 5.2 weergegee word, word vir doeleindes van hierdie studie in die tabelle gebruik:

Tabel 5.2 Die betekenis van afkortings gebruik

Afkorting	Volledige woord of beskrywing
Gem	Gemiddelde van elke invloed (effek)
GSK	Gemiddelde somme van vierkante
N	Aantal waarnemings ten opsigte van invloed (effek)
Som	Som van die waarnemings ten opsigte van elke invloed (effek)
R^2	R-kwadraat of steekproefbepaaldheidskoëffisient
Std afw	Standaardafwyking
Tipe 111 SK	Tipe 111 Somme van kwadrate
Versl/Grootte v maatskappy	Die interaksie-effek van verslagdoening en die grootte van die maatskappye

Tabel 5.2 Die betekenis van afkortings gebruik (vervolg)

Afkorting	Volledige woord of beskrywing
VG	Vryheidsgrade
Waarsk>F	Waarskynlikheid >F

Die eerste ry syfers in elke sel van tabel 5.3.3 gee die korrelasiekoëffisient tussen betrokke veranderlikes weer terwyl die tweede ry die betekenisvolheid wat met die korrelasiekoëffisient verbind word, aandui. Die derde ry toon die aantal tersaaklike waarnemings aan. Indien die waarskynlikheid wat in die tweede ry verskaf word kleiner as 0.05 is, dui dit op 'n betekenisvolle korrelasiekoëffisient. 'n Betekenisvolle korrelasiekoëffisient dui op sy beurt op 'n betekenisvolle verband tussen die tersaaklike twee veranderlikes.

Dit is belangrik om te let op die beduidende korrelasie wat winsgewendheid met veral die grootte van maatskappye en verslagdoening het, asook met die interaksie van grootte van maatskappye en verslagdoening. Volgens ry 4 kolom 2 van tabel 5.3.3 is die korrelasie van verslagdoening en winsgewendheid 0.20717. Die korrelasie van verslagdoening en grootte van maatskappy is 0.16661 (ry 4 kolom 3), terwyl die korrelasie van verslagdoening en die interaksie van verslagdoening en grootte van maatskappy 0.40090 (ry 4 kolom 5) is. Al genoemde korrelasies is beduidend wat dus daarop dui dat daar betekenisvolle verbande tussen die veranderlikes bestaan. Die korrelasies in die omgewing van 0.2 dui egter nie op sterk verbande nie.

Tabel 5.3 Opsommende statistiek en korrelasiematriks (Pearson korrelasies)

Tabel 5.3.1 Die veranderlikes

5 Veranderlikes	Jaar, Winsgewendheid, Grootte van maatskappy, Verslagdoening Verslagdoening/Grootte van maatskappy-interaksie
------------------------	--

Tabel 5.3.2 Opsommende statistiese maatstawwe

Opsommende statistiese maatstawwe							
Veranderlike	N	Gem	Std Afw	Som	Minimum waarne- ming	Maksi- mum waarne- ming	Verande- rlike naam
Jaar	324	1.50000	1.11976	486.00000	0	3.00000	Jaar
Wingsgewend- heid	316	8552	11072	2702398	43.00000	65315	Wins
Grootte van maatskappy	321	6536	10073	2097905	200.80000	67957	Grootte van maat- skappy
Verslagdoe- ning	292	58.76027	22.38934	17158	1.00000	133.00000	Verslag- doening
Versl/ grootte van maatskappy	292	424016	821996	123812708	1321	6877530	Interaksie

Tabel 5.3.3 Pearson Korrelasiekoëffisiente

Pearson Korrelasiekoëffisiente Waarskynlikheid > r onder H0: Rho=0 Aantal Waarnemings						
		Jaar	Winsgewendheid	Grootte van maatskappy	Verslagdoening	Versl/Grootte
		(1)	(2)	(3)	(4)	(5)
Jaar	(1)	1.00000 324	0.12048 0.0323 316	0.06389 0.2537 321	-0.14417 0.0137 292	0.06429 0.2735 292
Winsgewendheid	(2)	0.12048 0.0323 316	1.00000 316	0.80493 <.0001 316	0.20717 0.0004 291	0.77680 <.0001 291
Grootte van maatskappy	(3)	0.06389 0.2537 321	0.80493 <.0001 316	1.00000 321	0.16661 0.0043 292	0.86392 <.0001 292
Verslagdoening	(4)	-0.14417 0.0137 292	0.20717 0.0004 291	0.16661 0.0043 292	1.00000 292	0.40090 <.0001 292
Verslagdoening/grootte van maatskappy (interaksieterm)	(5)	0.06429 0.2735 292	0.77680 <.0001 291	0.86392 <.0001 292	0.40090 <.0001 292	1.00000 292

Uit die korrelasies in tabel 5.3.3 kan afgelei word dat die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye 'n tersaaklike rolspeler in die finansiële sake van die top 100 maatskappye vir die jare 2000 tot 2003 is. Die vraag wat dus verder ondersoek moet word, is in watter hoedanigheid die verslagdoeningregressiemodel wat hierna ondersoek word, 'n bydrae tot die verklaring van variasie in die model lewer.

Die sterk korrelasie wat winsgewendheid met die ander veranderlikes en veral met die grootte van maatskappye toon, is van belang. Die korrelasie van winsgewendheid met die grootte van maatskappy soos blyk uit ry 2 kolom 3 van tabel 5.3.3 is 0.80493 en daarom betekenisvol. Die korrelasie van winsgewendheid met jaareffek is volgens ry 2 kolom 1 van dieselfde tabel 0.12048, terwyl die van winsgewendheid met die interaksieterm 0.77680 (ry 2 kolom 5) is. Die betekenisvolheid gekoppel aan die korrelasie

tussen winsgewendheid en jare soos uit die tweede groep syfers van tabel 5.3.3 ry 2 kolom 1 afgelees kan word is 0.0323, terwyl die betekenisvolheid van die korrelasie tussen grootte van maatskappy en die interaksieterm $<.0001$ (ry 2 kolom 3) is. Daar bestaan dus 'n betekenisvolle verband tussen hierdie veranderlikes. Hierdie inligting kom baie handig te pas in die regressiebenaderings wat hierna volg.

5.6.3 Meervoudige liniêre regressie (“multiple linear regression”)

5.6.3.1 Meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as afhanklike veranderlike

Ten einde die bydrae en plek van verslagdoening in 'n meervoudige regressiemodel, waar die effek van winsgewendheid, grootte van maatskappy en jaareffek ook ingesluit is, te bepaal, is verslagdoening in 'n aanvanklike regressie as die afhanklike veranderlike en die jaareffek, winsgewendheid en grootte van maatskappy as verklarende of onafhanklike veranderlikes beskou. Hierdie aanvanklike regressie is op die roudata uitgevoer. Die regressieresultate word in tabel 5.4 weergegee.

Volgens die resultate in tabel 5.4.1 is dit duidelik dat, alhoewel die regressie in geheel betekenisvol is (die waarskynlikheid wat aan die F-toetsstatistiek gekoppel word en met die regressie verbind word is 0.0030, wat <0.01 en daarom betekenisvol is), is die R-kwadratwaarde van die regressie slegs 0.099878 of 0.10. Dit wil sê, met die regressiemodel soos opgestel, word slegs 10% van die variasie teenwoordig in die data deur die bepaalde regressiemodel verklaar.

Hierdie verklaring van slegs 10% van die variasie in die data is nie baie goed nie en die grootte van maatskappy en winsgewendheid kan dus nie as verklarende faktore vir die mate waartoe verslagdoening oor werknemers binne die maatskappy geskied, gesien word nie. Dit wil sê, die plek van verslagdoening binne die regressiemodel kan nie dié van afhanklike veranderlike wees nie.

Tabel 5.4 Meervoudige liniêre regressie - afhanklike veranderlike: verslagdoening

Tabel 5.4.1 Opsomming

Bron	Vryheids- grade (VG)	Somme van kwadrate	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toetsstatis- tiek	Waarsk>F
Model	12	14564.9107	1213.7426	2.57	0.0030
Fout	278	131262.4502	472.1671		
Aangepaste totaal	290	145827.3608			

Tabel 5.4.2 R-kwadraat (R^2)

Steekproefbepaald- heidskoëffisient	Koëffisient van variasie	Wortel van die gemiddelde fout som kwadrate	Verslagdoenings- gemiddeld
0.099878	36.96514	21.72941	58.78351

Tabel 5.4.3 Tipe III Somme van kwadrate

Bron	VG	Tipe III Somme van kwadrate (Tipe III SK)	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toets- statis- tiek	Waarsk >F
Winsgewendheid	1	1075.422184	1075.422184	2.28	0.1324
Grootte van maatskappy	1	781.565931	781.565931	1.66	0.1993
Jaar	3	2391.233975	797.077992	1.69	0.1698
Grootte van maatskappy*Jaar	3	316.978217	105.659406	0.22	0.8798
Winsgewendheid*Jaar	3	967.036709	322.345570	0.68	0.5633
Winsgewendheid*Grootte van maatskappy	1	1427.017883	1427.017883	3.02	0.0832

Tabel 5.4.4 Parameterskatting van die regressievergelyking

Parameter	Skatting		Standaard fout	t Waarde	Waarsk > t
Afsnit	52.05918743	B	3.46552158	15.02	<.0001
Wingsgewendheid	0.00024310	B	0.00029709	0.82	0.4139
Grootte van die maatskappy	-0.00055512	B	0.00044487	-1.25	0.2131
Jaar 0	8.90425163	B	5.01122299	1.78	0.0767
Jaar 1	8.52065487	B	4.58083982	1.86	0.0639
Jaar 2	2.50325477	B	4.47332651	0.56	0.5762
Jaar 3	0.00000000	B	.	.	.
Grootte van maatskappy*Jaar 0	0.00058068	B	0.00082769	0.70	0.4835
Grootte van maatskappy*Jaar 1	-0.00010187	B	0.00055677	-0.18	0.8550
Grootte van maatskappy*Jaar 2	-0.00006689	B	0.00053419	-0.13	0.9004
Grootte van maatskappy*Jaar 3	0.00000000	B	.	.	.
Wingsgewendheid*Jaar 0	-0.00041645	B	0.00060970	-0.68	0.4951
Wingsgewendheid*Jaar 1	0.00046513	B	0.00050737	0.92	0.3601
Wingsgewendheid*Jaar 2	0.00029963	B	0.00049392	0.61	0.5446
Wingsgewendheid*Jaar 3	0.00000000	B	.	.	.
Wingsgewendheid*Grootte van maatskappy	0.00000001		0.00000001	1.74	0.0832

Let Die X'X matriks is singulêr en 'n algemene inverse is gebruik om die normale vergelykings op te los. Die parameters waarvan die skattings deur die letter 'B' gevolg kan word is nie uniek bepaalbaar nie.

5.6.3.2 Meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike

Die vermoede wat reeds begin posvat het toe na korrelasies en verspreidingsdiagram-afvoere gekyk is, was dat verslagdoening se plek in die regressiemodel eerder as verklarende veranderlike beskou moet word en die voorafgaande regressiemodel wat nie op 'n goeie verband dui nie, het die vermoede bevestig.

In die volgende regressiemodel, waarvan die resultate in tabel 5.5 uiteengesit word, blyk dit dat die vermoede reg was en dat verslagdoening ten opsigte van die top maatskappye as 'n verklarende veranderlike in 'n winsvoorspellingsmodel gesien moet word. Dit wil sê verslagdoening het 'n invloed (effek) op die winsgewendheid van maatskappye en winsgewendheid word gevolglik as afhanklike veranderlike beskou. Die effek van jaar en grootte van maatskappye word weereens as verklarende veranderlikes in die regressiemodel ingesluit.

Daar kan uit tabel 5.5.1 afgelei word dat hierdie regressiemodel oor die algemeen hoogs betekenisvol is. Die F-waarskynlikheid wat uit die regressiemodel blyk, is kleiner as 0.0001 en dus hoogs betekenisvol.

Volgens tabel 5.5.2 is die R-kwadraatwaarde van die regressie nou 0.6758. Dit wil sê 68% van die variasie in die winsdata word deur die regressiemodel verklaar. Dus word 68% van die variasie in winsgewendheid deur die verklarende veranderlikes waarvan verslagdoening een is, verklaar. Die persentasievariasie verklaar, is baie hoër as in die vorige model waar slegs 10% van die variasie verklaar is en daarom baie meer beduidend. Daar kan dus afgelei word dat verslagdoening oor die werknemers van maatskappye wel 'n invloed op die winsgewendheid van die maatskappye het.

Die invloed (effek) van die grootte van maatskappye soos aan die batewaarde gemeet en die interaksie tussen die grootte van maatskappy en verslagdoening, is betekenisvol. Die F-waarskynlikheid volgens tabel 5.5.3 vir die grootte van maatskappy is <0.0001 , terwyl die F-waarskynlikheid van die interaksie term van verslagdoening en die grootte van maatskappy ook <0.0001 is.

Die waarskynlikheid wat met die F-waarde van 0.667 vir die jaareffek in tabel 5.5.3 is 0.5789 wat dus daarop dui dat die effek nie betekenisvol is nie. Dit wil sê maatskappye tree oor die algemeen nie anders oor jare op nie en die patroon van verloop tussen winsgewendheid, grootte van maatskappy en verslagdoening is in die algemeen dieselfde oor jare. Hierdie feit het betrekking op die probleem wat in die inleiding genoem is, naamlik of daar met gemiddelde waardes oor jare gewerk moet word.

Tabel 5.5 Meervoudige liniêre regressie - afhanklike veranderlike: winsgewendheid

Tabel 5.5.1 Opsomming

Bron	Vryheids- grade (VG)	Somme van kwadrate	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toets- statistiek	Waarsk>F
Model	12	24685920604	2057160050	48.29	<.0001
Fout	278	11842813489	42600049		
Aangepaste totaal	290	36528734093			

Tabel 5.5.2 R-kwadraat (R²)

Steekproefbepaald- heidskoeffisient	Koëffisient van variasie	Wortel van die gemiddelde fout som kwadrate	Verslagdoenings- gemiddeld
0.675795	74.38999	6526.871	8773.857

Tabel 5.5.3 Tipe III Somme van kwadrate

Bron	VG	Tipe III SK	Gemiddelde somme van kwadrate	F toets- statistiek	Waarsk > F
Grootte van maat- skappy	1	1566028695	1566028695	36.76	<.0001
Jaar	3	84010109	28003370	0.66	0.5789
Verslagdoening	1	1272730	1272730	0.03	0.8629
Grootte van maat- skappy*Jaar	3	126147225	42049075	0.99	0.3993
Verslagdoening*Jaar	3	75819512	25273171	0.59	0.6199
Grootte van maat- skappy*Verslag- doening	1	848933162	848933162	19.93	<.0001

Tabel 5.5.4 Parameterskatting van die regressievergelyking

Parameter	Skatting		Standaard Fout	t Waarde	Waarsk> t
Afsnit	4783.588498	B	1628.950816	2.94	0.0036
Grootte van maatskappy	0.551056	B	0.087695	6.28	<.0001
Jaar 0	-115.926515	B	3955.065383	-0.03	0.9766
Jaar 1	-4344.807867	B	3169.918546	-1.37	0.1716
Jaar 2	-1448.073206	B	2658.477138	-0.54	0.5864
Jaar 3	0.000000	B	.	.	.
Verslagdoening	-12.625424	B	27.145978	-0.47	0.6422
Grootte van maatskappy* Jaar 0	0.120032	B	0.166274	0.72	0.4710
Grootte van maatskappy* Jaar 1	-0.142408	B	0.106091	-1.34	0.1806
Grootte van maatskappy* Jaar 2	-0.005539	B	0.092612	-0.06	0.9524
Grootte van maatskappy* Jaar 3	0.000000	B	.	.	.

Tabel 5.5.4 Parameterskatting van die regressievergelyking (vervolg)

Verslagdoening*Jaar 0	-31.127758	B	63.152065	-0.49	0.6225
Verslagdoening*Jaar 1	54.919311	B	49.248608	1.12	0.2658
Verslagdoening*Jaar 2	10.446403	B	44.133673	0.24	0.8131
Verslagdoening*Jaar 3	0.000000	B	.	.	.
Grootte van maatskappy* Verslagdoening	0.004969		0.001113	4.46	<.0001

Let Die $X'X$ matriks is singulêr en 'n algemene inversie is gebruik om die normale
Wel vergelykings op te los. Die parameters waarvan die skattings deur die letter 'B'
gevolg kan word is nie uniek bepaalbaar nie.

5.6.3.3 Verfyning van die meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike

In hierdie soeke na 'n beter model vir die voorspelling van winsgewendheid word die
jaareffek uit die regressiemodel weggelaat omdat jare in die vorige ontledings nie 'n
betekenisvolle uitwerking gehad het nie.

Met die inligting wat op hierdie stadium beskikbaar is, naamlik dat die plek van
verslagdoening oor werknemers in 'n voorspellingsmodel ten opsigte van grootte van
maatskappy, winsgewendheid en verslagdoening oor werknemers vir uitgesoekte maat-
skappye, die van 'n verklarende veranderlike in winsvoorspelling is en dat jare nie 'n
betekenisvolle effek op die voorspellingsmodel het nie, kan nou na 'n beste wins-
voorspellingsmodel, waar die effek van verslagdoening oor werknemers in ag geneem
word, gesoek word. 'n Paar regressiemodelle word nou bespreek.

Die regressieresultate van die model wat in tabel 5.6.2 gegee word toon 'n R-kwadraat-
waarde van 0.6666 oftewel 0.67. Hierdie verteenwoordig 'n verbeterde model aangesien
dieselfde hoeveelheid winsvariasie in die data met een minder verklarende veranderlike,
verklaar word.

Tabel 5.6 Meervoudige liniêre regressie - verklarende veranderlike: winsgewendheid

Tabel 5.6.1 Opsomming

Bron	Vryheids- grade (VG)	Somme van kwadrate	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toets- statistiek	Waarsk> F
Model	3	24351525089	8117175030	191.31	<.0001
Fout	287	12177209003	42429300		
Aangepaste totaal	290	36528734093			

Tabel 5.6.2 R-kwadraat (R²)

Steekproefbepaald- heidskoeffisient	Koeffisient van variasie	Wortel van die gemiddelde fout som kwadrate	Verslagdoenings- gemiddeld
0.666640	74.24075	6513.778	8773.857

Tabel 5.6.3 Tipe III Somme van kwadrate

Bron	VG	Tipe III SK	Gemiddelde somme van kwadrate	F toets- statistiek	Waarsk > F
Grootte van maatskappy	1	1837693730	1837693730	43.31	<.0001
Verslagdoening	1	10848607	10848607	0.26	0.6135
Grootte van maatskappy* Verslagdoening	1	915470318	915470318	21.58	<.0001

Tabel 5.6.4 Parameterskatting van die regressievergelyking

Parameter	Skatting	Standaard Fout	t Waarde	Waarsk > t
Afsnit	3730.181553	1246.195960	2.99	0.0030
Grootte van maatskappy	0.534041	0.081147	6.58	<.0001
Verslagdoening	-10.222122	20.215616	-0.51	0.6135
Grootte van maatskappy* Verslagdoening	0.005007	0.001078	4.65	<.0001

'n Tweede regressiemodel is as verfyning, waar die regressie deur die oorsprong gaan, oorweeg. Dit wil sê waar die afsnit in die meervoudige regressievergelyking gelyk aan nul gestel is. Die resultate van hierdie regressiemodel word in tabel 5.7 weergegee.

Die effek van grootte van maatskappy, verslagdoening en die interaksie tussen die grootte van maatskappy en verslagdoening, is betekenisvol. Volgens tabel 5.7.3 is die F-waarskynlikheid vir grootte van maatskappy <0.0001 , terwyl die F-waarskynlikheid van die interaksie term van verslagdoening en die grootte van maatskappy asook verslagdoening <0.0001 is.

Volgens tabel 5.7.2 is die R-kwadraatwaarde van die regressie nou 0.656233, of 0.66. Dit wil sê 66% van die variasie in die winsdata word deur die regressiemodel verklaar. Dus word 66% van die variasie in winsgewendheid deur die verklarende veranderlikes waarvan verslagdoening een is, verklaar.

Die koëffisiente in die voorspellingsmodel wat met die drie veranderlikes, naamlik winsgewendheid, verslagdoening en die interaksie van verslagdoening met die grootte van maatskappy geassosieer word, is almal betekenisvol. Volgens tabel 5.7.4 is die t-waarskynlikhede vir hierdie drie veranderlikes onderskeidelik <0.0001 , <0.0001 en 0.0004.

Op hierdie stadium kon daar in die ondersoek volstaan word met die verband soos in die laaste regressiemodel aangedui, met behulp van die regressieparameters van tabel 5.7.4 naamlik winsgewendheid = $[(0.6497 \times \text{grootte van maatskappy}) + (46.0828 \times \text{verslagdoening}) + (0.0034 \times \text{interaksie van grootte van maatskappy en verslagdoening})]$. Die kwessie of die effek van maatskappy nie verlore gaan as daar met roudata gewerk word nie, bly egter belangrik.

Tabel 5.7 Meervoudige liniere regressie - verklarende veranderlike: winsgewendheid

Tabel 5.7.1 Opsomming

Bron	Vryheids- grade (VG)	Somme van kwadrate	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toets- statistiek	Waarsk >F
Model	3	46372723606	15457574535	354.52	<.0001
Fout	288	12557357367	43601935		
Nie-aangepaste Totaal	291	58930080973			

Tabel 5.7.2 R-kwadraat (R^2)

Steekproefbepaald- heidskoeffisient	Koeffisient van variasie	Wortel van die gemiddelde fout som kwadrate	Verslagdoenings- gemiddeld
0.656233	75.25967	6603.176	8773.857

Tabel 5.7.3 Tipe III Somme van kwadrate

Bron	VG	Tipe III SK	Gemiddelde somme van kwadrate	F toets- statistiek	Waarsk > F
Grootte van maatskappy	1	3517019811	3517019811	80.66	<.0001
Verslagdoening	1	1643287336	1643287336	37.69	<.0001
Grootte van maatskappy* Verslagdoening	1	559404112	559404112	12.83	0.0004

Tabel 5.7.4 Parameterskatting van die regressievergelyking

Parameter	Skatting	Standaard Fout	T Waarde	Waarsk > t
Grootte van maatskappy	0.64968536	0.07233834	8.98	<.0001
Verslagdoening	46.08285732	7.50646611	6.14	<.0001
Grootte van maatskappy* Verslagdoening	0.00337978	0.00094358	3.58	0.0004

Die modelle wat in hoofstuk 5 bespreek is toon dat daar wel 'n verband is tussen die verslagdoening oor die werknemers van die maatskappye en die winsgewendheid van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) gedurende 2000 tot 2003 genoteer was. Die effek van die grootte van maatskappye as bydraende faktor tot winsverklaring het nie in hierdie vorige regressiemodelle aandag geniet nie. Die kwessie of die effek van die grootte van maatskappye opsigself nie verlore gaan as daar met die roudata gewerk word nie, is egter belangrik en vorm die grondslag van die model wat in hoofstuk 6 bespreek word.

Die normaliteit van residue, wat 'n voorvereiste vir betroubare regressieresultate is, word aan die einde van die verhandeling in bylaag B weergegee.

5.7 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is die belangrikheid van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye uitgelig en met die winsgewendheid en die grootte van maatskappy oor die jare 2000 tot 2003 vergelyk. Die vergelyking tussen die veranderlikes is aan die hand van verskeie modelle bespreek.

Voordat die roudata op enige van die modelle gepas is, is die veranderlikes wat die grootte van maatskappy, winsgewendheid, die jare 2000, 2001, 2002 en 2003 asook verslagdoening oor die werknemers van maatskappye insluit, kortliks bespreek. Daar is vir doeleindes van hierdie ondersoek besluit om omset as maatstaf van die winsgewendheid van maatskappye te gebruik, terwyl die grootte van maatskappye op grond van die totale batewaarde van die maatskappye gemeet is.

Hierdie bespreking is gevolg deur 'n beskrywing van die faktore wat in die ondersoek oorweging geniet het. Die tersaaklike faktore het die tipe afhanklikheid van verslagdoening op die winsgewendheid en die grootte van die maatskappy, die bydrae van die jaareffek tot die regressiemodel, die gebruik van gemiddelde syfers om die maatskappy-effek te probeer ondervang, of twee veranderlike of meervoudige regressie toepaslik is en die volledigheid van die inligting tot beskikking van die navorser, ingesluit.

Voordat die model op die data toegepas kon word, was dit belangrik om die meetinstrument wat in hoofstuk 4 bespreek is, op die roudata wat uit die vraelyste vir die jare 2000 tot 2003 verkry is, toe te pas. Die verslagdoeningsindeks wat vir die top 100 maatskappye vir die jare 2000, 2001, 2002 en 2003 onderskeidelik verkry is, is verder in die ondersoek gebruik om die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van die maatskappye te meet.

Ter aansluiting by die statistiese analisetegnieke wat in die analyses (ontledings) gebruik en bespreek is, is 'n kort uiteensetting van die mees algemene statistiese begrippe wat in hierdie tegnieke gebruik word, gegee. Hierdie begrippe sluit in maatstawwe van die plek en verspreiding van die veranderlikes wat ondersoek word, soos die rekeningkundige gemiddeld, die variansie en standaardafwyking, sowel as maatstawwe wat by die meting en verklaring van die verband tussen die veranderlikes, naamlik korrelasie, meervoudige regressie, betekenisvolheid en verspreidingsdiagramme.

Die empiriese ondersoek is eerstens aan die hand van verspreidingsdiagramme bespreek. Ter bevestiging van die visuele verbande wat vanaf die verspreidingsdiagramme tussen die veranderlikes van winsgewendheid, grootte van maatskappye en verslagdoening oor werknemers waargeneem is, is 'n korrelasiematriks bereken.

Ten einde 'n beduidende verband tussen die grootte van die maatskappy en verslagdoening oor die werknemers van maatskappye te bewys, is meervoudige liniêre

regressie, met verslagdoening as afhanklike veranderlike, op die data gepas. Uit hierdie regressie-analise het dit geblyk dat die plek van verslagdoening in die model eerder dié van verklarende veranderlike is.

Uit 'n bespreking van die model van meervoudige liniêre regressie met verslagdoening as verklarende veranderlike kon daar afgelei word dat hierdie model betekenisvol is. In hierdie model word die R-kwadraatwaarde van regressie op .675795 of 68% gemeet wat beteken dat die winsdata nou wel deur die ander veranderlikes in die ondersoek verklaar kon word. Die vraag het egter ontstaan of jare 'n betekenisvolle bydra tot die voorspellingsmodel gehad het. Hierdie vraag het daartoe gelei dat daar na 'n beter model waarin die jaareffek uit die ondersoek weggelaat is, gesoek is.

In die verfyning van die model is daar vervolgens na regressie deur die oorsprong gekyk. Deur die afsnypunt nul te maak kon daar uit die model afgelei word dat winsgewendheid betekenisvol deur die ander veranderlikes verklaar word. Alhoewel daar op hierdie tydstip met die ondersoek volstaan kon word, het die vraag ontstaan of die belangrikheid van die maatskappye op sigself nie verlore gaan indien daar met die roudata gewerk word nie. Hierdie vraag na die belangrikheid van die maatskappye vorm die grondslag vir die toepassing van die model in hoofstuk 6.

'n Bespreking van die empiriese ondersoek na die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die finansiële jaarverslae is noodsaaklik ten einde die resultate met die winsgewendheid en grootte van die maatskappye te vergelyk en enige verband wat tussen die veranderlikes mag bestaan, te bepaal, soos daar in hierdie hoofstuk vasgestel kon word.

HOOFSTUK 6

DIE ONTWIKKELING VAN DIE MEES TOEPASLIKE MEERVOUDIGE LINIÊRE REGRESSIEMODEL

6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die faktore wat in die ondersoek oorweeg is en die veranderlikes wat in die onderskeie modelle in aanmerking geneem is, in besonderhede bespreek. Ten einde die verband tussen bogenoemde veranderlikes te bepaal, is verspreidingsdiagramme, korrelasies en meervoudige liniêre regressie op die roudata bereken en bespreek.

Uit die bespreking het dit aan die lig gekom dat daar wel 'n verband tussen die veranderlikes, naamlik die grootte van maatskappye, verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die winsgewendheid bestaan. Die ondersoek het verder getoon dat jaareffek nie 'n beduidende bydrae tot die model lewer nie. Dit het daartoe gelei dat jaareffek uit die model weggelaat is.

Die effek (invloed) van die grootte van maatskappye as bydraende faktor tot winsverklaring het egter nie in enige van die modelle wat in hoofstuk 5 bespreek is aandag geniet nie. In hoofstuk 6 word ondersoek ingestel of die effek van maatskappye 'n bykomend beduidende bydrae tot die winsverklaringsmodel lewer.

In hierdie hoofstuk word die ondersoek na verwantskappe tussen bogenoemde veranderlikes (en die plek van verslagdoening oor werknemers) in terme van gemiddelde waardes in plaas van roudata soos die benadering in hoofstuk 5 was, ondersoek. Ten aanvang word gemiddeldes vir elk van die top 100 maatskappye wat oor die vier jaar 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was ten opsigte van die

verslagdoening oor werknemers, die winsgewendheid en die grootte van maatskappye bereken. Die rede hiervoor is dat inligting per maatskappy op die manier saamgevoeg is en maatskappye wat 'anders' reageer dan as uitskieters uitgeken sou word. Aangesien die jaareffek onbeduidend blyk te wees, kon toepaslike gemiddeldes per maatskappy dus oor jare bereken word.

In die volgende paragrafe word dieselfde stappe wat in hoofstuk 5 gevolg is, naamlik verspreidingsdiagramme, korrelasies en meervoudige liniêre regressie herhaal, maar met die verskil dat daar nou met gemiddelde syfers gewerk word.

Met die model wat in hoofstuk 6 ontwikkel en bespreek gaan word, word daar gepoog om die aard en soort verband (verklarende/onafhanklike) tussen die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, die grootte van maatskappye en die winsgewendheid van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was, te bepaal. Uit die tabelle blyk dit dat daar minder waarnemings gebruik is. Die rede hiervoor is dat die waarnemings vir al 100 maatskappye nie altyd vir 'n bepaalde jaar beskikbaar was nie.

6.2 VERSLAGDOENING, DIE GROOTTE VAN MAATSKAPPYE EN WINSGEWENDHEID OOR JARE EN TOEPASLIKE GEMIDDELDDES

Soos reeds in die inleiding vermeld is, moet die effek van verslagdoening oor werknemers op maatskappye vasgestel word en wel volgens die berekende gemiddelde syfers per maatskappy ten opsigte van verslagdoeningsindeks, winsgewendheid en die grootte van maatskappye. Die toepaslike gemiddeldes is dus bereken en word in tabelle 6.2 en 6.3 weergegee.

Die volgende afkortings wat in alfabetiese volgorde in tabel 6.1 weergegee word, word vir doeleindes van die studie in tabelle gebruik:

Tabel 6.1 Die betekenis van afkortings gebruik

Afkorting	Volledige woord of beskrywing
grootte00	Grootte van maatskappy vir die jaar 2000
grootte01	Grootte van maatskappy vir die jaar 2001
grootte02	Grootte van maatskappy vir die jaar 2002
grootte03	Grootte van maatskappy vir die jaar 2003
versl-ind00	Verslagdoeningsindeks vir die jaar 2000
versl-ind01	Verslagdoeningsindeks vir die jaar 2001
versl-ind02	Verslagdoeningsindeks vir die jaar 2002
versl-ind03	Verslagdoeningsindeks vir die jaar 2003
g_grootte	Grootte van maatskappye gemiddelde
g_versl	Verslagdoeningsindeks gemiddelde
g_versl-grootte	Verslagdoeningsindeks en grootte van maatskappye interaksie gemiddelde
g_wins	Wins gemiddelde
W	Waarneming
wins00	Wins vir die jaar 2000
wins01	Wins vir die jaar 2001
wins02	Wins vir die jaar 2002
wins03	Wins vir die jaar 2003

In tabel 6.2 word die gemiddelde syfers wat ten opsigte van wins en die grootte van elke maatskappy bereken is, weergegee.

Tabel 6.2 Gemiddeldes en roudata vir wins en grootte van maatskappye vir die jare 2000 tot 2003

W	g_wins	wins00	wins01	wins02	wins03	g_grootte	grootte 00	grootte 01	Grootte 02	grootte 03
1	4136.75	3572	3759	4283	4933	2740.50	2420	2390	2895	3257
2	6645.25	6009	6009	6745	7818	5297.75	5381	5381	5396	5033
3	4555.35	3559.8	4030.8	4472.8	6158	2859.10	2670.2	3034.5	2388	3343.7
4	5932.43	4652.9	5239.4	6511.5	7325.9	4302.88	3754.4	3935.5	4538.7	4982.9
5	3473.63	2446.2	3087.5	3886	4474.8	2160.03	1684.7	1929	2379.2	2647.2
6	3602.58	3058.6	3690.9	3604.7	4056.1	1766.15	1573.4	1704.4	1684.8	2102
7	9310.50	6971.6	8973.6	9899.5	11397.3	5781.35	4981.7	5864.9	6688.9	5589.9
8	1459.53	1205.5	1149	1582.8	1900.8	968.20	853	813.9	1154.9	1051
9	3443.87	.	2792.5	3692.1	3847	1226.33	.	1009.5	1371.8	1297.7
10	10607.60	5683.9	10317.1	13185.2	13244.2	5842.25	3677.2	5098.5	7226.6	7366.7
11	5951.23	6401.9	5059.2	5779.6	6564.2	4691.68	4226.8	4121.2	5014.2	5404.5
12	30129.00	21969	27945	35999	34603	20989.25	16072	20464	25310	22111
13	1661.63	1163.5	1438.5	1658.1	2386.4	997.65	607.9	897.4	1168.6	1316.7
14	36216.60	26427.6	29415	41950.4	47073.4	11372.35	8008.4	9349	14357	13775
15	1748.33	853.4	763.3	2341.5	3035.1	829.20	260.4	814.7	1161.6	1080.1
16	2392.95	2258.8	2380.2	2322.1	2610.7	2406.40	1912	2251.5	2598	2864.1
17	1196.90	977	1160	1284.7	1365.9	720.08	595.7	777.4	789.5	717.7
18	5446.28	7274	5289.8	5406.8	3814.5	4871.68	5534.8	6151.4	4647.4	3153.1
19	925.18	744	865.3	1163.6	927.8	2572.33	2065.3	2515.6	3360.7	2347.7
20	18778.10	12217	20158	20677	22060.4	7854.45	6726	9033	9095.4	6563.4
21	1178.48	976	1101	1123.5	1513.4	1049.00	811.7	867.6	1193.5	1323.2
22	18106.23	14076.6	21635.2	22321.7	14391.4	14349.05	19431.4	17076.4	12841.4	8047
23	4210.48	2151.8	4597.9	4903.8	5188.4	3773.40	2097.7	3986.2	4361.5	4648.2
24	4168.93	4695.5	4641.7	4410.7	2927.8	1861.95	2107.3	1999.2	2020.3	1321
25	7464.85	6423.6	6844.8	7401.9	9189.1	4205.90	4096.8	4405.6	4151.2	4170
26	1931.38	1571	1944.6	2025.9	2184	2083.73	1787.5	2068.8	2176.7	2301.9
27	1207.68	726.9	1014.5	1636.3	1453	1934.00	1088.4	1559.6	2743	2345

Tabel 6.2 Gemiddeldes en roudata vir winsgewendheid en grootte van maatskappye vir die jare 2000 tot 2003 (vervolg)

W	g_wins	wins00	wins01	wins02	wins03	g_grootte	grootte 00	grootte 01	grootte 02	grootte 03
28	3199.38	2646.5	2980.5	3289.9	3880.6	2996.48	2638.5	2913	3073.7	3360.7
29	1591.20	989.2	1474.5	1761.8	2139.3	1759.03	1562.8	1639.1	1919.7	1914.5
30	1227.75	1076.3	1189.5	1177.3	1467.9	1050.78	725.7	1056	1220.4	1201
31	3537.90	2863.4	3167	4020.8	4100.4	1897.78	1581.9	1643	2273	2093.2
32	4370.75	4521.9	4521.9	4427.5	4011.7	4065.40	4490	4490	3983.9	3297.7
33	5407.15	3942.4	4735.1	5926.1	7025	5504.00	4852.7	5198.2	5962.9	6002.2
34	24192.75	14498	21874	28122	32277	17611.25	14267	16015	19317	20846
35	1215.43	544.7	1057.4	1352.3	1907.3	704.98	421.8	664.9	786.4	946.8
36	15509.50	13653	15115	14188	19082	17228.25	15374	16977	18087	18475
37	4300.98	3366.9	3788	4083	5966	4659.00	3506	4516	4160	6454
38	7015.55	8379.3	10875.7	5475.4	3331.8	6414.90	8926.2	10666.7	3223.8	2842.9
39	3419.95	2572.6	3174.2	3719.4	4213.6	6888.45	5611.9	7444.8	7830.4	6666.7
40	10247.90	13317.9	8535	9027.4	10111.3	6247.83	6036.3	6096.9	6557.6	6300.5
41	14820.43	10634.6	11568.4	16709.2	20369.5	4125.95	3017.6	3619.4	4504.8	5362
42	2329.63	1858.6	2097.8	2437.9	2924.2	2176.88	1782.7	1931.1	2167.3	2826.4
43	1245.10	1073.4	1085.9	1208.3	1612.8	781.70	666	639.8	833.1	987.9
44	41397.48	35146	35625.9	43054.4	51763.6	8183.55	8163.9	7308.9	8864.6	8396.8
45	2840.05	2259.9	2604.2	2957.8	3538.3	1424.40	1012.2	1233.9	1611	1840.5
46	11545.55	6007.9	8337.3	12432	19405	10592.98	5827.2	8199.3	12904.4	15441
47	2370.33	1552.8	2127.2	2825.8	2975.5	1096.55	826.2	967.8	1201.4	1390.8
48	490.40	.	438.9	451.7	580.6	15987.15	30391	30543.4	1492.8	1521.4
49	13046.80	9854.2	10474.3	13684.7	18174	9292.58	7130.8	7767.2	12290.4	9981.9
50	9596.73	7146.1	9011.2	10786.5	11443.1	12824.78	11700.1	13124.8	15048.4	11425.8
51	4314.93	2848.8	3586	4812.3	6012.6	4302.38	3275.6	4158.8	4176.7	5598.4
52	5304.55	3997.5	4365.2	5487.8	7367.7	2285.08	1696.8	1857.1	2197.6	3388.8
53	2276.20	1747.3	2084.5	2690.4	2582.6	1014.63	763.7	934.4	1116.8	1243.6
54	1681.25	1144.1	1413.9	1851.9	2315.1	1047.50	970.8	948.2	970.4	1300.6
55	18482.08	13790.5	15126.1	18817.5	26194.2	3990.50	3428.3	3803.1	4215.4	4515.2
56	2909.48	2763.2	3135.3	2535.2	3204.2
57	2358.93	1778.4	2071.2	2570.2	3015.9	3217.90	2617.9	3081.7	3701.9	3470.1
58	2892.90	2296	2491.4	3035.7	3748.5	1337.55	1234	1231	1242	1643.2

Tabel 6.2 Gemiddeldes en roudata vir winsgewendheid en grootte van maatskappye vir die jare 2000 tot 2003 (vervolg)

W	g_wins	wins00	wins01	wins02	wins03	g_grootte	grootte 00	grootte 01	grootte 02	grootte 03
59	3886.83	.	5559.8	2911.1	3189.6	1714.60	.	1930.2	1694.3	1519.3
60	2253.50	2028.5	2205.9	2480.6	2299	2303.85	2175.9	2467.7	2644.4	1927.4
61	4645.18	3184.1	4229.8	5062.9	6103.9	2935.83	2036.3	2514.6	3374.6	3817.8
62	28294.90	18276.3	25586.1	37843.1	31474.1	41994.15	24885.6	27957.6	47176.5	67956.9
63	40888.15	27007	28992	42238.6	65315	36647.58	25364	27296	43670.5	50259.8
64	35247.23	34188.4	37693.7	39252.6	29854.2	40971.50	34543.5	40477.5	48705.3	40159.7
65	48296.00	25762	41289	61578	64555	51924.50	28103	49384	62523	67688
66	3010.18	1895.3	2550.2	3564.2	4031	2160.90	1077.6	2449.5	2550.6	2565.9
67	21271.38	18803.5	19472.5	21985	24824.5	6041.50	5144.8	6057.9	6199.5	6763.8
68	1933.13	2229.2	1902	1732.3	1869	3436.90	3499.1	3316.6	3451.1	3480.8
69	7131.03	4594.1	5773.5	8207.9	9948.6	6978.55	4973	5843	8094	9004.2
70	4979.98	3864.3	4505.3	5536.4	6013.9	2998.13	2685	2699.3	3281.4	3326.8
71	19552.73	18149.4	16840.5	20181.9	23039.1	10103.45	9213	10194.2	10509.2	10497.4
72	2294.98	1631.3	2065.8	2530.3	2952.5	1572.93	1213	1405.6	1888.2	1784.9
73	5606.50	5365	5365	5593	6103	8148.50	7281	7281	9071	8961
74	1223.43	914.1	1010.4	1304.1	1665.1	740.98	570.6	644	824.1	925.2
75	5952.27	.	4756.2	6824.3	6276.3	2432.57	.	2567.4	2812.6	1917.7
76	2131.65	1779.9	1779.9	2957.4	2009.4	7821.30	5978.4	5978.4	10377.8	8950.6
77	1957.80	1772.9	1676.4	2075.9	2306	1429.55	1118.2	1323.1	1435.9	1841
78	5803.40	4585.1	5242.5	5995	7391	2257.10	1724.9	2667.3	2192.5	2443.7
79	1925.83	1309.6	1701.2	2284.1	2408.4	1060.38	637.8	961	1274.7	1368
80	7875.70	6359.4	7026.6	8616.5	9500.3	4004.43	3492.9	3754.7	4029.4	4740.7
81	4770.08	14073.5	2746.8	2217	43	3014.20	7104.3	4525.9	225.8	200.8

In tabelle 6.2 en 6.3 sal 'n '.' as 'n selinskrywing op 'n vermiste waarde dui. Die statistiese pakket wat vir die ontleding gebruik is, is in staat om die vermiste waardes in aanmerking te neem en korrek in die onderskeie ontledings te gebruik.

In tabel 6.3 word die gemiddelde syfer en roudata wat ten opsigte van verslagdoening oor die werknemers wat ten opsigte van elke maatskappy bereken is, weergegee:

Tabel 6.3 Gemiddeldes en roudata vir verslagdoeningsindeks vir die jare 2000 tot 2003

W	g_versl-ind	versl-ind00	versl-ind01	versl-ind02	versl-ind03
1	67.2500	53	76	59	81
2	78.6667	.	80	78	78
3	51.2500	58	63	57	27
4	72.6667	.	65	75	78
5	67.0000	52	66	66	84
6	55.7500	46	65	39	73
7	46.0000	37	48	53	.
8	65.2500	72	75	50	64
9	47.0000	.	45	51	45
10	72.0000	54	83	69	82
11	60.7500	55	54	74	60
12	80.7500	68	71	88	96
13	66.0000	68	62	53	81
14	55.7500	55	64	66	38
15	34.6667	.	33	40	31
16	25.7500	36	39	8	20
17	45.3333	63	.	51	22
18	58.5000	54	49	43	88
19	1.0000	.	.	.	1
20	39.0000	41	62	.	14
21	44.5000	52	45	40	41
22	58.2500	62	93	50	28
23	58.0000	60	60	57	55
24	50.0000	70	66	63	1
25	86.7500	93	82	90	82
26	62.5000	61	60	69	60

Tabel 6.3 Gemiddeldes en roudata vir verslagdoeningsindeks vir die jare 2000 tot 2003
(vervolg)

W	g_ versl-ind	versl-ind00	versl-ind01	versl-ind02	versl-ind03
27	30.3333	.	45	19	27
28	51.0000	44	59	45	56
29	45.0000	62	44	38	36
30	69.6667	72	82	.	55
31	62.0000	77	79	47	45
32	84.3333	.	94	86	73
33	88.0000	78	75	96	103
34	60.2500	51	47	70	73
35	13.0000	.	.	.	13
36	77.0000	.	54	89	88
37	59.5000	69	66	67	36
38	63.5000	61	73	61	59
39	76.2500	52	70	77	106
40	53.7500	60	52	60	43
41	68.7500	65	89	73	48
42	59.7500	70	61	52	56
43	45.2500	52	57	40	32
44	60.7500	53	78	64	48
45	43.2500	46	30	41	56
46	75.2500	76	80	56	89
47	41.6667	41	.	60	24
48	8.3333	.	12	12	1
49	74.2500	70	77	90	60
50	46.6667	68	62	.	10
51	55.5000	44	68	56	54
52	67.7500	65	43	70	93
53	72.2500	74	80	61	74
54	55.6667	.	70	58	39
55	63.5000	72	67	63	52
56	52.0000	.	.	.	52

Tabel 6.3 Gemiddeldes en roudata vir verslagdoeningsindeks vir die jare 2000 tot 2003
(vervolg)

W	g_ versl-ind	versl-ind00	versl-ind01	vresl-ind02	versl-ind03
57	95.2500	85	95	68	133
58	26.5000	35	33	18	20
59	52.3333	.	57	46	54
60	53.5000	62	56	66	30
61	63.2500	66	82	51	54
62	26.5000	41	44	12	9
63	98.5000	97	94	93	110
64	67.0000	.	84	66	51
65	99.6667	.	104	110	85
66	94.2500	82	97	93	105
67	50.5000	54	51	66	31
68	94.0000	80	87	103	106
69	45.0000	51	58	27	44
70	33.7500	57	37	28	13
71	61.7500	64	60	62	61
72	42.0000	50	36	47	35
73	61.2500	63	59	70	53
74	31.0000	51	.	.	11
75	24.3333	.	48	23	2
76	32.5000	43	38	26	23
77	74.5000	78	70	67	83
78	59.0000	63	63	51	59
79	65.3333	66	63	.	67
80	73.2500	90	82	76	45
81	35.3333	38	49	19	.

In die berekening van die gemiddelde syfers ten opsigte van die veranderlikes winsgewendheid, die grootte van maatskappye en verslagdoeningsindeks oor die vier jaar 2000 tot 2003, is alle data in die berekening ingesluit al was die inligting vir al vier jaar nie bekend nie.

6.3 DIE ONTWIKKELING VAN 'N MEERVOUDIGE LINIËRE REGRES- SIEMODEL



Presies dieselfde ontledingstappe wat in hoofstuk 5 gevolg is, is in die ontledings herhaal wat in hierdie hoofstuk bespreek word, met die verskil dat daar nou met die gemiddelde syfers wat in paragraaf 6.2 weergegee is, gewerk is. Die eerste stap in die verbandbepaling tussen verslagdoeningsindeks, winsgewendheid en die grootte van maatskappye is verspreidingsdiagramme.

6.3.1 Verspreidingsdiagramme

Die verspreidingsdiagramme wat in figuur 6.1 weergegee word, verteenwoordig gemiddelde winsgewendheid, gemiddelde grootte van maatskappye en gemiddelde verslagdoeningsindeks soos in die vorige paragraaf bespreek. Uit die diagramme in figuur 6.1 kan daar net soos uit die diagramme in paragraaf 5.6.1, afgelei word dat daar aanduidings van 'n moontlike verband tussen die veranderlikes winsgewendheid en grootte van maatskappye bestaan, maar dat daar skynbaar nie 'n verband tussen die winsgewendheid en verslagdoeningsindeks bestaan nie. Die moontlike verband tussen die grootte van maatskappye en verslagdoeningsindeks blyk ook swakker te wees as dié van grootte van maatskappye en winsgewendheid.

Hierdie sigbare verbande tussen die veranderlikes, naamlik die grootte van maatskappye, winsgewendheid en verslagdoeningsindeks word deur die korrelasiematriks wat in paragraaf 6.3.2 bespreek gaan word, bevestig.

Figuur 6.1 **Verspreidingsdiagramme van gemiddelde wins, - grootte van maatskappy en - verslagdoeningsindeks**



6.3.2 Korrelasies

'n Korrelasiematriks (Pearson korrelasies) soos in tabel 6.4.3 weergegee, is tussen die veranderlikes winsgewendheid, die grootte van maatskappy, verslagdoeningsindeks en die interaksie tussen die grootte van maatskappy en verslagdoeningsindeks bereken. Korrelasies is op die gemiddelde waardes en vir elke bepaalde interaksiekorrelasie op die aantal volledige pare van gemiddelde waardes bereken. Dieselfde afkortings wat in hoofstuk 5 gebruik is en waarvan die verduidelikings in paragraaf 5.6.2 gegee is, word hier gebruik.

Die sterk korrelasie wat winsgewendheid met die ander veranderlikes en veral met die grootte van maatskappy toon, soos uit tabel 6.4 waargeneem kan word, is van belang. Die korrelasie van winsgewendheid met die grootte van maatskappye soos blyk uit ry 2 kolom 3 van tabel 6.2.3 is 0.81077 en is op die 0.1% peil van betekenisvolheid betekenisvol (omdat die waarskynlikheid wat geassosieer word met die korrelasiekoëffisiënt kleiner is as 0.001). Die korrelasie van winsgewendheid met die interaksieterm volgens ry 2 kolom 4 is 0.79533, wat ook betekenisvol op die 0.1% peil van betekenisvolheid is, terwyl die korrelasie van winsgewendheid met die verslagdoeningsindeks op 0.29516 op die 1% peil van betekenisvolheid betekenisvol is.

Tabel 6.4 Opsommende statistieke en korrelasiematriks (Pearson korrelasies)

Tabel 6.4.1 Die veranderlikes

4 Veranderlikes	Verslagdoeningsindeks gemiddelde, wins gemiddelde, grootte van maatskappye gemiddelde, verslagdoeningsindeks/grootte van maatskappye interaksiegemiddelde
------------------------	---

Tabel 6.4.2 Opsommende statistiese maatstawwe

Opsommende statistiese maatstawwe							
Veranderlikes	N	Gem	Std Afw	Som	Minimum	Maksimum	Veranderlike naam
G_bekend	81	57.21914	20.11691	4635	1.00000	99.66667	Verslagdoeningsindeks gemiddelde
G_wins	80	8488	10513	679043	490.40000	48296	wins gemiddelde
G_grootte	81	6492	9450	525820	704.97500	51925	grootte gemiddelde
G_bek_grootte	81	413772	766979	33515523	2572	5175142	interaksieterm gemiddelde

Tabel 6.4.3 Pearson Korrelasiekoëffisiënte

Pearson Korrelasiekoëffisiënte Waarskynlikheid > r onder H0: Rho=0 Aantal waarnemings				
	G_bekend	G_wins	g_grootte	g_bek_grootte
G_verslagdoeningsindeks verslagdoeningsindeks gemiddelde	1.00000 81	0.29516 0.0079 80	0.22544 0.0430 81	0.42844 <.0001 81
G_wins wingsgemiddelde	0.29516 0.0079 80	1.00000 80	0.81077 <.0001 80	0.79533 <.0001 80
G_grootte van maatskappy groottegemiddelde	0.22544 0.0430 81	0.81077 <.0001 80	1.00000 81	0.90867 <.0001 81
G_bek_grootte verslagdoeningsindeks en grootte van maatskappy interaksie gemiddelde	0.42844 <.0001 81	0.79533 <.0001 80	0.90867 <.0001 81	1.00000 81

Hierdie bepaalde betekenisvolle korrelasies tussen die veranderlikes word verder met behulp van meervoudige liniêre regressie ondersoek.

6.3.3 Meervoudige liniêre regressie

6.3.3.1 Meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as afhanklike veranderlike

Ten einde die bydrae en plek van verslagdoening oor werknemers in 'n meervoudige regressiemodel te ondersoek, waar die effek van winsgewendheid en die grootte van die maatskappy ook ingesluit is, is verslagdoening in 'n aanvanklike regressie as die afhanklike veranderlike en die ander veranderlikes as verklarende of onafhanklike veranderlikes in die model ingesluit. Die regressieresultate word in tabel 6.5 weergegee.

Uit tabel 6.5.1 is dit duidelik dat, alhoewel die regressie in geheel betekenisvol is (die waarskynlikheid wat aan die F-toetsstatistiek gekoppel word en met die regressie verbind word is 0.0291, wat <0.05 en dus betekenisvol is), is die R-kwadraatwaarde van die regressie slegs 0.0878 of 0.09. Dus word slegs 9% van die variasie teenwoordig in die data, deur die bepaalde model verklaar.

Hierdie verklaring van slegs 9% van die variasie in die data is nie baie goed nie en daar word dus tot die gevolgtrekking gekom dat verslagdoening nie as afhanklike veranderlike in die regressiemodel gesien moet word nie.

Tabel 6.5 Meervoudige liniêre regressie - afhanklike veranderlike: verslagdoening

Tabel 6.5.1 Opsomming

Bron	Vryheids- grade (VG)	Somme van kwadrate	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toets- statistiek	Waarsk>F
Model	2	2838.69763	1419.34882	3.70	0.0291
Fout	77	29508.92312	383.23277		
Aangepaste totaal	79	32347.62075			

Tabel 6.5.2 R-kwadraat (R^2)

Steekproefbepaald- heidskoeffisient	Koëffisiënt van variasie	Wortel van die gemiddelde fout som kwadrate	Verslagdoenings gemiddelde
0.087756	34.17395	19.57633	57.28438

Tabel 6.5.3 Tipe 111 Somme van kwadrate

Bron	VG	Tipe III Somme van kwadrate (Tipe 111 SK)	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toets- statistiek	Waarsk>F
Grootte gemid- delde	1	20.685188	20.685188	0.05	0.8169
Wins gemiddelde	1	1208.372413	1208.372413	3.15	0.0797

Tabel 6.5.4 Parameterskatting van die regressievergelyking

Parameter	Skatting	Standaard fout	t Waarde	Waarsk > t
Afsnit	52.49146419	2.82283576	18.60	<.0001
Grootte gemiddelde	-0.00009201	0.00039603	-0.23	0.8169
Wins gemiddelde	0.00063552	0.00035790	1.78	0.0797

Uit tabel 6.5 blyk dit dat slegs die effek van winsgewendheid op die 10% peil van betekenisvolheid, betekenisvol is. Dit laat die gedagte ontstaan dat die plek van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye nie die van afhanklike veranderlike is nie.

6.3.3.2 Meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike

In die model word die effek van die grootte van maatskappye as verklarende veranderlike in die regressiemodel ingesluit. In die regressiemodel waarvan die resultate in tabel 6.6 uiteengesit word, blyk dit uit die resultate dat verslagdoening ten opsigte van die werknemers van die top maatskappye as 'n verklarende veranderlike in 'n winsvoorspellingsmodel gesien moet word.

Daar kan uit tabel 6.6.1 afgelei word dat hierdie regressiemodel oor die algemeen hoogs betekenisvol is. Die F-waarskynlikheid wat met die model verbind word, is kleiner as 0.0001 en dus hoogs betekenisvol.

Volgens tabel 6.6.2 is die R-kwadratwaarde van die regressie nou 0.6793. Dit wil sê 68% van die variasie in die winsdata word deur die regressiemodel verklaar. Die persentasie variasie verklaar is baie hoër as in die vorige model waar slegs 9% van die variasie verklaar is en is daarom baie meer verklarend. Daar kan dus afgelei word dat verslagdoening oor die werknemers van maatskappye wel 'n invloed op die winsgewendheid van die maatskappye het.

Die betekenisvolle effek van die grootte van maatskappye soos aan die batewaarde gemeet, is van waarde ($0.0018 < 0.001$, dus betekenisvol op 0.1% peil van betekenisvolheid). Die waarskynlikhede geassosieer met die F-waardes van die verslagdoeningsindeks in tabel 6.6.3 van 0.4765 en dié van die interaksieterm van 0.1615 dui egter op nie-betekenisvolle effekte. Dit beteken dat nog 'n beter model ondersoek moet word.

Tabel 6.6 Meervoudige liniere regressie - afhanklike veranderlike: winsgemiddelde

Tabel 6.6.1 Opsomming

Bron	Vryheids- grade (VG)	Somme van kwadrate	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toets- statistiek	Waarsk >F
Model	3	5930925261	1976975087	53.65	<.0001
Fout	76	2800516668	36848904		
Aangepaste totaal	79	8731441929			

Tabel 6.6.2 R-kwadraat (R^2)

Steekproefbepaald- heidskoëffisiënt	Koëffisiënt van variasie	Wortel van die gemiddelde fout som kwadrate	Verslagdoenings gemiddelde
0.679261	71.51630	6070.330	8488.036

Tabel 6.6.3 Tipe III Somme van kwadrate

Bron	VG	Tipe III SK	Gemiddelde somme van kwadrate	F toets- statistiek	Waarsk > F
Grootte gemiddelde	1	386086217.3	386086217.3	10.48	0.0018
Verslagdoeningsindeks gemiddelde	1	18864476.1	18864476.1	0.51	0.4765
Grootte/verslagdoenings- indeks interaksie gemid- delde	1	73659147.7	73659147.7	2.00	0.1615

Tabel 6.6.4 Parameterskatting van die regressievergelyking

Parameter	Skatting	Standard Fout	t Waarde	Waarsk > t
Afsnit	1250.344672	2481.749487	0.50	0.6158
Grootte gemiddelde	0.618396	0.191045	3.24	0.0018
Verslagdoeningsindeks ge- middelde	29.668075	41.464771	0.72	0.4765
Grootte/verslagdoenings- indeks gemiddelde	0.003587	0.002537	1.41	0.1615

Die voorspellingskoëffisiënte vir die effek van verslagdoening, grootte van maatskappy en die interaksie term is ook nie betekenisvol nie. Alhoewel die model redelik goed pas en betekenisvol is, ontstaan die vraag of dit die beste model is en of 'n model waar die afsnit deur die oorsprong gaan, nie beter sal wees nie.

6.3.3.3 Meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike met 'n regressie deur die oorsprong en interaksie in berekening gebring

Uit voorafgaande ontledings het dit geblyk dat die plek van verslagdoening in 'n voorspellingsmodel ten opsigte van grootte van maatskappy, winsgewendheid en verslagdoening, 'n verklarende veranderlike in winsvoorspelling is. Twee regressiemodelle word nou bespreek ten einde die beste voorspellingsmodel in terme van die effek van verslagdoening en ander veranderlikes te bepaal.

Indien 'n model ondersoek word waar die regressie deur die oorsprong gaan, verbeter die regressie vanaf die vorige model gepas na $R^2 = 0.8062$. Die regressieresultate van die model wat in tabel 6.7.2 gegee word toon 'n R-kwadraatwaarde van 0.8062. In hierdie geval word 81% van die winsgewendheid deur middel van die model wat ontwikkel is, bepaal. Die model is hoogs betekenisvol (die waarskynlikheid geassosieer met die algemene F-toetsstatistiek is <0.001 – dus betekenisvol op die 0.1% peil van betekenisvolheid).

Tabel 6.7 Meervoudige liniêre regressie - verklarende veranderlike: winsgemiddelde

Tabel 6.7.1 Opsomming

Bron	Vryheids- grade (VG)	Somme van kwadrate	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)	F toets- statistiek	Waarsk >F
Model	3	11685312923	3895104308	106.74	<.0001
Fout	77	2809870040	36491819		
Aangepaste totaal	80	14495182963			

Tabel 6.7.2 R-kwadraat (R^2)

Steekproefbepaald- heidskoeffisient	Koeffisiënt van variasie	Wortel van die gemiddelde fout som kwadrate	Verslagdoenings gemiddelde
0.806151	71.16894	6040.846	8488.036

Tabel 6.7.3 Tipe III Somme van kwadrate

Bron	VG	Tipe III SK	Gemiddelde som van kwadrate	F toets- statistiek	Waarsk > F
Grootte gemiddelde	1	624691363.1	624691363.1	17.12	<.0001
Verslagdoeningsindek sgemiddelde	1	458736106.1	458736106.1	12.57	0.0007
Grootte/verslagdoe- ningsindeks interaksie gemiddelde	1	68962199.9	68962199.9	1.89	0.1732

Tabel 6.7.4 Parameterskatting van die regressievergelyking

Parameter	Skatting	Standaard Fout	t Waarde	Waarsk > t
Grootte gemiddelde	0.66901967	0.16169772	4.14	<.0001
Verslagdoeningsindeks ge- middelde	49.33506885	13.91464180	3.55	0.0007
Grootte/verslagdoenings- indeks gemiddelde	0.00286639	0.00208510	1.37	0.1732

Die laaste stap wat in die navorsing gevolg is, is die ondersoek na 'n verbeterde model waar die interaksie tussen die grootte van maatskappy en verslagdoeningsindeks weggelaat is. Die rede vir die weglating van die interaksieterm is dat die geskatte interaksiekoëffisiënt, soos verstrekk in tabel 6.7.4, nie betekenisvol is nie. (Die waarskynlikheid geassosieer met die t-toetsstatistiek van 1.37 is gelyk aan 0.17, wat groter is as 0.05 en dus nie betekenisvol is nie.)

6.3.3.4 Meervoudige liniêre regressiemodel met verslagdoening as verklarende veranderlike met regressie deur die oorsprong en geen interaksieterm in berekening gebring nie

Die regressiemodel waarop daar besluit is en wat die bydrae van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye ten opsigte van die finansiële syfers van die betrokke maatskappye die beste verklaar, word in meer besonderhede bespreek.

Die algemene regressie vir hierdie model is betekenisvol. Die F-waarskynlikheid volgens tabel 6.8.1, wat met die regressiemodel verbind word, is kleiner as 0.0001, wat hoogs betekenisvol is.

Volgens tabel 6.8.2 is die R-kwadraatwaarde van die regressie nou 0.8014 wat beteken dat 80% van die variasie in winsgewendheid deur die model, waar die effek van verslagdoening en winsgewendheid in ag geneem word, die regressie deur die oorsprong gaan en interaksiet Terme uitgelaat word, verklaar word.

Regressieresultate in tabel 6.8.3 toon dat die effek van verslagdoening en die grootte van maatskappye albei 'n betekenisvolle invloed op die winsgewendheid van 'n maatskappy het. Die F-waarskynlikhede gekoppel aan die grootte van maatskappye en verslagdoening is onderskeidelik <0.0001 en 0.0005 . Hierdie F-waarskynlikhede is albei kleiner as 0.001 en daarom hoogs betekenisvol.

Die voorspellingskoëffisiënte vir die effek van verslagdoening en die grootte van maatskappye in die regressievergelyking is albei betekenisvol. Volgens tabel 6.8.4 is die t-waarskynlikhede vir die twee effekte <0.0001 en 0.0005 onderskeidelik.

Tabel 6.8 Meervoudige liniêre regressie - verklarende veranderlike: winsgemiddelde

Tabel 6.8.1 Opsomming

Bron	Vryheidsgrade (VG)	Gemiddelde somme van kwadrate (GSK)		F toetsstatistiek	Waarsk >F
		Somme van kwadrate			
Model	2	11616350723	5808175361	157.37	<.0001
Fout	78	2878832240	36908106		
Nie-aangepaste Totaal	80	14495182963			

Tabel 6.8.2 R-kwadraat (R²)

Steekproefbepaaldheidskoëffisiënt	Koëffisiënt van variasie	Wortel van die gemiddelde fout som kwadrate	Verslagdoenings gemiddelde
0.801394	71.57373	6075.204	8488.036

Tabel 6.8.3 Tipe III Somme van kwadrate

Bron	VG	Tipe III SK	Gemiddelde somme van kwadrate	F toetsstatistiek	Waarsk >F
Grootte gemiddelde	1	5092727196	5092727196	137.98	<.0001
Verslagdoeningsindeks gemiddelde	1	485368274	485368274	13.15	0.0005

Tabel 6.8.4 Parameterskatting van die regressievergelyking

Parameter	Skatting	Standaard Fout	t Waarde	Waarsk > t
Grootte gemiddelde	0.86708559	0.07381551	11.75	<.0001
Verslagdoeningsindeks gemiddelde	50.63045504	13.96165864	3.63	0.0005

Die regressievergelyking wat die verband van verslagdoening as verklarende veranderlike dus die beste en getrouste uitbeeld, kan met behulp van die regressieparameters van tabel 6.8.4 as $\text{wingsgewendheid} = [(0.8671) \times \text{grootte van maatskappy}] + [(50.6305) \times \text{verslagdoening}]$ uitgedruk word.

Uit die navorsing wat gedoen is, blyk hierdie die beste model te wees om die verband tussen verslagdoening oor die werknemers en wingsgewendheid en ten opsigte van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) gedurende die jare 2000 tot 2003 genoteer was, weer te gee.

Dit is belangrik om ten slotte daarop te let dat, soos hierbo bespreek, die gemiddeldes op die regressiemodel gepas is as $\text{gemiddelde wingsgewendheid} = [(0.867) \times \text{grootte van maatskappye}] + [(50.63) \times \text{verslagdoening}]$. Uit die tabelle van maatskappye van residue, gepaste gemiddelde wingsgewendheid minus waargenome gemiddelde wingsgewendheid per maatskappy, soos bepaal uit bogenoemde regressie-ontleding, is die volgende twee maatskappye as uitskieters aangedui. Indien residue normaal verdeel is – wat 'n voorvereiste vir geldige regressie-ontleding is (soos in die geval bevind is) word uitskieters, dit wil sê maatskappye wat ‘anders’ reageer, aan gestandaardiseerde residue groter as 2 of kleiner as -2 uitgeken. Gestandaardiseerde residue is residue gedeel deur hul standaardafwyking. 'n Uittreksel uit genoemde tabel dui die volgende twee uitskieters aan:

Tabel 6.9 Normaliteit van residue – twee uitskieters

W	Maatskappy	g_grootte	g_verslagdoeningsindeks	g_wins	Gemiddelde wins voorspel deur regressie model (p)	Gestandaardiseerde residue (r)
14	Bidvest	11372.35	55.7500	36216.60	12683.45	4.32114
44	Metcash	8183.55	60.7500	41397.48	10171.64	6.34140

Die redes vir hierdie twee uitskieters kan, onder andere, aan die volgende oorsake toegeskryf word:

- in 'n regressievergelyking kan die belangrikheid van verslagdoening in die grootte van die betrokke regressiekoëffisiënt gesien word, naamlik 50.63. Visuele waarneming toon dat die verslagdoeningsindeks van maatskappye oor jare baie wissel. Dit is veral waar ten opsigte van bogenoemde twee maatskappye waar verslagdoeningsindeks van 38 tot 66 (gemiddeld van 55.75) vir Bidvest (Bidvest Group Bpk.) en van 48 tot 78 (gemiddeld van 60.75) vir Metcash (Metro Cash & Carry Bpk.) wissel. Die vraag ontstaan of dit 'n ware weergawe van die praktyk is en of die meetinstrument nie nog verder verfyn moet word nie;
- hierdie twee maatskappye reageer werklik 'anders' in die marksektor;
- die ontleding van die finansiële jaarverslae van die maatskappy wat as grondslag vir die berekening van die verslagdoeningsindeks gebruik is, is nie konsekwent gedoen nie; en
- hierdie twee maatskappye het as gevolg van bepaalde ekonomiese faktore minder (of meer) inligting rakende hul werknemers gedurende die betrokke jare bekend gemaak.

Die aanname van normaliteit van residue, wat 'n voorvereiste vir betroubare regressie-resultate is, is bevestig en word aan die einde van die verhandeling in bylaag C weergegee.

6.4 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is daar net soos in hoofstuk 5 gebruik gemaak van verskeie modelle om die belangrikheid van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die bepaling van wins vir die top 100 maatskappye wat oor die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, te bespreek.

Dieselfde veranderlikes, naamlik winsgewendheid, die grootte van maatskappye en verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, as die wat in hoofstuk 5 gebruik is, is in aanmerking geneem. Verder is dieselfde faktore asook dieselfde statistiese terme wat op hoofstuk 5 van toepassing was, in hierdie hoofstuk gebruik.

Die eerste stap wat in hoofstuk 6 gevolg is om die effek van verslagdoening oor die werknemers van die maatskappye vas te stel, was om die effek van die grootte van maatskappye in gemiddeldes per maatskappy saam te voeg. Die gemiddeldes vir elk van die top 100 maatskappye wat vanaf 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, is ten opsigte van verslagdoening oor werknemers, winsgewendheid en die grootte van maatskappye bereken.

Die ondersoek is aan die hand van verspreidingsdiagramme bespreek en opgevolg met 'n bespreking van die korrelasiematriks tussen die veranderlikes om die sigbare verbande te bevestig.

Ten einde 'n beduidende verband tussen grootte van die maatskappy en verslagdoening oor die werknemers van maatskappye te bewys, is meervoudige liniêre regressie met verslagdoening as afhanklike en verklarende veranderlike beurtelings op die data gepas. Hieruit het dit geblyk dat die plek van verslagdoening eerder dié van verklarende veranderlike is.

Uit 'n bespreking van die model van meervoudige liniêre regressie met verslagdoening as verklarende veranderlike kon daar afgelei word dat hierdie model betekenisvol is. Met 'n R-kwadraatwaarde van 0.0806 of 81% kon daar uit die model afgelei word dat die winsgewendheid wel deur die ander veranderlikes bepaal word. Die effek van die interaksie tussen verslagdoening en die grootte van maatskappy was egter onbeduidend wat daartoe gelei het dat hierdie interaksie term uit die ondersoek weggelaat is.

In 'n verfyning van die model is daar na regressie deur die oorsprong gekyk. Uit die model kon daar afgelei word dat winsgewendheid betekenisvol deur die veranderlikes, naamlik die grootte van maatskappy en verslagdoening oor die werknemers verklaar word.

Die beste model wat uit die ondersoek na vore kom om die betrokkenheid van verslagdoening in winsbepaling uit te beeld, kan as winsgewendheid = $[(0.8671) \times \text{grootte van maatskappy}] + [(50.6305) \times \text{verslagdoening}]$ uitgedruk word. Hieruit kan afgelei word dat die rol van verslagdoening op die winsgewendheid van maatskappye beduidend is.

Die model wat in hierdie hoofstuk ontwerp en toegepas is, dui op die betekenisvolle verband tussen die verslagdoening van kwalitatiewe inligting oor werknemers in die finansiële jaarverslae van maatskappye en die winsgewendheid en grootte van maatskappye. Die vergelyking tussen die verslagdoening oor die werknemers in finansiële jaarverslae met die winsgewendheid en grootte van maatskappye vorm die grondslag van die studie en is onontbeerlik in die bepaling van enige verband tussen die veranderlikes.

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Tydens die ondersoek is verskeie probleme ten opsigte van die verband tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die winsgewendheid van die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, uitgekken. Volgens Du Rand (2000:106) vereis waarnemings dat verklarings aan die waarheid getoets moet word. Dit is dus nie voldoende dat inligting ingesamel en verklarings gevind word sonder om dit aan die waarheid te toets nie.

Navorsing vereis dat daar 'n voortdurende wisselwerking tussen waarnemings en verklarings plaasvind ten einde die beste resultate te verkry. Die probleme wat gedurende die ondersoek na vore gekom het, is daarom aan die hand van modelle getoets. Volgens Leedy (1997:109) is suksesvolle navorsing 'n geordende ondersoek om kennis te vermeerder. Daar is verder volgens Leedy (1997:109-110) twee metodes om kennis op te doen, naamlik:

- deduktief

Die deduktiewe metode begin met 'n stelling wat op logiese beredenering berus. Hierdie stelling blyk 'n aanvaarde universele waarheid te wees en moet vervolgens as waar bewys word; en

- induktief

Volgens die induktiewe metode van navorsing word navorsing begin met 'n waarneming (feit) wat ondersoek moet word ten einde betekenis daaraan te verleen.

In hierdie ondersoek is die induktiewe metode van navorsing as grondslag gebruik. Dit het die volgende stappe behels:

- die identifisering van die probleem;
- die versameling van inligting (data);
- die aanneem van 'n hipotese as 'n vertrekpunt; en
- die empiriese toetsing van die hipotese met behulp van die verwerking en ontleding van die data (Leedy 1997:110).

'n Vraelys is gebruik om 'n inhoudsontleding ten opsigte van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye wat vir die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, te maak. Die beoordelingskale vir verslagdoening oor die werknemers van maatskappye is op die resultate van die vraelys toegepas ten einde 'n indeks aan elke maatskappy ten opsigte van die kwaliteit van verslagdoening toe te ken.

Hierdie verslagdoeningsindeks wat vir die jare 2000 tot 2003 bereken is, is met behulp van statistiese programme met die winsgewendheid en grootte van die onderskeie maatskappye vir die onderskeie jare vergelyk.

In die volgende paragrafe word 'n opsomming van die resultate van die ondersoek in verband met die hipotese gebring en weergegee. Gevolgtrekkings word gemaak oor die verband tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die winsgewendheid en grootte van maatskappye, gevolg deur aanbevelings vir verdere navorsing.

7.2 SAMEVATTING

Die doel van die studie, soos in hoofstuk 1 weergegee, is om:

- ondersoek in te stel na die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was. Die doel is om met behulp van 'n vraelys die inhoud van die finansiële jaarverslae ten opsigte van verslagdoening van die top 100 maatskappye vir elk van die vier jaar te ontleed. Hierdie ontleding word dan aan die hand van 'n beoordelingskaal beoordeel; en
- te bepaal of daar 'n verband tussen verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, die grootte van maatskappye en die winsgewendheid van die betrokke maatskappye bestaan. Die doel is om vas te stel of daardie maatskappye waarvan die kwantiteit en kwaliteit van die inligting oor die werknemers die beste is, terselfdertyd die mees winsgewende maatskappye is.

Ten einde die doel van die studie te bereik, is daar in hoofstukke 2 en 3 aandag gegee aan 'n literatuurstudie oor die ontwikkeling van rekeningkunde en veral aan die ontwikkeling van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye.

Hoofstuk 2 bevat 'n kort opsomming van die ontwikkeling van rekeningkunde in die algemeen, vanaf die vroegste tye tot vandag, asook die daarstelling van 'n konseptuele raamwerk onderliggend aan rekeningkunde. Die bespreking van die konseptuele raamwerk het die behoefte aan die deurgee van verstaanbare, toepaslike, betroubare en vergelykbare inligting aan die gebruikers van finansiële jaarverslae, met die klem op die behoefte aan inligting oor die werknemers van maatskappye, uitgewys. Dit het aan die lig gekom dat die inligtingsbehoefes van die verskillende gebruikers van finansiële jaarverslae, naamlik, die beleggers, werknemers, langtermynskuldeisers, krediteure, kliënte, owerheid en gemeenskap grootliks verskil.

Dit blyk dat sommige van die gebruikers van finansiële jaarverslae 'n behoefte aan 'n wye verskeidenheid inligting oor die werknemers van die onderneming toon. Dit is daarom nie net vir die onderneming belangrik om te weet wat die inligtingsbehoefes van die gebruikers van finansiële jaarverslae ten opsigte van hul werknemers is nie, maar ook waarom dit noodsaaklik is om hierdie inligting oor werknemers weer te gee.

Die ontwikkeling van gemeenskapsgerigte verslagdoening, met besondere verwysing na die verslagdoening oor die werknemers van die onderneming, is in hoofstuk 3 bespreek. Daar is veral klem gelê op die ontwikkeling van verslagdoening oor die werknemers van ondernemings in die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk, Europese lande soos Duitsland, Frankryk, Swede en België en ander ontwikkelde lande, soos Australië en Nieu-Seeland. Uit hierdie bespreking blyk dit dat die Verenigde State van Amerika, die Verenigde Koninkryk en selfs sekere Europese lande aan die begin van die sewentigerjare baie aandag geskenk het aan verslagdoening oor hul werknemers. Die mate waartoe inligting oor die werknemers van die onderneming bekend gemaak word, hang egter grootliks af van die wetgewing van elke land en die kulturele omgewing wat in daardie land heers. Die meeste ondernemings maak dus slegs daardie inligting wat deur wetgewing vereis word, bekend.

In Suid-Afrika word daar tans nog heelwat aandag geskenk aan die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, maar die kwantiteit van die inligting oor werknemers wat deur die maatskappye weergegee word, is steeds beperk.

In hoofstuk 4 is die ontwikkeling van 'n meetinstrument vir die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor werknemers in finansiële jaarverslae uitgelig. Daar is hoofsaaklik klem gelê op die ontwikkeling van 'n meetinstrument ten einde die kwaliteit van inligting oor werknemers soos vervat in die finansiële jaarverslae van maatskappye te meet.

Die grootste beperking van die toekenning van 'n punt vir elke item wat bekend gemaak is, lê daarin dat die inligtingswaarde van elkeen van hierdie items van mekaar verskil. Dit lei daartoe dat die gebruikers van die finansiële jaarverslae van maatskappye daardie ondernemings wat minder items, maar met 'n groter inligtingswaarde, belangriker beskou as daardie maatskappye wat meer items, met 'n laer inligtingswaarde, bekend maak.

Vir doeleindes van hierdie studie is vier vlakke met hul onderskeie afdelings onderskei. Die eerste vlak sluit monetêre, nie-monetêre, kwalitatiewe, verklarende of geen inligting in nie. Die tweede vlak bestaan uit inligting wat ingedeel of nie ingedeel is nie, terwyl die derde vlak uit positiewe, neutrale of negatiewe inligting bestaan. Die vierde vlak bestaan uit vergelykende syfers vir een of vir twee of meer jare. Die toekenning van waardes ten einde 'n verslagdoeningsindeks volgens hierdie vier vlakke te bereken, is in hoofstuk 4 bespreek.

Uit 'n empiriese ondersoek van die kwantiteit en kwaliteit van die verslagdoening oor werknemers in die finansiële jaarverslae, is die belangrikheid van die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye uitgelig en met die winsgewendheid en die grootte van maatskappye oor die jare 2000 tot 2003 vergelyk. Die vergelyking tussen die veranderlikes is aan die hand van verskeie modelle bespreek.

Die empiriese ondersoek is eerstens aan die hand van verspreidingsdiagramme bespreek. Ter bevestiging van die visuele verbande wat vanaf die verspreidingsdiagramme tussen die veranderlikes van winsgewendheid, grootte van maatskappye en verslagdoening oor werknemers waargeneem is, is 'n korrelasiematriks bereken.

Ten einde 'n beduidende verband tussen grootte van maatskappye en verslagdoening oor die werknemers van maatskappye te bewys, is meervoudige liniêre regressie met verslagdoening as afhanklike veranderlike, op die data gepas. Uit hierdie regressie-analise het dit geblyk dat die plek van verslagdoening in die model eerder dié van verklarende veranderlike is.

Uit 'n bespreking van die model van meervoudige liniêre regressie met verslagdoening as verklarende veranderlike kon daar afgelei word dat hierdie model betekenisvol is. Die vraag het egter ontstaan of jare 'n betekenisvolle bydra tot die voorspellingsmodel gehad het. Hierdie vraag het daartoe gelei dat daar na 'n beter model waarin die jaareffek uit die ondersoek weggelaat kon word, gesoek is.

In die verfyning van die model is daar vervolgens na regressie deur die oorsprong gekyk. Deur die afsnypunt nul te maak, kon daar uit die model afgelei word dat winsgewendheid betekenisvol deur die ander veranderlikes beïnvloed word. Die vraag het egter ontstaan of die belangrikheid van die maatskappye op sigself nie verlore gaan indien daar met die roudata gewerk word nie. Die eerste stap wat gevolg is tot die benadering van die probleem om die invloed (effek) van verslagdoening oor die werknemers van die maatskappye vas te stel, was om die invloed (effek) van die grootte van maatskappye in gemiddeldes per maatskappy saam te voeg. Die gemiddeldes vir

elk van die top 100 maatskappye wat vanaf 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, is ten opsigte van die verslagdoening oor werknemers, die winsgewendheid en die grootte van maatskappye bereken.

Uit die model waarop daar uiteindelik in die ondersoek besluit is, kon daar afgelei word dat winsgewendheid betekenisvol deur die veranderlikes, naamlik die grootte van maatskappye en verslagdoening oor die werknemers beïnvloed word. Die beste model wat uit die ondersoek na vore kom om die betrokkenheid van verslagdoening in winsbepaling uit te beeld kan as $\text{winsgewendheid} = [(0.8671) \times \text{grootte van maatskappy}] + [(50.6305) \times \text{verslagdoening}]$ uitgedruk word. Hieruit kan afgelei word dat die rol van verslagdoening op die winsgewendheid van maatskappye beduidend is.

7.3 GEVOLGTREKKINGS

Uit die doelstelling soos in paragraaf 7.2 uiteengesit, is die beoordeling van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die finansiële jaarverslae van maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, van belang. Hierdie doelstelling is in die volgende doelwitte onderverdeel:

- om die omvang van verslagdoening met betrekking tot die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was te bepaal, ten einde vas te stel of daar 'n toename in die verslagdoening oor die werknemers van maatskappye is; en
- om die kwaliteit van verslagdoening met betrekking tot die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir die jare 2000 tot 2003 genoteer was, te bepaal ten einde vas te stel of daar 'n verbetering in die kwaliteit van verslagdoening oor werknemers is.

Die doelstelling soos in paragraaf 7.2 uiteengesit, behels verder dat 'n ondersoek gedoen word na die verband tussen verslagdoening oor die werknemers van maatskappye, die grootte van maatskappye en die winsgewendheid van maatskappye en word in die volgende doelwitte onderverdeel:

- 'n vergelyking van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die grootte van die maatskappye gemeet aan die batewaarde daarvan vir die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, met die winsgewendheid van hierdie maatskappye;
- 'n vergelyking van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die grootte van die maatskappye gemeet aan die batewaarde daarvan vir die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, met die uitsluiting van die jaareffek, met die winsgewendheid van hierdie maatskappye; en
- daardie maatskappye wat uniek gereageer het met betrekking tot die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was gevaar het, uit te ken. Dit word gedoen om vas te stel of daar 'n verband tussen die winsgewendheid van die bepaalde maatskappy, grootte van maatskappy en die verslagdoening oor die werknemers van dieselfde maatskappy bestaan.

Die gevolgtrekkings waartoe gekom word, is soos volg:

- uit die toekenning van die beoordelingskaal in hoofstuk 4, blyk dit dat verslagdoening oor die werknemers van maatskappye nie noodwendig 'n toename toon nie. Dit kan aan die volgende faktore toegeskryf word:

- die ontleding van die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye wat gedurende die jare 2000 tot 2003 op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer was, is nie objektief ontleed nie;
 - die ontleding van die finansiële jaarverslae soos hierbo benoem, is nie deur dieselfde persoon gedoen nie, wat daartoe lei dat die ontleding van die vrae in die vraelys jaarliks anders vertolk kon word; en
 - die maatskappye wat telkens onder die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) vir daardie jaar genoteer is, het verskil. 'n Maatskappy kon in een jaar onder die top 100 maatskappye gereken word en in die daaropvolgende jaar nie die mylpaal haal nie. Die maatskappye is volgens die grootte van hul batewaarde beoordeel.
- die bepaling van die kwaliteit van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye het nie noodwendig met verloop van tyd 'n verbetering getoon nie. Dit kan aan die volgende faktore toegeskryf word:
 - die verslagdoeningsindeks wat bereken is deur die meetinstrument op die waardes wat uit die vraelys wat in punt (a) ondersoek is toe te pas, mag verskil as gevolg van die beskikbaarheid van die roudata waarop daar gewerk is;
 - die meetinstrument wat ontwikkel en in die berekening van die verslagdoeningsindeks toegepas is, kan tekortkominge toon;
 - daar mag 'n behoefte wees om die vraelys wat gebruik is verder te verfyn en aanpassings te maak; en
 - die behoefte mag bestaan om die meetinstrument wat aangewend word om die verslagdoeningsindeks te bereken, verder te verfyn en aan te pas.
 - 'n vergelyking van die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van maatskappye en die grootte van maatskappye met die winsgewendheid daarvan het die volgende resultate getoon:

- daar bestaan 'n beduidende verband tussen die grootte van die maatskappye, gemeet aan die batewaarde daarvan en die winsgewendheid van die maatskappye; en
 - die rol van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye is beduidend op die bepaling van die winsgewendheid van maatskappye.
- dat die maatskappye oor die algemeen nie anders van jaar tot jaar optree nie en dat die verband tussen die winsgewendheid, die grootte van maatskappye en verslagdoening oor die werknemers van maatskappye in die algemeen dieselfde oor jare is. Dit het daartoe gelei dat die effek van jare buite rekening gelaat is; en
 - dat sommige maatskappye uniek met betrekking tot die kwantitatiewe en kwalitatiewe verslagdoening oor die werknemers van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs (SA) genoteer is, gevaar het.

7.4 AANBEVELINGS

Verslagdoening oor die werknemers van maatskappye toon wel 'n toename. Die omvang van die ondersoek is egter beperk tot die ontleding van die inligting in die finansiële jaarverslae van die top 100 maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs vir die bepaalde jare genoteer was. Die ondersoek kan uitgebrei word deur ook verslagdoening in ander verslae te ontleed en die resultate daarvan met die winsgewendheid van maatskappye te vergelyk.

Die ondersoek kan verder uitgebrei word deur die meetinstrument wat gebruik word om die kwaliteit van verslagdoening te meet, te verfyn. Terselfdertyd kan die vraelys wat gebruik is om die kwantiteit van verslagdoening oor die werknemers van maatskappye vas te stel, aangepas en verfyn word.

BRONNELYS

Verhandelings/Proefskrifte

1. Booyesen, S.F. 1993. *'n Raamwerk vir finansiële verslagdoening aan werknemers in die Republiek van Suid-Afrika*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
2. Du Rand, M.S. 2000. *Finansiering van plaaslike owerhede*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
3. Erasmus, J.C. 1998. *Werknemers- en omgewingsverantwoording deur Suid-Afrikaanse genoteerde maatskappye*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
4. Konar, D. 1989. *An empirical investigation of the informational content of corporate social responsibility disclosure in S.A.* Pretoria: University of South Africa.

Boeke

1. Belkaoui, A.R. 1992. *Accounting theory*. London: Academic Press Limited.
2. Berry, P.R., De Klerk, E.S., Doussy, F., Du Plooy, S.M., Jansen van Rensburg, J.S., Ngcobo, R.N., Rehwinkel, A., Scheepers, D., Swanevelder, J.J. & Viljoen, M.J. 2005. *About financial accounting*. Volume 1. Durban: LexisNexis Butterworths.
3. Choi, F.D.S. & Mueller, G.G. 1992. *International accounting*. Prentice Hall International. Second addition.
4. Dobbins, R. & Pettman, B.O. 1994. *Disclosing financial information to employees*. Yorkshire: MCB Publications.
5. Estes, R.W. 1996. *Corporate social accounting*. United States of America: John Wiley & Sons Inc.
6. Freud, R.J. & Littell, R.C. 1991. *SAS System for regression*. SAS Institute Inc, SAS Publishing. Second edition. NC. USA.
7. Glautier, M.W.E. & Underdown, B. 1997. *Accounting theory and practice*. London: Pitman Publishing.

8. Gray, R., Owen, D.L. & Adams, C. 1996. *Accounting and accountability, changes and challenges in corporate social and environmental reporting*. Prentice-Hall.
9. Gray, R.H. 1995. *Social and environmental accounting*. Royal Melbourne Institute of Technology. Department of Accounting. Working paper.
10. Gray, S.J., Owen, D.L. & Maunders, K.T. 1987. *Corporate social reporting: accounting and accountability*. Prentice -Hall.
11. Hendriksen, E.S. 1991. *Accounting theory*. Homewood: Irwin.
12. Hendriksen, E.S. & Van Breda, M.F. 1992. *Accounting theory*. Homewood: Irwin.
13. Kam, V. 1990. *Accounting theory*. 2nd edition. New York: John Wiley & Sons.
14. Leedy, P.D. 1997. *Practical research: planning and design*. 6th edition. Upper Saddle River, N.J: Prentice Hall.
15. Lee, T.A. 1982. *Company financial reporting*. London: Thomas Nelson and Sons.

16. Mathews, M.R. & Perera, M.H.B. 1991. *Accounting theory and development*. London: Chapman & Hall.
17. Matthews, M.R. 1993. *Socially responsible accounting*. London: Chapman & Hall.
18. Most, K.S. 1993. *The future of the accounting profession*. Westport: Quorum Books.
19. SAS Institute Inc. 1999. *SAS/STAT user's guide*. Version 8. SAS Publishing, Cary: New York.
20. Schumann, D.E.W., Bouwer, B. & Schoeman, H.S. 1974. *Elementêre statistiek: beskrywende metodes*. Johannesburg: McGraw Hill.
21. Steyn, A.G.W., Smit, C.F. & Du Toit, S.H.C. 1984. *Moderne Statistiek vir die praktyk*. Pretoria: JL van Schaik.
22. Steyn, B.L., Warren, B.O. & Jonker, W.D. 2004. *Fundamentele Aspekte van Finansiële Bestuur*. Pretoria: Renall uitgewers.
23. Steyn, J.O. & Vorster, Q. 1995. *Employee reporting in the Republic of South Africa* - Second edition. University of Pretoria.

24. Visser, d T. 1995. *Corporate accountability on human resources*. Harrismith: Pierd Resources.
25. Vorster, Q; Koen, M; Koornhof, C; Oberholster, J & Koppeschaar, Z. 2003. *Beskrywende rekeningkunde*. Durban: LexisNexis Butterworths.

Artikels

1. Alexander, M.O. 1971. Investment in people. *Canadian Chartered Accountant*, July: 38-45.
2. Beukes, D. 1989. Information pays. *IPM Journal*, July: 27-30.
3. Blumberg, R. 1996. An employee perspective on disclosure of information. *Accountancy SA*, September: 5-10.
4. Cahan, S.F. & Malone, D. 1995. An empirical examination of the relationship between corporate social responsiveness and extent of disclosure. *Business and professional ethics journal*, Vol 14, No 2: 23-46.

5. Center for International Education and Research in Accounting. 1979. The status of social reporting in selected countries. *Contemporary issues in International Accounting – Occasional paper 1*. Illinois: Board of Trustees of the University of Illinois, 1-143.
6. Cochran, P.L. & Wood, R.A. 1984. Corporate social responsibility and financial performance. *Academy of Management Journal*, Vol 27, No 1: 42-56.
7. Cooper, D. & Essex, S. 1977. Accounting information and employee decision-making. *Accounting, Organisations and Society*, Vol 2, No 3: 201-217.
8. Craig, R. & Hussey, R. 1981. Employee reports - what employees want. *The Chartered Accountant in Australia*, May: 29-31, 33-34.
9. Deegan, C. & Rankin, M. 1996. Do Australian companies report environmental news objectively? *Accounting, Auditing & Accountability Journal*, Vol 9: 50-67.
